PRYS 1/6

ALMANAK

van die

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1951

Uitgegee vanweë die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk

45ste JAARGANG

N.H.W.Pers 1000

Die

Universiteit van die Witwatersrand

is die enigste Universiteit in Suid-Afrika wat Graadkursusse aanbied in:—

MYNWESE (Goud en Steenkool)
METALLURGIE (Metaalkunde)
MYN-GEOLOGIE
TANDHEELKUNDE

★

Graadkursusse word ook aangebied in die volgende Fakulteite:—

LETTERE
NATUURWETENSKAPPE
MEDISYNE
INGENIEURSWESE
HANDEL
REGSGELEERDHEID
BOUKUNDE

asook verskeie Diplomakursusse.

★

Voorlopige aansoek om toelating tot die Universiteit moet gedoen word voor 15 Desember. Die nodige aansoekvorm is verkrygbaar van die Registrateur.

★

VIR INLIGTING SKRYF AAN:

DIE REGISTRATEUR,

MILNER PARK, JOHANNESBURG.

ALMANAK

VAN DIE

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1951

REDAKSIE:
Prof. Dr. S. P. ENGELBRECHT,
Hoof-Redakteur.

Ds. J. J. PRINSLOO, G.-sn.
Prof. Dr. A. VAN SELMS

en

Mnr. J. H. H. JANSON,
Redakteur van Statistieke.

45ste JAARGANG

Die tye van sonop- en ondergang wat in die Almanak aangegee word is op die Standaard-Meridiaan (30 grade) en breedtegraad -26 grade. Dit is bereken vir 26 grade Suid, wat ooreenkom met 'n lyn wat d e u r Lourenco Marques en halfpad tussen Pretoria en Johannesburg loop. Die standaard-meridiaan (30 grade) loop naasteby deur Ermelo. Vier minute moet toegevoeg word vir elke graad wat 'n plek ten weste van 30 grade geleë is, en 4 minute afgetrek word vir elke graad wat dit ten ooste van 30 grade lê.

KERKLIKE EN ANDER GEDENKDAE IN 1951.

Nuwejaarsdag	Maandag, 1 Januarie
Eerste Lydensweek	Sondag, 4 Februarie
Tweede Lydensweek	Sondag, 11 Februarie
Derde Lydensweek	Sondag, 18 Februarie
Vierde Lydensweek	Sondag, 25 Februarie
Vyfde Lydensweek	Sondag, 4 Maart
Sesde Lydensweek	Sondag, 11 Maart
Sewende Lydensweek	Sondag, 18 Maart
Goeie Vrydag	Vrydag, 23 Maart
Paasdag	Sondag, 25 Maart
Tweede Paasdag	Maandag, 26 Maart
Biddag vir die Oes	Sondag, 8 April
Hemelvaartsdag	Donderdag, 3 Mei
Ryksdag	Donderdag, 24 Mei
Pinksterdag	Sondag, 13 Mei
Uniedag	Donderdag, 31 Mei
Drieëenheidssondag	Sondag, 20 Mei
Koningsverjaardag	Maandag, 9 Julie
Boomplantdag	Maandag, 1 Oktober
Krugerdag	Woensdag, 10 Oktober
Dankdag vir die Oes	Sondag, 14 Oktober
Hervormingsdag	Woensdag, 31 Oktober
Eerste Adventsweek	Sondag, 2 Desember
Tweede Adventsweek	Sondag, 9 Desember
Dingaansdag	Sondag, 16 en 17 Des.
Derde Adventsweek	Sondag, 16 Desember
Vierde Adventsweek	Sondag, 23 Desember
Eerste Kersdag	Dinsdag, 25 Desember
Tweede Kersdag	Woensdag, 26 Des.
Oujaarsdag	Maandag, 31 Desember

VERDUISTERINGS 1951

(1) Ringvormige Sonsverduistering.
7 Maart: nie sigbaar vanaf die Unie.

(2) Ringvormige Sonsverduistering.
1 September: sigbaar vanaf die Unie kort voor sononder.

JAARGETYE

Najaar 21 Maart.
Winter 22 Junie.
Lente 23 September.
Somer 22 Desember.

TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .

Pappie het nooit weer gekom nie!

Oudergewoonte het hulle weer daardie aand vir Pappie ingewag . . maar tevergeefs. 'n Wrede ongeluk, en hulle was alleen agtergelaat—die weduwee en haar vaderlose kindertjies.

In sy sorgsaamheid het Pappie egter aan juis so 'n moontlikheid gedink toe hy by Sanlam 'n *Weduweespensioenpolis* uitgeneem het. Nou sou hulle in elk geval geen *geldelike* gebrek ly nie . . .

Daar was uitkoms by Sanlam!

● **En U? Sou U ook nog kan sorg, al sou u self nie meer daar wees nie? Skryf vandag nog, met vermelding van u ouderdom volgende verjaarsdag, aan Sanlam, Afdeling 35, Posbus 660, Kaapstad, en vra hoedat u gehelp kan word om u gesin te beskerm.**

SANLAM

Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Beperk.

Hoofkantoor: Waalstraat 28, Kaapstad. *Takke en Agentskappe Oral.* S3

INHOUD. Bls.

Fees- en Vakansiedae 3
Voorberig 7
Historiese Kalender 9
Rede Uitgespreek ter Herdenking van 25-jarige Ampsbediening —— Ds. Joh. Dreyer 33
Ds. W. H. Grey — Ds. J. J. Prinsloo, G.-sn. 37
Die Kortbegrip en die Katkisasie — Prof. Dr. A. van Selms 40
Paul Johannes de Vos en Eggenote — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 52
Die Evangelisasie van die Naturel — Ds. W. J. Kemp 53
David Jacobus Smith en Eggenote — Ds. P. J. J. Venter 58
Die Kerk en Evangelisasie — Ds. P. G. Geertsema 61
Anthonie Christoffel Meyer — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 64
Feesrede—Ingebruikneming, Kerkorrel, Rustenburg — Ds. T. F. J. Dreyer 65
Rutger Cornelis van Broekhuizen — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 71
George Frederick Theodore Pistorius — Ds. P. A. R. C. van Wyk 72
Die werk tussen die Buitekerklikes in Holland — Ds. P. S. Dreyer 74
Gerhardus Jacobus Engelbrecht en Eggenote 79
Die Vyfde Gebod — Ds. S. E. Young 83
President S. J. P. Kruger op Buffelspoort 1895 — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 89
Die Christusverkondiging in die Protestantse Kerk — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 90
Francois Alwyn Smit en Eggenote — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 102
Predikante-Nood — Ds. J. J. Prinsloo, G.-sn. 107
Oorlog in Zuid Afrika 111
Johannes Hendrik Snyman — Ds. S. E. Young 124
Nuwe Kerk van Standerton — Prof. Dr. S. P. Engelbrecht 126
Die Ned. Herv. Kerk van Afrika 129
Kaapse Predikante voor 1814 131
Vroeëre Predikante sedert 1853 133
Diensdoende Predikante op 31/10/'50 134
Teologiese Fakulteit, Pretoria, Afd. A. 137
Ringe en Gemeentes 138
Ned. Herv. Sustersvereniging 206
Inhoudsopgawe — Gemeentelike Statistiek 205
Kalender 1952 214

ROOS?
gebruik
„MERVANDER ROOS SALF"
Vir Alle HUID en VEL KWALE 3/6 en 6/6 Posvry

SENUWEES?
„SENUMERWE"
Die Beroemde Senuwee Versterker 5/6 en 10/6 Posvry
VERGEET OOK NIE

BABA SUUR POEIERS	**1/6 en 2/6**
RUMATIMERWE	**8/6 en 15/6**
HOOFPYN POEIERS	**1/6 en 2/6**
en AMBEIE MIDDELS	**3/6 en 5/-**

Almal opgemaak volgens die Reseppe van wyle
DR. W. J. VAN DER MERWE
Al die Medisyne is verkrybaar van

E. J. ADCOCK, BPK.
APTEKERS
Posbus 198 **KRUGERSDORP**
Skryf aan ons vir al u benodighede

REISPLAN duisend

Laat die S.A.S.-toeristeburo al die reëlings vir u tref. Dan is daar maar een kantoor om te besoek en een betaling om te maak. Dit is verreweg die beste manier om reisgenot te verseker—en dit is tog so eenvoudig. Die Toeristeburo sal u kaartjies vir land-, see- of lugreise uitreik, u plekbesprekings doen, en hotelakkommodasie, maaltye en beddegoed onderweg vir u reël. Indien u met die Springbokdiens reis, en u plek by die Toeristeburo bespreek, sal u hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk ook vir u gereël word. Al wat u dan te doen staan, is om u reis te geniet!

Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester

S·A·S TOERISTEBURO

Luister na Carmen Cavallaro oor Springbok-radio; elke Dinsdag-, Donderdag- en Saterdagaand om 7-uur

VOORBERIG.

In die vorige jaargang van die Almanak was ons so gelukkig om 'n artikel te kon opneem van ds. H. C. Touw oor „Die Vernuwing van die Hervormde Kerk in Nederland." Hierdie artikel oor ons ou Moederkerk is oorspronklik in Nederlands geskryf, maar is op versoek van die redaksie deur proponent A. D. Pont in Afrikaans oorgesit, en waar ons versuim het om proponent Pont verlede jaar hiervoor te bedank, wil ons dit nou doen. Ons is hom erkentlik.

By die jaarwisseling kom die Almanak as die boodskapper in ieder huisgesin. Die Here seën die werk wat ook hiermee gedoen word. 'n Hartelike groet en 'n seënbede vir al die lesers.

S. P. ENGELBRECHT.

November 1950.

JANUARIE, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier: 1ste, 7.11 vm. Nuwe Maan: 7de, 10.10 nm. Eerste Kwartier: 15de, 2.23 vm. Volle Maan: 23ste, 6.47 vm. Laaste Kwartier: 30ste, 5.13 nm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
M	1	Verskyning van die Almanak, 1907.	5 18	7 03
D	2	Oorgawe van Jameson, 1896.	5 19	7 03
W	3	Ds. P. J. L. Bierman op Gwelo geordeen, 1937.	5 19	7 03
D	4	Kommando teen Dingaan, 1940.	5 20	7 03
V	5		5 21	7 04
S	6	Inswering van Pres. M. W. Pretorius, 1857. Die Vierkleur te Potchefstroom gehys, 1857.	5 22	7 04
S	7	Ds. L. E. Brandt te Niezijl geordeen, 1901. Ds. H. W. Grey te Newlands geordeen, 1939.	5 23	7 04
M	8	Dr. J. J. Strydom te Zwartruggens geordeen, 1932. Ds. J. G. M. Dreyer te Potchefstroom bevestig, 1938.	5 23	7 04
D	9	Ds. D. P. Ackerman te Wakkerstroom bevestig, 1875. Ds. P. v. Drimmelen te Pietersburg bevestig, 1915. Ds. S. Vermooten te Pretoria bevestig, 1926.	5 24	7 04
W	10	Stigting van die Gereformeerde Kerk, 1859.	5 25	7 04
D	11	Ds. A. J. Barger te Bovensmilde geordeen, 1914.	5 26	7 04
V	12	Ds. J. J. Kuhn te Zwartruggens bevestig, 1916.	5 26	7 04
S	13		5 19	6 58
S	14	Die Kerk van Wolmaransstad ingewy, 1911.	5 28	7 04
M	15		5 28	7 04
D	16		5 29	7 04
W	17	Sandrivier Konvensie, 1852. Ds. P. J. J. Venter te Klerksdorp bevestig, 1930.	5 30	7 04
D	18	Ds. J. J. Engelbrecht te Zwartruggens bevestig, 1941. Eerste Gekomb. Kerkverg. aan die Kaap gehou, 1746.	5 30	7 04
V	19	Die Kaap 'n Engelse Kolonie, 1815.	5 31	7 03
S	20	Generaal P. J. Joubert gebore, 1831.	5 25	6 57
S	21	Die Gemeente Rustenburg gestig, 1850. Dr. H. C. M. Fourie te Erasmus geordeen, 1911.	5 33	7 03
M	22	Dr. C. H. Rautenbach te Erasmus geordeen, 1927. Ds. A. Brandt te Rensburgrust bevestig, 1938.	5 33	7 03
D	23	Slag by Spioenkop, 1900.	5 34	7 03
W	24	Ds. J. J. Prinsloo te Krugersdorp bevestig, 1920.	5 35	7 03
D	25		5 35	7 03
V	26		5 36	7 02
S	27	Ds. A. J. Begemann te Pretoria bevestig, 1861.	5 37	7 02
S	28	Slag van Laingsnek, 1881.	5 38	7 02
M	29	Ds. A. J. Barger te Oos-Londen bevestig, 1938.	5 38	7 02
D	30	Die Holl. taal in die Kaapse Geregshowe belet, 1824.	5 39	7 01
W	31		5 40	7 01

15 jaar van Vooruitgang . . .

In die 15 jaar van sy bestaan het VOLKSKAS buitengewone en opspraakwekkende vooruitgang aangeteken en inderdaad uitgegroei tot die Suid-Afrikaanse handelsbank van nasionale omvang. Ondermeer het VOLKSKAS

★ 'n Gestorte kapitaal van meer as £1,470,000 opgebou;

★ Meer as 75 takke in die Unie en Suidwes-Afrika geopen;

★ Volledige verteenwoordiging deur agente en korrespondente in alle oorsese gebiede van belang;

★ Meer as 1,100 bekwame, entoesiastiese amptenare in sy diens;

★ Bates wat reeds die £19,000,000 merk oorskry.

ARBEIDSAAMHEID

VOLKSKAS

BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

Hoofkantoor: SENTRAALSTRAAT, PRETORIA

Londen Agente: LLOYDS BANK LIMITED

New York Agente: CHEMICAL BANK & TRUST CO.

FEBRUARIE, 28 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERINGS.	Sons	
Week.	Maand.	Nuwe Maan: 6de, 9.54 vm. Eerste Kwartier: 13de, 10.55 nm. Volle Maan: 21ste, 11.12 nm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
D	1	Die Kerk van Eendracht ingewy, 1919.	5 41	7 00
V	2	Ds. D. J. v. Staden te Newlands georden, 1936.	5 42	7 00
S	3	Generaal C. de Wet oorlede, 1922. Ds. D. J. v. Staden te Randpoort bevestig, 1940. Ds. A. Lagerwey te Heidelberg bevestig, 1895.	5 43	6 59
S	4	Retief-Dingaan-traktaat onderteken, 1838.	5 44	6 58
M	5	Dr. H. P. Wolmarans te Pietersburg bevestig, 1927. Die Kerk van Heilbron ingewy, 1916.	5 44	6 58
D	6	Ds. J. J. Kuhn oorlede, 1937.	5 45	6 57
W	7		5 46	6 57
D	8	Ds. C. H. v. H. Steenekamp te Zeerust bevestig, 1936.	5 47	6 56
V	9	Ds. F. J. Z. Booysen te Wolmaransstad bevestig, 1935.	5 47	6 55
S	10	Generaal de Wet trek Kaapkolonie binne, 1901.	5 48	6 55
S	11	Ds. M. J. Goddefroy te Lage-Zwaluwe georden, 1877.	5 49	6 54
M	12	Ds. C. W. du Toit oorlede, 1932.	5 49	6 53
D	13	Grondwet van die S.A. Republiek aangeneem, 1858.	5 50	6 52
W	14	Stigting van die Republiek Natal, 1840. Ds. G. J. Roos te Pietersburg georden, 1942; bevestig te Duiwelskloof, 1943.	5 51	6 52
D	15		5 52	6 51
V	16	Ds. L. E. Brandt te Johannesburg bevestig, 1908.	5 52	6 50
S	17	Voortrekkerslaer by Moordspruit uitgemoor, 1838.	5 53	6 49
S	18	Martin Luther oorlede, 1546.	5 54	6 48
M	19	Bevestig Ds. C. J. S. van Niekerk, Primrose, 1949	5 54	6 48
D	20	Die Gemeente Ventersdorp gestig, 1892.	5 55	6 47
W	21	Holland herneem besit van die Kaap, 1803.	5 56	6 46
D	22	Die eerste Kerk van Pretoria ingewy, 1857. Ds. P. Smit te Losberg georden, 1930.	5 56	6 45
V	23	Die Vierkleur te Pretoria gehys, 1857. Eerste Kerkraad Herv. Gem. Potchefstroom benoem, 1842.	5 57	6 45
S	24	Die Kerk van Potchefstroom ingewy, 1866.	5 58	6 44
S	25	Ds. Jac. v. Belkum te Varik georden, 1877. Die Kerk van Pretoria ingewy, 1905.	5 59	6 43
M	26		5 59	6 42
D	27	Amajuba 1881. Die Gem. Johannesburg gestig, 1895. Ds. W. J. Kemp te Louis Trichardt georden, 1932.	5 52	6 33
W	28	Ds. P. W. v. Drimmelen in Humpata oorlede, 1919.	6 00	6 41

NEUSKATAR en SINUSKWAAL

. . . SNUIF HULLE WEG . . .

DIE sinusse is holtes in die gesig en kop. Verskeie van hierdie holtes is regstreeks met die neus in verbinding. Neuskatar is al swaar genoeg, maar wanneer 'n sinus verstop en besmet met kieme raak, word dinge ernstig.

Frontale sinusaandoening veroorsaak hewige hoofpyn. Die sinus (holte) kan geledig word deur 'n kop-operasie bokant die oog en agter die winkbroue, maar dit is 'n ernstige saak.



Dis altyd die beste om Sinusaandoening te verhoed en Neuskatar te genees deur Vry-asem-Snuif te gebruik. Hierdie snuif hou die neuspypies oop. Dis belangrik om nooit olierige neusdruppels te gebruik nie.

VRY-ASEM-SNUIF is verkrygbaar in 3 groottes teen 2/-, 2/9, en 3/6 by alle apteke rs of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

SINUSSE VAN DIE HOOF

(1) Mastoidalis—agter die oor.

(2) Frontalis—agter die winkbroue.

(3) Ethnoidalis—hoek van oog en neus.

(4) Antrum—tussen neus en kiesbeen.

VERGROTINGS IN LEWENSKLEUR

PRAGTIG GEDOEN — BILLIKE PRYSE

POSBESTELLINGS GOED OPGEPAS.

★

Stuur u Negatief

W. E. CAREY

Apteker — Brilmaker — Afnemer.

Monumentstraat 22, KRUGERSDORP, Transvaal.

MAART, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Laaste Kwartier: 1ste, 12.59 vm. Nuwe Maan: 7de, 10.50 nm. Eerste Kwartier: 15de, 7.40 nm. Volle Maan: 23ste, 12.50 nm. Laaste Kwartier: 30ste, 7.35 vm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1	Ds. J. J. Prinsloo, Gz., te Johannesburg geordeen, 1930.	6 01	6 39
V	2		6 02	6 39
S	3		6 03	6 37
S	4	Inswering van President Steyn, 1896.	6 03	6 36
M	5	Hoeksteen van die Kerk van Ermelo gelê, 1910.	6 04	6 35
D	6	Die Gemeente Oos-Londen gestig, 1937.	6 05	6 34
W	7	Ds. P. W. van Drimmelen te Zeerust geordeen, 1907.	6 05	6 33
D	8		6 06	6 32
V	9	Slagtersnek, 1816.	6 06	6 31
S	10	Ds. P. W. Venter te Durban bevestig, 1935.	6 07	6 30
S	11	Lydenburg skei af, 1857.	6 07	6 29
M	12	Oudl. A. H. Klazinga van Lichtenburg oorlede, 1920.	6 08	6 29
D	13	Ds. J. J. Engelbrecht te Louis Trichardt geordeen, 1937.	6 08	6 28
W	14		6 09	6 27
D	15		6 09	6 26
V	16		6 09	6 25
S	17		6 10	6 24
S	18	Sandrivier Konvensie te Rustenburg bekragtig, 1852.	6 10	6 23
M	19		6 11	6 22
D	20	Ouderl. A. Rocher van Ventersdorp oorlede, 1912. Die Gemeente Bloemfontein-Noord gestig, 1937.	6 11	6 20
W	21	Ds. A. J. G. Oosthuizen te Germiston geordeen, 1924.	6 12	6 19
D	22	Ds. H. J. Geyser te Roodepoort geordeen, 1940.	6 12	6 18
V	23	Afkondiging van die vrede te Pretoria, 1881.	6 13	6 17
S	24		6 13	6 16
S	25	Ds. A. Brandt te Johannesburg geordeen, 1936. Die Kerk te Potgietersrust ingewy, 1924.	6 14	6 15
M	26	Ds. M. J. Goddefroy te Middelburg bevestig, 1905. Eerste Kerkviering Herv. Gem. Potchefstroom, 1942.	6 14	6 14
D	27	Generaal P. J. Joubert oorlede, 1900. Ds. W. M. Wolmarans te Dullstroom geordeen, 1937.	6 14	6 12
W	28	Die Kerk van Ventersdorp ingewy, 1913.	6 15	6 10
D	29	Ds. Jac. P. van den Berg te Nylstroom bevestig, 1930.	6 15	6 10
V	30	Hoeksteen van Kerk te Johannesburg gelê, 1935.	6 16	6 09
S	31	Ds. J. D. Storm op Zwartruggens geordeen, 1934.	6 16	5 08

VRUGTEBOME

Alle soorte in volmaakte toestand. Elke boom deur deskundiges verpak. Appels, Pere, Pruime, Kaalperskes, Appelkose, Perskes, Suurlemoene, Lemoene, Olywe, Okkerneute, Wingerdstokke, Vye, Kwepers, ens. Meer as 50 jaar ondervinding agter elke boom.

Stuur vandag u naam en adres om gratis katalogus en pryslys.

PICKSTONE

SIMONDIUM **KAAP**

SLEGTE MANGELS EN KEELSEER

Die Behandeling Met Buccalene

DIE MANGELS is reinigers van die liggaam en dis begryplik dat as hulle self vergiftig is, die hele gestel daaronder moet ly. Deesdae is mense te geneig om die Mangels te laat uithaal waar die Mangels erg aan sweer is, maar dis altyd wenslik om Buccalene eers te gebruik.

BUCCALENE wat spesiaal ontwerp is en toeberei word vir Vergrote Mangels, skerp Mangelontsteking, Keelseer, Verslapte Keelspiere, Keelvergiftiging ens., is 'n ideale middel. Buccalene is saamtrekkend, antisepties en veranderend tot die bloedswerking en gestel. Dit laat die geswelde Mangels sak, dood die kieme en dring deur tot die wortel van die kwaad. Daar moet eers mee gegorrel word en dan word so 'n gegorrelde mondvol medisyne ingesluk. In die geval van babatjies en klein kindertjies moet die mangeltjies met Buccalene geverf word.

BUCCALENE kos 5/6 per bottel by aptekers of regstreeks posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

APRIL, 30 DAE.

Dag van die		MAANSVERANDERINGS.	Sons	
Maand.	Week.	Nuwe Maan: 6de, 12.52 nm. Eerste Kwartier: 14de, 2.55 nm. Volle Maan: 21ste, 11.30 nm. Laaste Kwartier: 28ste, 2.17 nm.	opg.	ond.
			vm.	nm.
S	1	Stigting Teologiese Fakulteit te Pretoria, 1917. Dr. J. H. Greyvenstein Hoogl. te Pretoria, 1917. Dr. S. P. Engelbrecht Hoogl. te Pretoria, 1921.	6 17	6 07
M	2	Ds. W. P. J. Poën te Potchefstroom, bevestig, 1926. Ds. D. J. van Staden te Delarey bevestig, 1938. Ds. W. van Bergen te Volksrust geordeen, 1939.	6 17	5 06
D	3		6 18	6 05
W	4		6 18	6 04
D	5		6 18	6 03
V	6	Aank. van Riebeeck in Tafelbaai 1652; Gemeente Chrissiesmeer gest., 1892.	6 19	6 02
S	7	Die Kerk van Nylstroom ingewy, 1922.	6 19	6 01
S	8	Ds. L. E. Brandt te Pietersburg bevestig, 1904.	6 20	6 00
M	9	Ds. P. W. A. Bierman te Makwassie geordeen, 1938. Ds. C. H. Muller te Pietersburg geordeen, 1938. Ds. P. J. Booysen te Zwartruggens geordeen, 1938.	6 20	5 59
D	10	Ds. J. J. Prinsloo te Standerton bevestig, 1919.	6 21	5 58
W	11	Die Kerk van Bronkhorstpruit ingewy, 1913.	6 21	5 57
D	12	Die eerste Anneksasie van Transvaal, 1877.	6 22	5 56
V	13	Oud. M. J. Prinsloo van Witfontein oorlede, 1892.	6 22	5 55
S	14	Ds. P. W. Venter te Volksrust geordeen, 1929.	6 23	5 54
S	15	Hoeksteen van die ou Kerk van Ventersdorp gelê, 1893.	6 23	5 53
M	16	Ds. A. J. Nolte te Middelburg geordeen, 1938. Ds. J. D. Storm te Wolmaransstad bevestig, 1938.	6 24	5 53
D	17	Ds. M. J. Goddefroy emeritus, 1917.	6 24	5 52
W	18	Die eerste Kerk van Potchefstroom ingewy, 1851.	6 25	5 51
D	19	Ds. T. F. J. Dreyer te Standerton geordeen, 1924. Ds. J. P. Labuschagne te Witpoort geordeen 1940.	6 25	5 50
V	20	Hoekst. van die Kerk op Chrissiesmeer gelê, 1892. Ds. G. W. Smits te Rustenburg bevestig, 1861.	6 26	5 49
S	21	Ds. N. J. van Warmelo oorlede, 1892. Ds. W. J. Kemp bevestig te Nylstroom, 1936. Eerste Kerk van Middelburg ingewy, 1876. Ds. S. J. Strydom te Makwassie bevestig, 1919.	6 26	5 48
S	22	Ds. J. J. Prinsloo te Rustenburg bevestig, 1922. Ds. F. J. Z. Booysen te Trichardsfntn. geordeen, '32.	6 27	5 47
M	23	Die Kerkraad Witfontein wil nie verenig nie, 1886. Ds. J. C. du Plessis op Germiston geordeen, 1937.	6 27	5 47
D	24	Oud. F. G. Wolmarans van Potchefstroom oorlede, 1872.	6 28	5 46
W	25	Protes van die Hervormers te Spiers, 1529—vandaar Protestante.	6 28	5 45
D	26	Eerste Kerk van Rustenburg ingewy, 1851. Gemeente Wolmaransstad gestig, 1892.	6 29	5 44
V	27		6 29	5 43
S	28	Ds. J. P. v. d. Berg te Makwassie bevestig, 1934.	6 30	5 42
S	29	Tweede Dorsland-trek, 1875.	6 30	5 41
M	30	Koningin Juliana van Nederland gebore, 1909.	6 31	5 40

Besoek . . .

Petra Meubels Bpk.

Telefone: 2-0194 2-0195 — **PRETORIUSSTRAAT 267 PRETORIA.** — **Posbus 1356**

vir al u

MEUBEL BENODIGHEDE

PETRA is daarvoor bekend dat sy MEUBELS van die beste GEHALTE en sy PRYSE uiters REDELIK is.

SCHALK J. BOTHA, Besturende Direkteur.

CHRIS J. JOOSTE, Verkoopsbestuurder.

SLAAPLOOSHEID

(Sonder pyn)

DAAR is twee hoof-oorsake vir Slaaploosheid (1) Pyn (2) Gewoonte Slaaploosheid veroorsaak deur die Senuwees. Daar bestaan geen beter middel vir laasgenoemde dan Somnex wat sterk aangeraai word vir Kroniese Slaaploosheid. Somnex is skadeloos en bring vaste, normale, droomlose slaap aan — dit kos 2/9 by alle aptekers.

PYN tree binne

Waar pyn die oorsaak van slaaploosheid is moet 'n middel gebruik word om die pyn stop te sit en slaap aan te bring. Mag-Aspirin is die ideale middel. Daar is natuurlik grade of trappe van pyn en Mag-Aspirin word aanbeveel in die volgende: Na-operasiepyne, senuweeagtige hoofpyn, vroulike ongesteldhede, seerkeel, rugpyn, drukkende pyn in die agterkop, liggaamspyne van griep, ens.

Mag-Aspirin kos 1/11 by alle aptekers en medisyneverkopers, of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

MEI, DAE. 31

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan: 6de, 3.35 vm. Eerste Kwartier: 14de, 7.32 vm. Volle Maan: 21ste, 7.45 vm. Laaste Kwartier: 27ste, 10.17 nm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1	Die Gemeente van Ermelo gestig, 1909.	6 31	5 40
W	2	Hollands in Kaapse Parlement toegelaat, 1882.	6 32	5 39
		Ds. G. P. J. Grobler op Potgietersrust bevestig, 1936.		
D	3	Dr. J. H. Greyvenstein te Pretoria bevestig, 1914.	6 32	5 38
		Ds. J. G. M. Dreyer te Dullstroom bevestig, 1924.		
V	4	Ds. A. R. Smit Hulpprediker te Pretoria, 1929.	6 33	5 37
S	5	Ds. A. J. Barger te Johannesburg bevestig, 1918.	6 33	5 36
		Ds. A. J. Barger oorlede, 1940.		
S	6	Dr. H. P. Wolmarans op Boksburg bevestig, 1937.	6 34	5 36
M	7	Ds. G. W. Smits in Den Haag geordeen, 1860.	6 34	5 35
		Ds. J. J. Kuhn te Krugersdorp bevestig, 1909.		
D	8	Prof. Dr. P. J. Muller te Pretoria bevestig, 1904.	6 35	5 34
		Die Gemeente Memel gestig, 1915.		
		Ds. L. M. le Roux te Turffontein bevestig, 1943.		
W	9	Stigting van die Gemeente Zoekmekaar, 1931.	6 35	5 33
		Ds. P. W. Venter bevestig te Krugersdorp, 1943.		
		Paul Kruger ingesweer as Staatspresident, 1883.		
D	10	Duitsland val Holland in, 1940.	6 36	5 33
V	11	Die Kerk van Witbank ingewy, 1929.	6 36	5 32
S	12	Eerste Avondmaalsviering aan die Kaap, 1652.	6 37	5 32
S	13		6 38	5 31
M	14		6 38	5 31
D	15	„Die Hervormer" verskyn, 1909.	6 39	5 30
		Die Gemeente Schweizer-Reneke gestig, 1925.		
W	16	Gemeente Losberg gestig, 1925.	6 39	5 30
D	17		6 40	5 29
V	18		6 40	5 29
S	19		6 41	5 28
S	20	Inwyding van die Kerk van Delmas, 1933.	6 41	5 27
M	21	Ds. G. E. Alers te Germiston bevestig, 1921.	6 42	5 27
D	22		6 42	5 26
W	23	Stigting Gemeente Bothaville, 1936.	6 43	5 26
D	24		6 43	5 25
V	25	Dr. C. H. Rautenbach te Pretoria bevestig, 1930.	6 44	5 25
S	26		6 44	5 24
S	27	Aankoms van Ds. v. d. Hoff te Potchefstroom, 1853.	6 45	5 24
		Ds. M. M. Grobler te Brakpan bevestig, 1928.		
M	28	Ds. P. S. Grobler te Krugersdorp geordeen, 1922.	6 45	5 24
		Ds. F. J. van Zyl te Johannesburg geordeen, 1939.		
		Ds. G. W. Smits oorlede, 1894.		
D	29	Dr. S. P. Engelbrecht geordeen, 1921.	6 46	5 24
		Eerste Uniale Ministerie gevorm, 1910.		
W	30	Ds. E. S. Mulder te Zwartruggens geordeen, 1930.	6 46	5 23
D	31		6 47	5 23

As u WAARDE vir u GELD
soek in 'n MOTOR, dan behoort
u keuse te val op—

1. 'n Standard „VANGUARD" teen £650, of



2. 'n NASH „STATESMAN" teen £852, of

3. 'n NASH „AMBASSADOR" teen £1,035.

Alleenverteenwoordigers in Transvaal:

HAAK SE GARAGES Bpk.

(Opgerig in 1901)

H/v. BOSMAN- en PRETORIUSSTRAAT.
Posbus 769,
PRETORIA.

SAUERSTRAAT 24 en SIMMONDSSTRAAT 19,
Posbus 6848,
JOHANNESBURG.

Om tevredenheid te kry, laat al die herstelwerk aan u motors deur HAAK verrig.

Probeer ons Motorkerkhof vir sleepwaens, room- en waterkarretjies, goeie onderdele, ens.

JUNIE, 30 DAE.

MAANSVERANDERINGS.

Nuwe Maan: 4de, 6.40 nm.
Eerste Kwartier: 12de, 8.52 nm.
Volle Maan: 19de, 2.36 nm.
Laaste Kwartier: 26ste, 8.21 vm.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.		Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
V	1	Dr. B. Gemser Hoogleraar te Pretoria, 1926.	6 47	5 23
S	2	Die Gemeente Gwelo gestig, 1923.	6 48	5 23
S	3	Oud. G. J. Engelbrecht van Standerton oorlede, 1910.	6 48	5 23
M	4		6 49	5 23
D	5	Ds. Jac. v. Belkum te Rustenburg bevestig, 1891. Uitspraak Hoog Ger. Hof in sake Trichardtsfontein, tussen Ned. Herv. en Ned. Herv. of Geref., 1893.	6 49	5 23
W	6	Gemeente Humpata gestig, 1910. Dr. H. C. M. Fourie te Johannesburg bevestig, 1924.	6 49	5 23
D	7	F. W. Reitz as Staatssekretaris ingesweer S.A. Rep., 1898.	6 50	5 23
V	8		6 50	5 23
S	9		6 51	5 23
S	10	Ds. J. Beyer te Standerton bevestig, 1899.	6 52	5 23
M	11	Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Windhoek bevestig, 1938.	6 52	5 23
D	12	Verantwoordelike Bestuur aan Kaapkolonie toegestaan, 1872.	6 52	5 23
W	13	Die Kerk van Ermelo ingewy, 1910. Gemeente Ladysmith gestig, 1943.	6 53	5 23
D	14		6 53	5 23
V	15	Ds. N. J. v. Warmelo te Potchefstroom geordend, 1864.	6 53	5 23
S	16		6 53	5 23
S	17		6 53	5 23
M	18	Ds. F. S. du Toit van Ventersdorp oorlede, 1914. Ds. P. J. J. Venter te Lichtenburg geordend, 1921.	6 53	5 23
D	19		6 54	5 23
W	20	Komdt. Salomon Prinsloo oorlede, 1892.	6 54	5 23
D	21		6 54	5 23
V	22		6 54	5 23
S	23	Tweede Volksraad ingestel, 1890. Ds. L. E. Brandt oorlede, 1939.	6 55	5 24
S	24	Oudl. J. C. Coetzee van Zeerust oorlede, 1933.	6 55	5 24
M	25	Potgieter en Trichardt in Zoutpansberg, 1836.	6 55	5 25
D	26	Gemeente Ebenhaeser gestig, 1937.	6 55	5 25
W	27	Die Gemeente van Vliegepoort gestig, 1931.	6 56	5 26
D	28	Ds. A. J. Begemann emeritus, 1872.	6 56	5 26
V	29	Eerste Kaapse Parlement geopen, 1854.	6 56	5 27
S	30		6 56	5 27

H.A.U.M.

H/A

J. H. de BUSSY

Kerkstraat 3,
KAAPSTAD.

Pretoriusstraat 153,
Maritime-gebou,
PRETORIA.

By ons firma is verkrybaar 'n groot verskeidenheid nuwe en tweedehandse werke op die gebied van

TEOLOGIE EN WYSBEGEERTE.

Spesiaal kan ons u aanbeveel;

	Posvry
U het voor die kansel gestaan. Oordenkings vir die Huweliks- en Gesinslewe. — Deur Ds. Joh. Dreyer	5/9
*	
Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika.—Deur Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	21/-
*	
Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Rustenburg, 1850—1950.—Deur Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	10/3
*	
Historiese Album van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.—Deur Prof. Dr. S. P. Engelbrecht	31/-
*	
Christuslegendes.—Deur Selma Lagerlöf. Vertaling van Mevr. Hymne Weiss	14/-
*	
Bybelse Dagboek—saamgestel deur predikante en professore van die N.H. Kerk van Afrika ,onder redaksie van Ds. J. G. M. Dreyer, Dr. B. Gemser Dr. J. H. Greyvensteyn en Dr. H. P. Wolmarans	14/3
*	
Geplukte Are.—Bybels dagboek deur Ds. J. J. Knap. In Kunsleerband	15/6

Ons spesialiseer ons op die gebied van
TEOLOGIESE STUDIEBOEKE

JULIE, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan: 4de, 9.48 vm. Eerste Kwartier: 12de, 6.56 vm. Volle Maan: 18de, 9.17 nm. Laaste Kwartier: 25ste, 8.59 nm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1	President T. V. Burgers ingesweer Z.A. Rep., 1872.	6 56	5 27
M	2		6 56	5 27
D	3	Ds. S. P. J. J. van Rensburg te Randpoort bevestig, 1942. Hoeksteen te Boksburg gelê, 1943.	6 56	5 28
W	4	Oud-Ouderl. H. C. J. v. Rensburg, Zoutpansberg, oorlede, 1909.	6 55	5 28
D	5		6 55	5 28
V	6	Joh. Huss gebore, 1373.	6 55	5 29
S	7	Die Kerk van De la Rey ingewy, 1928.	6 55	5 29
S	8	Die Gemeente Bloemhof gestig, 1916. Ds. H. P. Wolmarans te Zeerust geordeen, 1922.	6 55	5 30
M	9	Oud. S. E. Grobler van Zoutpansberg oorlede, 1903.	6 55	5 30
D	10	Calvyn gebore, 1509. Inwyding van Kerk te Zwartruggens, 1942.	6 55	5 31
W	11		6 55	5 31
D	12	Senator Ouderl. A. D. W. Wolmarans oorlede, 1928.	6 54	5 32
V	13		6 54	5 32
S	14	President Brandt, O.V.S., oorlede, 1888.	6 54	5 33
S	15	Verlating van Schoemansdal, 1867.	6 54	5 33
M	16		6 54	5 34
D	17	Oud. J. v. Graan van Ventersdorp oorlede, 1917.	6 53	5 34
W	18	Ds. N. J. v. Warmelo te Heidelberg bevestig, 1868.	6 53	5 34
D	19	Ds. L. G. F. Biccard oorlede, 1900. Ds. E. S. Mulder bevestig op Bronkhorstspruit, 1931.	6 53	5 34
V	20	Ds. L. E. Brandt te Turffontein bevestig, 1930.	6 53	5 35
S	21		6 52	5 36
S	22		6 52	5 36
M	23	Generaal Andries Pretorius oorlede, 1853.	6 52	5 37
D	24	Ds. L. G. F. Biccard te Zoutpansberg bevestig, 1875.	6 51	5 37
W	25	Afskeid van Prof. Dr. P. J. Muller van Pretoria, 1909.	6 51	5 38
D	26	Kerkorde van de Mist ingevoer, 1804.	6 51	5 38
V	27	Die Prokurasie-Kommissie gestig, 1890.	6 50	5 39
S	28		6 50	5 39
S	29	Die Gemeente Van der Hoff gestig, 1933.	6 49	5 40
M	30	Ds. N. J. v. Warmelo te Schoemansdal bevestig, 1864.	6 49	5 40
D	31		6 48	5 41

BELANGRIKE KENNISGEWING

Vir Eerwaarde

PREDIKANTE EN KERKRADE

'n Ooreenkoms wat aangegaan is met die beroemde en van die grootste Kerkpyporrelfabrieke van die wêreld—

E. F. WALCKER EN KIE.,
Orgelbauanstalt,
LUDWIGSBURG (WüRTT)
DUITSLAND.

maak dit vir ons moontlik om volgens keuse van ons geagte kliënte—

1. KERKPYPORRELS te lewer wat in ons eie fabriek in Pretoria vervaardig word in assosiasie met E. F. WALCKER (die produksie staan onder leiding van hoogs gekwalifiseerde Duitse orrel-ingenieurs en orrelbouers).
2. KERKPYPORRELS te lewer wat in sy geheel in die Walcker-fabriek te Ludwigsburg vervaardig word.

★

PYPORRELS KAN GELEWER WORD TEEN PRYSE VANAF £1,000 — INSLUITENDE INSTALLASIE.

(Daar is meer dan 80 WALCKER-PYPORRELS in gebruik in Suid-Afrika. 3,000 WALCKER-ORRELS is gelewer aan kerke in alle lande van die wêreld.)

Besoek Suid-Afrika se grootste kontrakteurs vir die lewering van Kerkpyporrels, Toringhorlosies, Luikklokke en Dowe Installasies.

★

Ons verteenwoordiger sal u graag besoek en u van alle verdere inligting voorsien.

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS

(Edms.) Bpk.

Strubenstraat 395/7, h/v. Du Toitstraat,
PRETORIA.
Telegramme: ALLWAVE.
Posbus 1289. — Fone: 2-3636/7, 2-3942.
Besoek Suid-Afrika se Eerste en Enigste KERKORREL-FABRIEK.

AUGUSTUS, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan: 3de, 12.39 vm. Eerste Kwartier: 10de, 2.22 nm. Volle Maan: 17de, 4.59 vm. Laaste Kwartier: 24ste, 12.20 nm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
W	1		6 47	5 41
D	2		6 46	5 42
V	3	Ds. Jac. v. Belkum te Heidelberg bevestig, 1903.	6 46	5 42
S	4	Oud. A. Alberts van Humpata oorlede, 1928. Ds. J. G. M. Dreyer te Ermelo bevestig, 1928. Ds. C. S. v. H. Steenekamp te Lichtenburg geordeen, 1934.	6 45	5 43
S	5	Ds. S. P. J. v. Rensburg op Eendracht geordeen, '33 Hoeksteen van Kerk te Randfontein gelê, 1939.	6 44	5 43
M	6		6 44	5 43
D	7	Hoeksteen te Benoni gelê, 1943.	6 43	5 44
W	8	Die eerste Alg. Kerkverg. van die Ned. Herv. Kerk te Rustenburg geopen, 1853. Gemeente van Vaalharts gestig, 1940.	6 42	5 44
D	9	Ds. M. J. Goddefroy oorlede, 1920.	6 42	5 45
V	10	Louis Trichardt gebore, 1783. Ds. W. P. J. Poën oorlede, 1937.	6 41	5 45
S	11		6 40	5 46
S	12		6 39	5 46
M	13	Aanval op Veglaer, 1838.	6 38	5 47
D	14	Oud. F. P. H. Alberts van Humptata oorlede, 1930.	6 37	5 47
W	15	Slag van Thaba Bosigo, 1865.	6 37	5 48
D	16	Die Gemeente van Vereeniging gestig, 1913. Ds. A. S. Geyser te Heilbron geordeen, 1941.	6 36	5 48
V	17	Die Kerk van Venterskroon ingewy, 1889.	6 35	5 48
S	18	Ds. A. Lagerwey oorlede, 1898 Ds. D. v. d. Hoff in Den Haag geordeen, 1852.	6 34	5 49
S	19		6 33	5 49
M	20	Eerste Doopbediening aan die Kaap, 1653. Gemeente Rust der Winter gestig, 1938.	6 33	5 50
D	21		6 32	5 50
W	22	Ds. Abr. Ras op Volksrust bevestig, 1936.	6 31	5 51
D	23	Ds. J. v. Arckel eerste predikant aan die Kaap, 1665.	6 30	5 51
V	24	Bloedbad van St. Bartholomeus, 1572. Ds. L. M. le Roux op Trichardtsfontein bevestig, 1935.	6 29	5 51
S	25	Aankoms van die Eerste Hugenote, 1688.	6 28	5 52
S	26	Generaal Louis Botha oorlede, 1919.	6 27	5 52
M	27	In gebruik neem van Bybel in Afrikaans, 1933.	6 27	5 52
D	28	Slag van Boomplaas, 1848.	6 26	5 52
W	29		6 25	5 53
D	30	Ds. P. A. C. van Heyningen oorlede, 1904. Ds. T. Dreyer te Heidelberg bevestig, 1941.	6 24 6 23	5 53 5 54
V	31	Die Lydenburgse Gemeente skei van die Herv. Kerk af, 1854.	6 22	5 54

Die
Potchefstroomse Universiteit
VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS.

Op die Christelike grondslag word studente opgelei vir die gewone wetenskaplike en professionele rigtings van 'n universiteit.

ONDER ANDERE: Lettere, Natuurwetenskappe, Teologie, Onderwys, Handel, Sosiale Werk, Regsgeleerdheid, Musiek.

VERDER WORD OOK AANGEBIED:

HUISHOUDKUNDE-OPLEIDING: Grade en diplomas — onderwys en ander huishoudkundige professies.

LIGGAAMLIKE OPVOEDING: Grade en diplomas — instrukteurs en instruktrises, onderwysers en onderwyseresse.

APTEKERS: Kursus in Aptekerswese — enigste Universiteit in die land wat hierdie kursus aanbied.

HIGIËNE: Graad vir gesondheidsinspekteurs — enigste Universiteit in die land wat hierdie graad aanbied.

DIE P.U. KONSERVATORIUM VIR MUSIEK.
Bied volledige opleiding vir diplomas en sertifikaateksamens in Orrel, Klavier, Sang, Viool.

Gesonde studentelewe in moderne koshuise teen redelike terme.

VRA BESONDERHEDE AAN VAN:

DIE REGISTRATEUR,
P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.

SEPTEMBER, 30 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan: 1ste, 2.49 nm. Eerste Kwartier: 8ste, 8.16 nm. Volle Maan: 15de, 2.38 nm. Laaste Kwartier: 23ste, 6.13 vm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1	Transvaal geannekseer, 1900. Gemeente Randpoort gestig, 1939.	6 20	5 55
S	2	Ds. D. v. d. Hoff gebore, 1814. Inwyding van Kerk te Randpoort, 1939.	6 19	5 55
M	3		6 18	5 56
D	4		6 17	5 56
W	5		6 16	5 57
D	6	Koningin Wilhelmina ingehuldig, 1898. Koningin Juliana ingehuldig, 1948.	6 15	5 57
V	7		6 15	5 58
S	8	Ds. N. J. v. Warmelo gebore, 1835.	6 13	5 58
S	9		6 12	5 59
M	10		6 11	5 59
D	11		6 10	6 00
W	12	Die Kerk van Vrededorp ingewy, 1908.	6 09	6 00
D	13		6 08	6 01
V	14		6 07	6 01
S	15	Eerste Uniale Volksraad verkies, 1910.	6 06	6 02
S	16		6 05	6 02
M	17	President M. W. Pretorius gebore, 1819.	6 04	6 02
D	18		6 02	6 03
W	19		6 01	6 03
D	20	Die Huweliks Ordonnansie van de Mist ingevoer, 1804.	6 00	6 04
V	21	Ds. D. J. Strydom te Gwelo bevestig, 1940.	5 59	6 04
S	22		5 58	6 05
S	23	Ds. P. W. Ennis te Klerksdorp bevestig, 1905.	5 57	6 05
M	24	Ds. P. J. J. Venter te Zeerust bevestig, 1927.	5 56	6 05
D	25		5 55	6 06
W	26		5 54	6 06
D	27	Generaal Louis Botha gebore 1862.	5 53	6 07
V	28	Die Kerk op Witpoort ingewy, 1912.	5 52	6 07
S	29		5 51	6 08
S	30	Ds. M. J. Goddefroy te Witfontein bevestig, 1887.	5 50	6 08

DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Bied Studie-geleentheid in die wydste verskeidenheid Kursusse van alle Suid-Afrikaanse Universiteite!

Om te begryp wat die werklike omvang is van die studie-geleenthede aan hierdie Universiteit, behoort elkeen wat verder wil studeer op hoogte te wees met die inhoud van:

(a) **Die ALGEMENE BROSJURE** wat volledige inligting verstrek oor die Universiteit in sy geheel.

(b) **Die BUITEMUURSE PAMFLET** wat 'n oorsig gee oor die na-uurse studie-geleenthede vir werkende persone.

Hierdie pamflette lê ter insae in die kantoor van elke hoërskool en is ook op aanvraag verkrygbaar van:

Die REGISTRATEUR,
Universiteit van Pretoria,
PRETORIA.

OKTOBER, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Nuwe Maan: 1ste, 3.57 vm. Eerste Kwartier: 8ste, 2.0 vm. Volle Maan: 15de, 2.51 vm. Laaste Kwartier: 23ste, 1.55 vm. Nuwe Maan: 30ste, 3.54 nm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
M	1	Ds. A. Ras op Dullstroom bevestig, 1932.	5 49	6 08
D	2	Slag van Vegkop, 1836.	5 48	6 09
W	3		5 36	6 09
D	4	Ds. A. J. Barger te Middelburg bevestig, 1919.	5 45	6 10
V	5	Eervol ontslag ds. P. W. Ennis, 1928.	5 44	6 10
S	6	Stigting van die gemeente Barberton, 1934.	5 43	6 11
S	7	Oud. D. P. J. v. Schalkwyk van Trichardts oorl. 1911.	5 42	6 11
M	8		5 41	6 11
D	9	Ds. D. v. d. Hoff oorlede, 1881. Ds. P. W. Venter op Brits bevestig, 1936.	5 40	6 12
W	10	President Kruger gebore, 1825. Ds. S. J. Strydom te Krugersdorp bevestig, 1914.	5 39	6 12
D	11	Die Hervormer Ulrich Zwingli gesneuwel, 1531. Hoeksteenlegging Kerk Zwartruggens, 1941.	5 38	6 13
V	12		5 37	6 13
S	13	Eerste diamant in S.A. gevind, 1867.	5 36	6 14
S	14		5 35	6 14
M	15	Hoeksteenlegging van die Kerk van Pietersburg, 1892.	5 34	6 15
D	16	Afskeidspreek van Ds. Jac. van Belkum met sy emeritaat, 1927.	5 33	6 15
W	17	Dr. S. Vermooten te Zeerust georden, 1915.	5 32	6 16
D	18	Ds. J. D. Storm te Ottosdal bevestig, 1941.	5 31	6 17
V	19	Eerste Kerk op Stellenbosch ingewy, 1687.	5 30	6 17
S	20	Die Kerk van Louis Trichardt ingewy, 1906.	5 29	6 18
S	21	Oud. F. Boshoff van Waterberg oorlede, 1918.	5 28	6 19
M	22	Die Edik van Nantes herroep, 1685.	5 28	6 19
D	23	Ds. D. F. Erasmus te Ventersdorp bevestig, 1920.	5 27	6 20
W	24	Sinode in die Kaap besluit dat Engels ook gepreek moet word in Hollandse Kerke, 1859.	5 26	6 20
D	25		5 25	6 21
V	26		5 24	6 21
S	27	Ds. L. E. Brandt te Vereeniging bevestig, 1923. Ds. P. J. J. Venter te De la Rey bevestig, 1923.	5 23	6 22
S	28	Nuwe Kerk te Witbank ingewy 1944.	5 22	6 22
M	29		5 22	6 23
D	30	Ds. J. J. Prinsloo te Trichardts bevestig, 1909.	5 21	6 23
W	31	Hervormingsdag. Samekoms Komm. N. Herv. en N. Geref. om oor kerkvereniging te handel, 1882. Ds. P. W. Ennis oorlede, 1932.	6 20	6 24

DIE VERNAAMSTE AFRIKAANSE



ORRELBOUERS

Bestaan al oor die 40 jaar

Stemmers van die orrels van Kaapstad, Johannesburg, Pretoria, Durban, Port Elizabeth en Pietermaritzburg se Stadsale.

Ons Kerkorrels is dwarsdeur die Unie beroemd vir hul pragtige toon, stewige vervaardiging en duursaamheid. Die lang lyste kontrakte wat uitgevoer is en nog uitgevoer moet word, lewer die waarborg dat die prys en kwaliteit reg is.

Ons deskundige kennis en tegniese raad is sonder enige verpligting ter beskikking van alle Kerkrade.

Ons herbou en moderniseer Pyporrels van dele gemaak in ons eie Fabriek

★

Nuwe Orrels onlangs opgerig of nou bestel vir:

Ermelo N. H. K.
Rustenburg N.H.K.
Nigel N.H.K.
Oranjeville N.G.K.
Capital Park N.G.K.
Hennenman N.G.K.
Wonderboom G.K.

ELEKTRIESE ORRELBLASERS
Stil en ekonomies.

*

KERK-„ACOUSTICON" VIR DIE DOWES
„Nou kan ek elke woord hoor."

*

KERKKLOKKE
Van suiwer koper en tin. Verskaf in alle groottes.

●

COOPER, GILL & TOMKINS

(EDMS.) BEPERK

JOHANNESBURG: Staibstraat 33, Nu-Doornfontein.
KAAPSTAD: Langmarkstraat 162.
Ook te DURBAN en PORT ELIZABETH.

NOVEMBER, 30 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier: 6de, 8.59 vm. Volle Maan: 13de, 5.52 nm. Laaste Kwartier: 21ste, 10.1 nm. Nuwe Maan: 29ste, 3.0 vm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
D	1		5 19	6 24
V	2	Eerste Alg. Kerkverg. Ned. Herv. Kerk te Kaapstad, 1824.	5 19	6 25
S	3	Hoeksteenlegging eerste Herv. Kerk op Christiana, 1876.	5 18	6 25
S	4	Ds. Jac. van Belkum oorlede, 1933.	5 18	6 26
M	5	Naam Ned. Hervormd in die Kaap verander in Ned. Gereformeerd, 1842. Aankoms van Ds. D. v. d. Hoff in Suid-Afrika, 1852.	5 17	6 26
D	6		5 16	6 27
W	7	Vasco da Gama te St. Helenabaai, 1497.	5 15	6 27
D	8		5 15	6 28
V	9		5 15	6 28
S	10	Martin Luther gebore 1483.	5 14	6 29
S	11	Afsterwe van Oudl. J. G. le Roux, Primrose, 1949	5 13	6 30
M	12	Piet Retief gebore, 1780.	5 13	6 30
D	13		5 12	6 31
W	14	Ds. W. F. H. Huyzers bevestig op Vereeniging, 1931.	5 12	6 32
D	15	Ds. A. J. Begemann oorlede, 1925.	5 11	6 33
V	16	Pretoria aangelê, 1855.	5 11	6 34
S	17		5 10	6 35
S	18	Vasco da Gama se eerste reis om die Kaap, 1497.	5 11	6 36
M	19	Hoeksteenlegging van die Kerk te Potgietersrust, 1921.	5 10	6 36
D	20	Die Kerk op Eldoret ingewy, 1921.	5 09	6 37
W	21	Ds. H. D. v. Broekhuizen Predikant van die Hervormde Kerk, 1917.	5 09	6 38
D	22	Die Gemeente Trichardts gesig, 1879.	5 09	6 39
V	23		5 09	6 40
S	24	Hoeksteenlegging van die Kerk van Laeveld, 1924.	5 08	6 41
S	25	Ds. W. P. J. Poën te Pietersburg bevestig, 1922.	5 08	6 41
M	26	Die Kerk van Memel ingewy, 1915.	5 08	6 42
D	27	Die Kerk van Bethal ingewy, 1926.	5 08	6 43
W	28	President Steyn oorlede, 1916.	5 08	6 44
D	29		5 08	6 44
V	30	Kerk te Johannesburg ingewy, 1935.	5 08	6 45

„SALAMANDER"

BRANDASSURANSIEMAATSKAPPY

★

In Suid-Afrika vanaf 1897 gevestig.

BRAND- EN WEERLIG VERSEKERING.

★

Laagste tariewe. Onmiddellike en gulle vereffening.
Agente oral.

★

Hoofkantoor vir Suid-Afrika—
22-23 Equity-gebou — Kerkplein — Pretoria
Posbus 889. Telefoon 2-6919.

HARTKWAAL

DIE HART kan bes beskryf word as 'n groot spier met vier hol kamers. Sy werk is om bloed te pomp deur die hele liggaam.

Hartkwaal beteken in werklikheid dat die Hartklappe nie behoorlik oop en toe gaan nie — gewoonlik omdat hulle verwronge geraak het as gevolg van Sinkingskoors.

DIE HARTSPIER het van tyd tot tyd 'n versterkmiddel nodig en geen veiliger tonika bestaan in enige bekende vorm dan die Dr. Allens-Watersug-Pille.

WATERSUG kan veroorsaak word deur die een of ander Nier- of Leweraandoening. In albei gevalle sal die Watersug-Pille uitstekende resultate lewer.

Gebruik die DR. ALLENS-WATERSUG-PILLE vir Hartkwaal, Swak Hart, Watersug, Algemene Verswakking, Vatbaarheid vir Verkoues, Lae en Hoë Bloeddruk.

DR. ALLENS-WATERSUGPILLE kos 5/- per bottel posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand. Ook voorradig by die meeste aptekers.

DESEMBER, 31 DAE.

Dag van die Maand.	Dag van die Week.	MAANSVERANDERINGS. Eerste Kwartier: 5de, 6.20 nm. Volle Maan: 13de, 11.30 vm. Laaste Kwartier: 21ste, 4.37 nm. Nuwe Maan: 28ste, 1.43 nm.	Sons opg.	Sons ond.
			vm.	nm.
S	1	Slawe vry verklaar in die Kaap, 1834.	5 08	6 46
S	2	Verkiesing eerste Voortrekker-Volksraad, 1836.	5 08	6 46
M	3	Engelse besetting van Port Natal, 1838.	5 08	6 47
D	4	Die Ned. Geref. Kerk in die S.A.R. gestig, 1866.	5 07	6 48
W	5		5 07	6 49
D	6	Voortrekkersgelofte, 1838.	5 08	6 50
V	7	Die Ned. Herv. of Geref. Kerk gestig, 1885.	5 07	6 50
S	8	Inwyding ver Kerkgebou, Primrose, 1947.	5 07	6 51
S	9	Pres. T. F. Burgers oorlede, 1881.	5 07	6 52
M	10	Oud. J. H. Vorster oorlede, 1942.	5 07	6 52
D	11	Slag van Magersfontein, 1899.	5 08	6 53
W	12	Ds. C. W. du Toit emeritus, 1918.	5 08	6 54
D	13	Republiek herstel op Paardekraal, 1880.	5 08	6 54
V	14		5 08	6 55
S	15	Slag van Colenso, 1899.	5 09	6 56
S	16	Slag van Bloedrivier, 1838. Hoeksteenlegging van die Kerk van Middelburg, 1896.	5 09	6 56
M	17	Eerste grondwet van die Z.A.R. op Potchefstroom geteken, 1856.	5 09	6 57
D	18	Die Kerk van Vereeniging ingewy, 1915.	5 10	6 58
W	19	Generaal A. H. Potgieter gebore, 1792.	5 10	6 58
D	20	Komdt. F. Joubert (Fransheld) behaal oorwinning by Bronkhorstspruit, 1880.	5 11	6 59
V	21	Oud-ouderling G. J. Z. Helberg van Zoutpansberg oorlede, 1926.	5 11	6 59
S	22		5 12	7 00
S	23		5 13	7 00
M	24		5 13	7 01
D	25	Kersfees.	5 15	7 01
W	26	Hoeksteenlegging van die Kerk van Potchefstroom, 1859.	5 14	7 02
D	27	Ds. G. C. Coetzee te Delarey geordeen, 1934. Ds. S. P. Viljoen te Durban geordeen, 1936.	5 15	7 02
V	28	Hoeksteen gelê van die Eerste Kerkgebou in die Kaap, 1700.	5 15	7 02
S	29	Die Kerk van Germiston ingewy, 1917.	5 16	7 03
S	30	Jameson-inval, 1895.	5 17	7 03
M	31	Die Gemeente Heidelberg gestig, 1865.	5 17	7 03

As u seun aan die

VOORTREKKER UNIVERSITEIT

PRETORIA

kom studeer, laat hom dan tuisgaan by die

Voortrekker Tehuis

(Onder beheer van die Ned. Hervormde Kerk)

BLINDEDERMONTSTEKING

Die Dr. Mullers-Blindedermmiddel.

TYDENS die afgelope kwarteeu het die Dr. Mullers-Blindedermmiddel vrywel honderde lewens gered. Dit het duisende lyers in staat gestel om die doktersmes vry te spring. Hierdie middel het dit moontlik gemaak dat blindedermlyers deesdae 'n deskundige behandeling kan ondergaan teen geringe koste.

KENTEKENS.

(1) Pyn in die regtersy.
(2) Aangepakte Tong.
(3) 'n Temperatuur (koors) tussen 100 en 102 grade.
(4) Hardwording van die Maagwande.

Die DR. MULLERS-BLINDEDERMMIDDEL is verkrygbaar by aptekers teen 5/6 per bottel of posvry van Norwood Coaker, Posbus 89, Ladybrand.

REDE UITGESPREEK TER HERDENKING VAN MY 25 JARIGE AMPSBEDIENING

Uitgespreek vanaf die Potchefstroomse kansel in 1949 en op versoek hier geplaas.

Maar Moses sê aan God:
„Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?"
Exodus 3 : 11.

Gemeente van die Here!

God die Here bestem elke mens vir sy bepaalde taak. Hy rus ook elkeen toe vir die taak wat hom wag.

Moses is bestem as leier van sy volk, en kyk, hoe het God hom toegerus vir sy roeping.

Hy word uit vroom ouers gebore, mense met durf en moed. Waar alle seuntjies, wat van Israelitiese ouers gebore word, op bevel van koning Farao om die lewe gebring word, daar het Amram en Jogebed die moed om die klein Moses te probeer red.

'n Slim plan word beraam. Onder die seënende hand van die Here slaag dit. Met die volgende toneel sien ons Moses, as die aangenome seun van die Egiptiese prinses, in die koninklike paleis waar hy as prins opgevoed word.

Hier het hy 'n pragtige geleentheid om as 'n toekomstige leier opgevoed te word. Hy is opgevoed in al die wyshede van Egipte, maar hy het geen Egiptenaar geword nie. Die liefde vir sy volk is nie uitgeblus aan die koninklike hof nie.

Dit sien ons reeds in die volgende mededeling omtrent hom in die Skrif. Hy is 'n jongman welbewus van sy eie krag en bekwaamheid en met 'n brandende liefde vir sy volk. As hy dan uitgaan om te sien hoe swaar sy mense werk en getuie is dat 'n Egiptenaar een van sy volksgenote slaan, dan kook dit in sy binneste. Hy kan hierdie verdrukking van sy volk nie uitstaan nie. Hy sal vir sy verdrukte broeder opkom. Hy sal hom verlos en hy slaan die Egiptenaar dood.

Maar as hy die volgende dag weer uitgaan en 'n rusie tussen twee Hebreeuse manne wil uitmaak, dan word hom toegevoeg: „Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel? Dink jy om my dood te slaan soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?" En die gevolg is: hy wat homself opgewerp het as owerste en regter moet vlug vir sy lewe. Farao wil hom laat doodmaak.

Met die volgende toneel sien ons hom, wat op eie houtjie sy volksgenote wou verlos, agter die skape van iemand anders. Hy het 'n skuldige gewete en 'n swaar les om te leer, die les nl. dat God iemand wat op eie krag steun nie in sy diens kan gebruik nie.

Hy moet eers klein word in eie oog voor God hom kan gebruik. In die woestyn agter die skape van iemand anders moet hy eers ootmoed leer. Hy moet daartoe gebring word om van homself af te sien en om op God te vertrou.

Om van onsself verlos te word, van ons eie ek bevry te word, is 'n sware les om te leer, vir elke mens, ook vir Moses. Hy het immers 'n groot dunk van homself gehad. Is hy dan nie soos 'n prins, soos 'n toekomstige leier opgevoed nie? Is hy dan nie ingelei in al die geheime en metodes van regering nie? Is hy dan nie die seun van 'n volk wat deur die God van Abraham, Isak en Jakob uitgekies is uit al die volke van die wêreld nie? Dis 'n sware les vir Moses om te leer om homself los te laat. Dit het hom veertig jaar geneem om die les te leer. En so goed het God hom, die haastige, trotse Moses, die les geleer in die woestyn, dat hy later in die Bybel die sagmoedigste van alle mense genoem word.

En nou dat hy eindelik die les geleer het, nou ontmoet die Here hom by die brandende braambos. Nou dat hy ootmoed geleer het, nou kan God hom gebruik vir die groot taak waarvoor hy bestem is om die leier en grondlegger van Israel se volksbestaan te word. En hy ontvang die opdrag:

> „Gaan dan nou heen, dat ek jou na Farao stuur; en lei my volk, die kinders van Israel, uit Egipte uit.

Nou dat hy klein geword het in eie oog, nou sien hy nie kans vir die groot taak nie. Hy ag homself nou nie werd om die groot opdrag uit te voer nie. Hoor sy beswaar:

> „Wie is ek dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?"

Nou offer hy die een beswaar na die ander: die volk is wantrouig; hulle sal hom nie glo nie; hulle sal vra wie hom gestuur het; wat die Naam van sy Sender is. Die snedige opmerking van die een vegtende volksgenoot: Wie het jou as regter oor ons aangestel? het hy nog nie vergeet nie. Hy verstaan dit, nou dat hy homself leer ken het, beter as tevore. Daarby kom nog hierdie beswaar, dat hy nie 'n man van woorde is nie. Hy is swaar van taal. Die Here moet tog liewer iemand anders bekwamer as hy stuur. Teen al hierdie bedenkinge ontvang hy egter die antwoord van die Here: „Ek sal met jou wees."

Maar, Gemeente van die Heer, dit is nie alleen Moses wat as geroepene van God homself onwaardig ag nie. Dit kan gesê word van 'n lange ry van manne aan wie God 'n groot taak toevertrou het.

Daar is Jesaja!

Hoor sy beswaar: „Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man van onrein lippe en ek woon onder 'n volk wat onrein van lippe is;

want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien!"

Daar is Jeremia!

„Ag, Here, HERE, voorwaar, ek kan nie praat nie, want ek is jonk."

Maar laat my u ook twee voorbeelde uit die Nuwe Testament gee.

Johannes die Doper voel homself klein, onwaardig, ja hy is nie eers werd nie om die skoenriem los te maak van Hom wat hy aangewys het as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Paulus weer het na sy ontmoeting met die lewende Christus so klein in eie oog geword, dat hy homself noem die geringste van die apostels en van homself sê, dat hy nie werd is om 'n apostel genoem te word nie.

Maar dit is nie alleen Moses nie, dit is nie alleen Jesaja en Jeremia, Johannes die Doper en Paulus nie wat hulleself onwaardig ag om 'n geroepene van God te wees. Baie is die evangeliedienaars wat saam met Moses sê: „Here, wie is ek, dat U my sou stuur?"

Veral op 'n dag soos hierdie een wanneer 'n mens terugsien op vyf en twintig jaar van evangeliebediening wat agter die rug lê, dan is 'n mens se hart van twee dinge vervul: Ootmoed en dankbaarheid.

Van ootmoed, want hoe menigmaal in daardie vyf en twintig jaar het die gevoel in 'n mens se hart bo gekom: Wie is ek, dat die Here my stuur tot die evangeliebediening? My! om sy heilige Evangelie te verkondig! My onheilige! Vir hierdie so hoogheilige taak! Here, stuur liewer iemand anders. Ek is dit nie werd nie. Evangeliedienaar! Liewer enigiets anders as dit. 'n Prediker van die reddende liefde van God in Jesus Christus! Nee, want ook ek is soos Jesaja 'n man van onrein lippe. Wie deins nie vir so 'n heilige taak terug nie?

Ja, ootmoed vervul op so 'n dag ook my hart, ootmoed omdat God my solank verdra en in sy liefde gedra het. Ootmoed, omdat my verskillende gemeentes, en Potchefstroom, my huidige gemeente, my almal in liefde verdra het, nieteenstaande my feile en tekortkominge. Ootmoed, omdat as ek terugsien op my werk van vyf en twintig jaar daar so baie is wat anders moes gewees het, baie wat nie vir, maar teen my getuig. Ootmoed, waar die Kerk waarin die Here my gestel het, my waardig geag het om allerhande belangrike werk aan my toe te vertrou. Op hierdie dag is ook my versugting: Here, wie is ek, dat U my gestuur het?

Maar dis nie alleen ootmoed wat op so'n herdenkingsdag my hart vervul nie, maar ook Dankbaarheid.

Dankbaar is my hart gestem dat, nieteenstaande my onwaardigheid en die onreinheid van my lippe die Here my nogtans roep om te verkondig die verlossing uit die dienshuis van die sonde en die ingang deur Jesus Christus in die hemelse Kanaan. Dankbaar is ek dat Hy ook aan my sê: Ek sal jou lippe aanraak; Ek sal met jou wees. Met hierdie versekering deurstroom dan die dankbaarheid, dieselfde hart wat straks gesê het: Here nie ek nie stuur liewer iemand anders; ek doen liewer enigiets anders as om evangeliedienaar te wees. Dieselfde hart juig dan en roep vol dankbaarheid uitsaam met Jesaja die profeet: Hier is ek; Here stuur my, stuur my! Liewer wil ek 'n prediker van u genade wees as enigiets anders op aarde. Vir niks ter wêreld sou ek hierdie heerlike amp wil verruil nie. Met groot dankbaarheid vir die genade van God aan my gegee kan ek getuig, dat dit my in die afgelope kwarteeu nog geen enkel dag berou het nie, dat ook ek geroepe is om die deugde te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.

Dankbaar is ek vir wat ek in my ouerlike huis ontvang het. Dankbaar dat die Here my so ryklik geseën het, dat ek 'n eintlike siekbed nog nooit gehad het nie, maar wel die kragte en die werklus om my menigvuldige pligte sonder murmurering te vervul.

Dankbaar is ek dat ek in al my gemeentes gelukkig was en aangenaam gewerk het. Met groot dankbaarheid tot God dink ek aan die hartelike wyse waarop ons die elf jaar van my bediening alhier saamgewerk het, aan die liefde wat ek en my gesin van u almal tot hiertoe ontvang het, aan die seëninge van die Here wat op ons arbeid gerus het. Soos met Moses was die Here ook met ons.

As ek terugsien op al my arbeid in die afgelope vyf en twintig diensjare en let op al die guns en goedheid van die Here, dan het ek meer om dankbaar voor te wees as om my op te beroem. En daarom moet ook ek uitroep: Nie ek, o Here, nie ek nie, U Naam alleen sy eer.

AMEN.

JOH. DREYER,
Potchefstroom.

DS. W. H. GREY

DIE skielike dood van ds. W. H. Grey was vir almal 'n skok. Die besef wil maar nie tot ons deurdring dat hy oorlede is nie. Blykbaar was hy gesond en sterk. Niemand het sy einde verwag nie. Hy was met vakansie. Vir ongeveer drie weke het hy en sy familie saam met sy skoonouers, ouderling en Mevrou Prinsloo, in die Bosveld gekamp. Nooit het hy gekla dat hy siek voel nie. Maar toe hulle terugkom op die woonplaas van sy skoonouers, het hy twee hartaanvalle gehad. Of hy daarvan bewus was dat dit sy hart was, is onseker. Omdat hy voorheen malaria gehad het, het hy die oorsaak van die pyn wat hy moes verduur, aan sy lewer gewyt. Na die laaste aanval is hy nog na sy ouers by Morgenzon en vandaar na Volksrust. Na sy terugkoms by sy ouers is hy Sondagmôre na een van sy broers, waar hy skielik die middag aan hartverlamming oorlede is. In die kort bestek van 15 minute was alles verby. Die Here se weë is nie ons weë nie en sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. Die Almagtige is groot, ons begryp hom nie.

Willem Hendrik Grey is gebore die 31ste Mei 1908 en was die tweede seun van Kol. en Mevrou J. M. Grey. Hy het sy opleiding aan die Hoërskool te Ermelo en daarna aan die Universiteit van Pretoria ontvang. As student in die Teologie het hy nog aan die Ned. Herv. of Geref. Kerk behoort. Na hy sy B.A.-graad verkry het, het hy egter nie na Stellenbosch gegaan nie (destyds het die Verenigde Kerk nog nie 'n opleiding van predikante te Pretoria gehad nie), maar het sy studies voltooi by die opleiding van ons Kerk. Waarskynlik omdat hy Hervormd opgelei is, het hy nie 'n beroep in die Verenigde Kerk gekry nie. In 1938 is hy op sy versoek beroepbaar gestel in die Ned. Hervormde Kerk en is die 6de Januarie 1939 georden as predikant te Newlands, waar hy tot sy dood 30 Julie 1950 gestaan het.

Die 27ste Julie 1940 is hy getroud met Magdalena Maria Prinsloo, enigste dogter van Mnr. en Mevr. N. M. Prinsloo, van Kendal. Uit hierdie huwelik is drie kindertjies gebore, waarvan twee oorlede is. Een seuntjie, een van 'n tweeling, is gespaar en is op sy vyfjarige leeftyd nie instaat om te besef dat hy sy vader verloor het nie.

Ds. Grey was 'n vurige Hervormer. Hy het die Hervormde Kerk liefgehad. Van die beginsels van sy kerk was hy 'n



WYLE DS. W. H. GREY

oortuigde voorstander en verdediger. Omdat hy nugter van aanleg was, daarom het hy afkerig gestaan teen die metodisme. In die Herv. Kerk het hy hom tuis gevoel.

Die gemeente Newlands het hy vir byna 12 jaar trou gedien. Ds. Grey was nie 'n vloeiende spreker nie, maar sy preke was weldeurdag en goed voorberei. Hy het moeite gedoen met sy preke. Hy was 'n troue herder—sy pastorale werk het hy nooit verwaarloos nie. Van natuur senuagtig, was die drukte van die stad vir hom te veel en het hy begeer om in 'n rustige plattelandse gemeente te staan en tog het hy drie beroepe na die platteland van die hand gewys. Die mens wik maar God beskik.

Die heengaan van Ds. Grey word diep betreur, deur sy vrou en kindjie, deur sy familie, deur sy gemeente, deur die hele kerk. Aan die bedroefdes word toegebid die vertroosting van die Heilige Gees. Mag God hulle deur die geloof staande hou in hierdie donker dae van beproewing.

J. J. P.

Skei ek uit hierdie lewe,
o wyk dan nie van my;
as alles my begewe,
staan in die dood my by;
en word die stryd die bangste,
laat dan in pyn en vrees
u deurgestane angste
my tot vertroosting wees!

Ges. 121:6.

DIE KORTBEGRIP EN DIE KATKESASIE

IN die afgelope jaar het die skrywer 'n paar maal die voorreg gehad om aanwesig te wees by die aanneming van nuwe lidmate. Dit was in plattelandsgemeentes, en die beeld was elke keer dieselfde: By die ondersoek na die kennis van die leerlinge het alles goed gegaan, solang die vrae die Bybelse geskiedenis betref het. Die kennis van die geskiedenis van die Ou en Nuwe Verbond—wat nog 'n ander ding is as die Bykelkennis ! — was heeltemal bevredigend. Mens kry ook die indruk, dat hierop in Sondagskool en katkesasie die nadruk gelê is.

Enigsins anders het die beeld geword, toe oor Kerkgeskiedenis gepraat is. Van die tydperk tussen die oudste Christendom en die Hervorming het die oorgrote meerderheid van die leerlinge maar 'n uiters vae voorstelling. Dit sal wel saamhang met die feit, dat ook die skool hierdie tydperk slegs vlugtig behandel. Die Afrikaanse Kerkgeskiedenis daarenteen is goed bekend. Daartoe het ongetwyfeld behalwe die verhale van ou mense ook die talryke eeufeeste van die laaste tyd, en in die besonder die publikasies van Prof. Engelbrecht veel bygedra.

Maar dan kom die Kerkleer aan die beurt — en daarmee die aarselinge. En dit nie maar net by die aannemelinge nie, maar dikwels ook by die vraagsteller self! Ek het die diepste eerbied vir die broeders ouderlinge wat soveel van hul tyd aan die onderwys van ons jonge lidmate gespandeer het; hul toewyding en opofferingsgesindheid kan ons nie hoog genoeg op prys stel nie. Hulle verrig hul taak op voortreflike wyse. Maar juis omdat ons dit almal weet, het ons ook die vrymoedigheid om dit uit te spreek dat die onderrig in die dogmatiek by ons heel wat te wense oorlaat.

Mens merk dit onmiddelik. Sowel die ondervraer as die ondervraagdes word enigsins deur vrees bevang sodra die woord Kerkleer uitgespreek word. Die vrae word nie meer so vlot gestel nie, hulle vloei ook nie meer uit mekaar voort nie, en die logiese verband raak dikwels verlore. En die leerlinge word duidelik senuweagtig. Die antwoorde, wat hulle gee, is partymaal antwoorde op vrae wat nie gestel is nie. Daar is geen sprake van 'n poging om die leerstellings met eie woorde te formuleer nie, terwyl dit tog die toetsteen van die regte begrip is. Die seun of dogter wat 'n vra kry waarop hy met 'n uit die hoof geleerde stuk kan antwoord —

soos bv. die Tien gebooie of die Twaalf artikels—ag homself gelukkig, en 'n sug van verligting gaan hoorbaar op as hierdie afdeling beëindig is.

Is hierdie voorstelling van sake oordrewe? Ternouwernood. Elkeen wat praktiese ervaring op hierdie punt het sal dit beaam. Mens sou selfs kan sê dat dit die algemene toestand is, onafhanklik van die algemene ontwikling, skoolse kennis of selfs die breinkapasiteite van die leerlinge. Die beeld wat die teologiese studente in hierdie verband voor hul B.D. jare vertoon, wyk nie wesenlik af van die gemiddelde katkesasieklas nie.

Dit is 'n verontrustende toestand. Want kennis van die leer van ons Kerk moet tog van die uiterste gewig geag word. As ons jong mense nie op die hoogte is van wat ons Kerk leer, en waarom die Kerk dit leer nie, staan hulle amper weerloos in die stryd van meninge en opvattings, wat die kenmerk van die hedendaagse geestelike lewe is. Op hierdie manier kan dwaalleringe en sektariese opvattings maklik indring, nie maar net by die gewone gemeentelid nie, maar ook by ampsdraers, sodat selfs tenslotte — wat gelukkig sover die skrywer weet nog nie voorgekom het nie — dogmatiese verwarring in die Algemene Kerkvergadering sou kan ontstaan.

En daar is nog 'n ander aspek. Watter weerstand het die jonge lidmaat, wat onvoldoende leerstellig geskool is, teenoor die op skeptisisme gegronde onverskilligheid van ons moderne lewe? Die twyfelsug en indifferentisme maak steeds meer slagoffers. Waarheid en dwaling word altwee as „ persoonlike opvattings " gelykwaardig langs mekaar gëset. In die plek van die volle sekerheid omtrent die dinge waarin ons onderrig is (Lukas 1:4) kom die willekeur of die gedagte, dat ons tog niks met stelligheid kan sê nie. Dat die geloof 'n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie, en dus 'n hegte grondslag is vir lewe en denke, word deur baie van ons opgroeiende geslag nie meer besef nie.

Daar is vermoedelik geen verantwoordelike persoon in ons Kerk wat dit alles nie weet nie. En tog gaan ons nog altyd voort in die ou bane, asof daar geen verontrustende dinge gebeur nie. Die uiterlike bloei van ons Kerk, die toename van lidmate, kerkgeboue en predikantsplekke, bring die gevaar saam dat ons ons oë sluit vir die geestelike tekorte, wat, as hulle nie aangevul word nie,

binne twintig jaar ook in uiterlike dinge agteruitgang sal veroorsaak.

Daar is dus wel grond genoeg om ons te gaan afvra, wat die oorsaak van die geringe dogmatiese kennis is, en wat ons kan doen om dit te verhelp. Mens sou hier veel oor kan sê, want dit hou verband met die hele krisis in die Europese geesteslewe. Afrika is deel van die wêreld. Daar is wel deeglik saamhang tussen die desintegrasie van die Europese wysbegeerte en die gehakkel op 'n katkesasieklas in Wakkerstroom of Putsonderwater. Maar op hierdie plek wil ons ons bepaal by een enkele praktiese onderdeel: die boekie wat ons deurgaans by die onderrig in die Christelike waarheid gebruik: die Kortbegrip.

Ons sal ons eers moet afvra: Vanwaar die Kortbegrip, en waartoe?

Die Kortbegrip is amper drie en 'n halwe eeu oud. Na alle waarskynlikheid is die skrywer daarvan Ds. H. Faukelius. Hierdie Vlaming is gebore te Gent omstreeks die jaar 1560, studeer aan die Atheneum illustre aldaar en aan die Universiteit te Leiden, en dien veertien jaar lang, onder die grootste gevare, „ de heymelicke gemeynte tot Ceulen." Vervolgens staan hy van 1599 af tot sy dood toe (1625) te Middelburg, die hoofstad van die provinsie Zeeland.

Faukelius was 'n uiters bekwaam man, goed prediker, kundig Bybelvertaler, en beginselvas leier van die Zeeuwse Kerk. Hy het 'n belangryke en eervolle rol gespeel in die stryd teen die Remonstrante. Tydens die Sinode van Dordrecht het hy die amp van assessor beklee, en in allerlei, ook wetenskaplike, rigting belangryke werk gelewer. Van belang is ook sy bestryding, in woord en geskrif, van die Doperse dwalinge.

In opdrag van die Kerkraad van Middelburg het die predikante van daardie stad in die jaar 1608 'n Katkesasieboekie ingevoer, wat die titel gedra het van „ Kort begrip der Christelijke Religie." Die Heidelbergse Kategismus was na die oordeel van die Kerkraad te uitvoerig en te moeilik vir die eenvoudiges onder die leerlinge Daarby moet mens ook in aanmerking neem, dat dank sy die werk van Faukelius en sy ampgenote, onder wie veral Willem Teellinck genoem moet word, baie van die ou Dopers oorgegaan het na die Hervormde Kerk. Met die oog op hulle eerste Nagmaalsgang was

daar behoefte aan 'n leerboekie wat in enkele maande se tyd deurgewerk kon word.

Oorspronklik was daartoe gebruik die „ Korte ondersoekinge des ghelooves over den ghenen, die haer tot de gemeynte begheven ende des Heeren avondtmaal mit haer houden willen," 'n vertaling en bewerking deur Micron van 'n Latynse kleine kategismus deur Johannes à Lasco, saamgestel en uitgegee (1554) ten dienste van die Nederlandse Hervormde Gemeente te Londen. Maar aangesien die volgorde van hierdie boekie heeltemaal anders is as die wat in die Heidelbergse Kategismus gebruik is, was die Middelburgse gemeente van oordeel, dat daar behoefte was aan 'n nuwe handleiding. Dit was die Kortbegrip, waarvan soos gesê Faukelius die opsteller was.

Die Dortse sinode het 'n kommissie van ses manne, waaronder Faukelius, opdrag gegee om nog 'n ander leerboekie saam te stel. Toe dit in die 177ste sitting ter tafel gebring is, was die voorsitter van mening, dat dit te lang was om op die Sinode voorgelees te word. Die Kerkvergadering het toe die besluit geneem, dat hierdie nuutste werkie as van gelyke waarde as die Kortbegrip sou geld, maar dis nooit gedruk nie en so het die Kortbegrip geleidelik aan outoriteit verwerf, tot die provinsiale sinode van Suid-Holland in 1637 besluit het om dit op te neem in sy offisiële uitgawe van die Simboliese en Liturgiese Geskrifte.

Hierdie lang geskiedkundige verhaal was noodsaaklik om 'n paar dinge duidelik te maak :—

1. Die Kortbegrip is nooit deur 'n algemene Sinode met bindende gesag beklee nie.
2. Die Kortbegrip mag, wat sy gesag betref, nie gelykgestel word met die Belydenisgeskrifte, en selfs nie met die Liturgiese geskrifte nie.
3. Die Kortbegrip is nie spesiaal vir die jeug bedoel nie.
4. Die Kortbegrip rig hom teen dwalinge, wat in Afrika nouliks 'n rol speel.
5. Die Kortbegrip dra duidelik die spore van die tyd en plaas waar dit ontstaan het.

Wat die laaste punt betref is dit gemaklik om 'n paar voorbeelde te gee. Teen die Rooms Katolieke leer, soos dit hom in

daardie tyd voorgedoen het, is bv. gerig vraag 17: „Kan die heiliges ons middelaars nie wees nie?" Hier word die woord „heiliges" nie in Bybelse sin gebruik nie, maar soos dit in die Roomse spraakgebruik voorkom. Teen die Roomse transsubstansiasie-leer is vraag 60 bedoel: „Word die brood verander in die liggaam van Christus en die wyn in sy bloed?" Die antwoord op vraag 71: „In wie se naam moet ons tot God bid?" naamlik: „Alleen in die Naam van Christus en nie in die naam van enige heilige nie," daardie antwoord het ook duidelik sy spits teen die Roomse praktyk gerig.

Die front teen die Dopers daarenteen ontdek ons bv. in vraag 28: „Het Hy (Christus) sy mensheid uit dan die hemel gebring?" Mens kan gerus sê dat geen tien op die honderd Sondagskoolonderwysers weet, dat hierdie leerstuk by die Wederdopers verkondig is nie, en van daardie tien wat dit wel weet, is daar hoogstens een, wat die werklike implikasies van hierdie stukkie dogmatiek sou kan weet. En tog moet ons kinders dit leer!

Die Kortbegrip is 'n halwe eeu later ontstaan as die Kategismus. In daardie halwe eeu het reeds klein wysigings in die leer opgetree, mylpale op die pad van die Reformatoriese leer na die Gereformeerde skolastiek van die 17de eeu. Ons beskou hierdie ontwikling nie oor die hele linie as 'n vooruitgang nie. 'n Tiperende voorbeeld hiervan kan gevind word in die leer omtrent die Kerk. Die Kategismus sê (Sondag XXI): „Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord . . . vergader, beskerm en onderhou . . ." Die Kortbegrip daarenteen druk dit so uit: „Dat die Seun van God uit die hele menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur sy Gees en Woord, vir Hom tot 'n gemeente byeenbring . . ." Juis omdat die woorde vrywel gelykluidend is, kom die belangryke verskil des te beter uit: In die Katekismus het mens deel aan die verkiesing, omdat jy tot die gemeente behoort; in die Kortbegrip is dit andersom: daar behoort 'n mens tot die gemeente, omdat hy uitverkore is. Met ander woorde, in die halwe eeu tussen Kategismus en Kortbegrip het die uiters belangryke insig van Calvyn, dat die uitverkiesing uitverkiesing in Christus is, verlore gegaan.

Die gevolge daarvan is amper onoorsienbaar. Die Kortbegrip bied 'n aanknopingspunt vir die individualisme, vir die meganiese

opvatting van die uitverkiesing, vir die sisteem van Maccovius, en vorm 'n eerste aanloop vir Kuyper se uitermate aanvegbare leer van die veronderstelde wedergeboorte, wat nou in feite deur die Gereformeerde Kerk in Nederland tot dogma verhef is en gelei het tot die afskeiding van die sogenaamde „Schildergroep," wat teenwoordig die „Gereformeerde Kerke onderhoudende art. 31 van die Ned. Geloofsbelydenis" vorm.

Dit alles het Faukelius, wat ons bly eer as 'n kundig teoloog en 'n getroue dienaar van ons Kerk, nie kan voorsien nie. Maar net so min het hy kan voorsien dat sy leerboekie, ingerig vir die behoeftes van sy tyd en sy volk, drie en 'n halwe eeu later nog sou gebruik word, aan die ander einde van die aarde, as 'n handleiding vir die onderrig van kinders, en dat dit vir baie van hulle die enigste werk oor die Kerkleer sou wees wat hulle hul lewe lang in hande sou kry.

Daarmee het ons al oorgegaan tot 'n tweede onderwerp, namelik tot die behandeling van die vraag, of die Kortbegrip wel as leerboek gehandhaaf moet word. Om misverstand te voorkom, wil ons nog 'n keer vasstel, dat ons 'n oop oog het vir die verdienstes van die werk en van sy opsteller. Ons is daarvan oortuig dat dit baie jare lank 'n seën vir die Kerk was. Maar die vraag is nou, of dit op die oomblik nog dieselfde rol kan vervul, of dat dit miskien iets anders in die pad staan, wat vir ons lidmate geskikter sou wees. Want as dit so is, dan is die boekie nie meer 'n seën nie, en rus op die Kerk die plig, na iets nuuts te strewe.

Die besware wat teen die werkie as leerboek vir die teenwoordige geslag ingebring kan word, sal ons die beste onder vier hoofde kan verdeel.

A. Die **formulering.** Daar word woorde gebruik, wat teruggaan op oeroue strydpunte, en dus histories gesien volle reg het, maar vir die ongestudeerde lidmaat geen betekenis het nie. Vraag 24 bv. sê van Christus dat Hy is **eenswesens met God die Vader.** Die skrywer van hierdie opstel het genoegsaam op ander plekke (bv. in sy „Licht uit Licht," waarvan die Afrikaanse vertaling „Lig uit Lig" weldra sal verskyn) blyk daarvan gegee, dat hy die woord **homoöusios** uit die beslissings van die Kerkvergadering van Nicea (325 na Chr.) gaarne en met dankbaarheid vir sy rekening neem. Dit gee hom die vryheid om op hierdie plek te verklaar, dat

hy nie kan insien watter betekenis die vertaling „ eenswesens " vir ons katkesante kan hê nie.

In die antwoord op vraag 28 word van die Seun gesê, dat Hy sy mensheid „ aangeneem het uit die maagd Maria, deur die werking van die Heilige Gees." Ook hier merk ons op, dat ons nie twyfel aan die Bybelse waarheid, wat hier onder woorde gebring is nie, maar watter voorstelling of gedagte kan die kind verbind met die woorde, dat die Seun die mensheid aangeneem het deur die werking van die H. Gees? Laat die verdediger van hierdie formulering maar net probeer, om dit vir 'n groep kinders duidelik te maak !

Volgens vraag 29 word Jesus Saligmaker genoem, „ omdat Hy sy volk salig maak van hulle sondes." Hierdie uitdrukking „ salig maak van " is positief geen Afrikaans nie ! Die Bybelvertalers het dit ook wel besef. By hul vertolking van Matt. 1:21, waarna vraag 29 verwys, het hulle dan ook die woord „ salig maak " vermy. Ons lees in ons vertaling: „. . . want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos."

Hoewel die skrywer van hierdie opmerkings deur sy akademiese leeropdrag daaraan gewoon is om moeilike sinsbou te deursien, moet hy tog erken dat dit hom verskillende minute van nadenke gekos het, voordat hy die regte sin kon ontwaar van die passasie uit vraag 39, waarin staan dat die Heilige Gees „ my van die Vader deur Christus gegee, wederbaar, in alle waarheid lei, my troos en in ewigheid by my sal bly."

Hierdie voorbeelde sal wel genoegsaam wees om aan te toon, dat die manier waarop die Kortbegrip die Kerkleer onder woorde bring, allermins geskik is vir die bevattingsvermoë van agtien-, ja van sestienjariges. Uit die mond van een van ons ouderlinge, 'n hoogleraar in die wysbegeerte, het ons op 'n Sondagskoolkonferensie te Krugersdorp kan hoor, dat volgens sy insig mens om die Kortbegrip te kan begryp 'n baie lang begrip nodig het !

B. Die **skolastieke inslag.** Onder skolastiek verstaan ons 'n redeneertrant en 'n voorstelling van grondbegrippe, wat meer op die Griekse wysgere, soos hulle in die Middeleeue verstaan is, as op die Bybel gegrondves is. 'n Tipiese voorbeeld daarvan bied vraag 26. Op die vraag, of die Godheid van die Seun in mensheid verander is, antwoord die Kortbegrip: „ Nee, want die Godheid is

onveranderlik." Daaraan word toegevoeg 'n verwysing na Maleagi 3:6, waar ons lees: „ Want Ek, die HERE, het nie verander nie; daarom is julle, kinders van Jakob, nie verteer nie." Dit lyk dus, of die antwoord van die Kortbegrip goed, Bybels, gefundeer is.

Dog dit is maar net skyn, wat op uiterlike ooreenstemming van woorde berus. Maleagi (en dieselfde geld ook bv. van Jakobus 1:17) getuig dat God getrou is, dat Hy vashou aan sy heilsplan ten aansien van sy volk, met ander woorde dat die wil van God onveranderlik op die verlossing van sy bondsvolk gerig bly. Maar dit is 'n heel ander ding as om te sê dat God geen mens kon word nie. Daardie stelling is afkomstig van Aristoteles, 'n Griekse heiden, wie se godsbeeld 'n uitgedagte en uitgerekende abstraksie is; die Bybelse getuienis omtrent God is oneindig warmer, lewendiger, beweegliker.

Die Utrechtse hoogleraar Van Niftrik wys in sy „ Kleine Dogmatiek " p. 87 daarop, dat die kettery van Nestorius feitlik hierin bestaan, dat volgens hom die Ewige Woord wel die mensheid aangeneem het, maar dat daar eintlik nie van 'n menswording gepraat mag word nie. Hierdie ontkenning van die menswording is 'n kettery; maar die antwoord op vraag 26 deur die Kortbegrip lê heeltemaal in die lyn van Nestorius. Dis in stryd met die opskrif van artikel XVIII van die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat lui „ Oor die menswording van Jesus Christus." Maar die ergste is die argumentering: die Bybelse getuienis van die morele onveranderlikheid van God word omgebuig tot 'n stelling omtrent die fisieke onveranderlikheid. Dit is presies wat ons „ skolastiek " noem. In die Kategismus vind ons gelukkig geen parallel van Kortbegrip vraag 26 nie.

'n Tweede voorbeeld van skolastiek vind ons in vraag 33 en 34. Daar word gesê, dat Christus alleen in sy menslike natuur, dit wil sê, in sy siel en liggaam gely het, en op die vraag, wat dan die rol van sy Godheid in sy lyding was, word geantwoord: „ Sy Godheid het deur sy krag die aangenome mensheid so gesterk, dat dit die las van die toorn van God teen die sonde kon dra en ons daarvan verlos."

Die eerste vraag wat by ons opkom is: Watter nut het hierdie vrae? Hoe kan 'n mens, wat die Evangelies lees, ooit op die vraag kom, in watter natuur Christus gely het? Tereg het die Kerk

geleer, dat Christus twee nature, die Goddelike en die menslike, besit het, maar: in enigheid van die persoon. Deur vrae as die Kortbegrip stel—alweer vrae wat in die Kategismus nie voorkom nie—word die persoon van Christus uit mekaar geruk op 'n wyse wat onverenigbaar is met die Bybelse getuienis.

En waaruit kom dit alles voort? Alweer, uit die kille redeneerkuns van die heiden Aristoteles! Vir hom is dit ondenkbaar, dat die Godheid kan ly. Juis teen hierdie agtergrond word die woord van Paulus helder, dat die prediking van die kruis van Christus vir die Grieke 'n dwaasheid is. Maar die Bybel spreek 'n paar maal onbevange van die smart van God (Gen. 6:6; Ps. 95:10, vgl. die beryming; Rigters 10:16).

C. **Oorbodige sake.** Hiertoe behoort seker die vraag, wat ons alreeds 'n paar keer genoem het, of Christus sy mensheid uit die hemel gebring het. Tereg het Faukelius dit in sy boekie opgeneem, want dit was in die stryd teen die dopers van sy tyd 'n aktuele kwessie. Maar voor ons tyd beteken dit niks meer nie. Hoogstens sou mens, in ooreenstemming met 'n bekende psigologiese verskynsel, daarvan kan verwag dat die leerling juis in daardie verkeerde rigting sou gaan dink.

Ons het gesien dat die Kortbegrip geskryf is veral met die oog op mense wat binnekant 'n korte tydstermyn tot die Heilige Nagmaal toegelaat sou word. Dis dan ook begryplik dat daar in die werkie besondere aandag aan die sakramente, veral die Nagmaal, geskenk word. Maar dis darem 'n bietjie te veel, as in vraag 59 die hele passasie I Kor. 11:23-26 afgedruk word en die leerling dus die hele stuk uit sy kop moet leer. Dieselfde geld ook ten aansien van vraag 63; dit is trouens die vraag, of die aangehaalde teks, Matt. 18:15-17, wel die mees toepaslike is in verband met die Nagmaal.

D. **Tekorte.** Hier sou mens heel wat kan noem. Daar is 'n groot aantal punte wat wel deeglik tot die Kerkleer behoort en vir elke gemeentelid van uitstaande belang is, dog nie in die Kortbegrip vermeld word nie. Om maar net 'n paar dinge te noem: Ons mis volkome 'n beskouing oor die gesag van die Heilige Skrif; die toekomsverwagting kom nagenoeg nie aan die woord nie. Ook sou dit seker wenslik wees as die lidmaat sou leer wat hy moet dink oor eenheid en geskeidenheid van die Kerke. Bo alles het ons dringend

nodig 'n prinsipiële sowel as 'n praktiese behandeling van die sektewese en die lerings wat daar verkondig word.

Ook wek dit verwondering, dat terwyl die Twaalf artikels stuksgewys uitgelê word, die Tien gebooie net opgenoem word, maar daarvan—anders as in die Kategismus—geen uitleg gebied word nie. En dit terwyl ons jong lidmate juis op die punt van die etiek, die lewenswandel van die Christen, gesonde voorligting broodnodig het. Van die probleme wat die verhouding tot die staat, die politiek en die oorlog, saambring, hoor hulle niks nie. Oor die huweliksvraag, en wat daar ten nouste mee saamhang, die sedelike lewe voor die huwelik, word in alle tale geswyg. Die Christelike beskouing oor ontspanning, vryetydsbesteding en vermaak, die pligte van die Christen ten aansien van kuns en kultuur, kom nie ter sprake nie. Maatskaplike probleme bly onvermeld. Op hierdie punte, waar die lewenskonflikte van die jong mense vermoedelik die eerste sal losbars, gee ons geen leiding nie.

Dis seker waar dat dit geen gemaklike taak sal wees om in hierdie probleme tegelyk liefdevol en beginselvas die weg te wys nie, maar die Kerk mag sy oë nie vir die werklikheid en sy nood sluit nie. Telang het ons dit reeds gedoen,en ons mag baie verheug wees, as dit nie alreeds te laat sal blyk nie.

Tenslotte, as ons gesien het hoeveel daar teen die gebruik van die Kortbegrip op die katkesasie ingebring kan word, sal ons ons moet afvra, watter stappe ons moet neem om in hierdie moeilikheid te voorsien.

Wat ons seker nie moet doen nie is om die Nederlandse Kerk in hierdie opsig na te volg. Terwyl die Kortbegrip nooit dwingend is voorgeskryf nie, het dit in Nederland gedurende die sewentiende eeu tog wel onder die katkesasiemiddels die oorheersende posisie ingeneem; niettemin was daar predikante, wat ander boekies gebruik het. In die agtiende eeu het die boek van Hellebroek groot opgang gemaak; in die loop van daardie eeu het daar nie minder as vier en twintig drukke van verskyn nie. Maar daarlangs het ook ander werkies opgang gemaak, sodat daar van eenheid in die onderrig van die Kerk geen sprake was nie.

Die negentiende eeu het hierdie didaktiese anargie in die Kerk nie maar net bestendig nie, maar so moontlik nog vererger. Dit hang

natuurlijk ook saam met die rigtingstryd; aan die ander kant het dit ook kragtig daartoe bygedra om hierdie rampsalige verdeeldheid te versterk. Dis eers in ons tyd dat die Nederlandse Kerk weer moeite doen om eenheid in die kategese te kry deur die ontwerp van 'n nuwe leerboek, wat vir die hele Kerk bruikbaar moet wees. Dit sal egter nog tientalle jare duur voordat hierdie arbeid met 'n mate van sukses bekroon sal wees.

Dis duidelik dat ons moet probeer om te vermy dat ook hier in Afrika die leerboek 'n saak van die willekeur of persoonlike smaak van predikant of kerkraad sou word. Die eenheid van die Kerk is nou verbind met die eenheid in die onderrig. Daarom lyk dit verreweg die beste dat die Kerk self deur sy bevoegde organe die inisiatief neem vir die totstandkoming van 'n nuwe leerboek wat voldoen aan die eise van ons tyd en rekening hou met die besondere omstandighede van Suid-Afrika.

Dis daarom dat ons die vurige wens uitspreek, dat daar in die eerskomende Algemene Kerkvergadering 'n voorstel ingedien sal word om 'n kommissie aan te stel wat sulk 'n leerboekie moet ontwerp. Die Kerk kan die Kortbegrip as 'n eerwaardige monument uit die verlede, en as 'n herinnering aan sy saamhorigheid met die Nederlandse reformasie natuurlik altyd bybehou. Dis ook seker nie gewens om aan die werk te gaan dokter nie. Dergelike historiese stukke moet bly soos hulle is. Maar uit dogmaties of kerkregterlike oogpunt is daar glo niks wat die Kerk kan belet om 'n nuwe handleiding saam te stel, wat by die onderrig gebruik moet word nie. Natuurlik moet dit baie duidelik gestel word, dat die bedoeling nie is om 'n nuwe belydenisskrif op te stel nie. Belydenisgeskrifte word opgestel vir die eeue, 'n leerboekie vir die eie tyd. As daardie verskil in die oog gehou word, sal ook die ewewig tussen gesag en vryheid bewaar kan word.

Die opdrag tot die saamstelling van so 'n handleiding vir die onderrig in die Kerkleer, ter vervanging van die Kortbegrip, moet natuurlik uitgaan van die Kerk in sy hoogste verteenwoordiging: die Algemene Kerkvergadering. Dit sal 'n vertrouensopdrag moet wees: die Kerkvergadering kan nie tot in onderdele gaan voorskryf, wat in die boekie moet kom nie. Maar 'n paar algemene dinge kan tog wel vasgestel word. Terwyl die algemene opset wellig dieselfde as dié van Kategismus en Kortbegrip kan bly, sal daar rekening

gehou moet word met die vier besware teen die Kortbegrip, wat ons hierbo onder woorde gebring het. Of meer positief gesê, die nuwe werkie moet helder en oorsigtelik wees, ook vir ongeskoolde lesers, en in eenvoudige Afrikaans opgestel word; dit moet Bybels-Reformatories van inhoud wees met vermyding van allerlei stellings wat eerder in die wysbegeerte as in die teologie tuishoort; dit moet nie al te hoë eise stel aan die leervermoë nie, maar veral die verband tussen die leer en die hedendaagse probleme laat uitkom; dit moet die jong lidmaat 'n houvas gee in die kerklike en sedelike verwarring van ons tyd.

Dit sal ongewens wees om teveel lede in die kommissie te kies; hoe groter 'n kommissie is, des te minder rig dit uit. Persoonlik dink die skrywer dat daar nie meer as drie lede hoef te wees nie: 'n teoloog, 'n pedagoog en 'n man uit die praktyk. Elkeen kan dan vanuit sy gesigshoek werk aan die geheel.

Een ding is seker: as ons die allerbeste boek kry wat menslik dinkbaar is, sal tog ongetwyfeld binne 'n eeu die roepstem om 'n nuwe handleiding weer opgang maak. Maar so hoort dit ook te wees. Die Kerk lewe in 'n wêreld, wat telkens weer van gedaante verander. Die Kerk mag haar boodskap nie aan die wêreld aanpas nie—maar die vorme waaronder die boodskap gebring word, dié behoort telkens hersien te word. Anders verloor ons die kontak met die wêreld van môre, en kan ons ons taak nie meer vervul nie.

A. VAN SELMS



PAUL JOHANNES DE VOS
en sy eggenote
GEZINA DOROTHEA DE VOS
geb. Smuts

PAUL JOHANNES DE VOS is op 28 November 1878 te Humansdorp, Kaapkolonie, gebore. Sy ouers het kort na die eerste Vryheidsoorlog na Transvaal verhuis. Hy het aan die driejarige oorlog deelgeneem en is teen die einde daarvan naby Balmoral konsentrasiekamp deur 'n naturel lig gewond. In 1913 is hy as ouderling van die gemeente Middelburg gekies en is meermale na die Algemene Kerkvergadering en na die Ringsvergadering afgevaardig. In 1937 het hy die nuwe gemeente Hendrina help stig en het daar toe as voorleser en voorsinger opgetree, maar moes van weë sy swak gesondheid in April 1947 sy amp as ouderling neerlê. Op 7 Februarie 1950 het hy die tydelike met die ewige verwissel. Hy was 'n troue Hervormer, en sy nagedagtenis sal tot seën wees. Hy was getroud met Gezina Dorothea Smuts.

S. P. E.

DIE EVANGELISASIE VAN DIE NATUREL

Hierdie saak het in die jongste tyd baie akuut geword en ook ons Kerk moet hom self daarvan rekenskap gee. Daar word beweer dat die Ned. Hervormde Kerk teen die evangeliesasie van die naturel gekant is, en daarom wil ons in die geskiedenis gaan soek na die standpunt van ons Kerk in die verlede. Ons sal begin by kom. Jansens, wat die volgende mening uitspreek in sy verhandeling van 10 Mei 1806:

„ Indien men het schadelijke, dat de zendelingen in de volksplanting en erom heen (men zondert de Moravische broeders in Genadendal by de Baviaansche Kloof uit) hebben aangebracht, met het rust door hen veroorzaakt, weegd zal het eerste zeer zwaar, het ander nul zyn—men kan zich niet te veel haasten de meeste dezer zendelingen (Elendelingen) weg te zenden, en aan de geduld wordende zoo er kunnen zyn, eene geheele wyziging te geven."

Hy beskou die sendelinge, t.w. van die Londense genootskap as mense wat die gees van die inboorlinge bederf, en dat hulle van hulle vyande van die staat maak. Hierdie selfde beskouing vind ons later ook by die Voortrekkers, getuig die feit dat Piet Retief pogings gedoen het om Morawiese sendelinge in Natal onder die Zulus te laat arbei.

'n Volgende punt wat ons seer seker die aandag op moet vestig is die besluit van die Algemene Kerkvergadering van 1853 n.l. om 'n versoek te rig aan die Volksraad om Hernhutter sendelinge in te voer om onder die Heidene te werk. Hier het seker die Ned. Hervormde Kerk van Transvaal gepraat en dit ook baie duidelik.

'n Ander onomstotelike bewys dat die Transvalers wel deeglik gemeen het dat die Evangelie aan die naturelle gebring moet word, en dat dit die taak van die Christelike bevolking is kom uit in die grondwet van 1857; waarin bepaal is dat „het volk wel geen gelykstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk noch in Staat," maar ewe duidelik is ook bepaal dat die uitbreiding van die Evangelie onder die heidene toegestaan word, „ onder bepaalde voorzorgen tegen gebrek of misleiding."

Die volk was dus glad nie gekant teen die sending nie, maar teen die handelwyse van die sendelinge van die Londense Genootskap wat die swartes teen die blankes opgehits het. Hulle was

dus eintlik politieke agente wat staats gevaarlik was. President Pretorius het op 14 September 1858 by die opening van die Volksraad daarop gewys dat die teenwoordigheid van sendelinge van die Londense Genootskap gevaarlik en nadelig is vir die vrede en welvaart van die land. Hy het aanbeveel dat Duitse sendelinge aangemoedig moes word om na die Transvaal te kom.

In 1860 het die Volksraad toe 'n wet passeer wat vereis het dat eers van die Regering verlof verkry moes word vir die oprigting van 'n sendingstasie en alle sendelinge moes voldoen aan art. 21 van die grondwet n.l. hulle moes instem met die Heidelbergse Kategismus. Dit is gedoen om te voorkom dat allerhande ongewenste persone die naturelle sou oprui en die veiligheid van die Staat ondermyn.

Dat die Ned. Hervormde Kerk aktief ook meegedoen het aan die sending, bewys die feit dat die Kerkraad van Rustenburg in 1861 'n kollekte gehou het vir die Sending-Kommissie van die Kaapse Kerk.

Ons wil hier graag nog siteer uit 'n herderlike brief wat onderteken is deur Ds. G. W. Smits praeses en Ds. N. J. van Warmelo scriba, van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering: „Nu nog een punt, en wel van teederen aard, het betreft de uitbreiding van het Koningkryk der Hemel en onder de Heidenen. Wy weten goed wat de heerzende gezindheid is der blanke bevolking in deze zaak, maar wy wensen dit aan uwe overdenking aan te bevelen: De Kerk is geroepen de Evangelie-verkondiging te bevorderen. De Hervormde Kerk doet in dit opzicht hoegenaamd niets. Er is geen de minste verbintenis met enig Zending Genootschap, wij staan geheel op ons zelven. Terwyl in het oog moet gehouden worden, dat er geen sprake is van gelykstelling, zoo moet ook evenwel niet vergeten worden dat de Kerk zodanig hare roeping niet mag verwaarlozen, en het is de wens van velen, dat by de aanstaande vergadering zulke besluiten geneemen mogen worden, waardoor het verwyt kan worden weggenomen als zoude de Hervormde Kerk in Transvaal onwillig zyn om mede te werken tot uitbreiding van het Evangelie ook onder de Heidenen."

Die vergadering wat hier na verwys word was die Algemene Kerkvergadering van 1879 maar by die vergadering is die saak nie

bespreek nie, en ook nie by die vergaderinge van 1880 nie, wat 'n voortsetting was van die van 1879. Eweëns vind ons niks in die notule van die vergadering van 1881, 1882, 1884, 1885 en 1888 nie. Die rede hiervoor is waarskynlik die oorlogs toestand in 1880-1881, en daarna die beroeringe van die Kerkvereniging.

In 1890 se notule van die Algemene Kerkvergadering vind ons dat die standpunt van 1853 gehandhaaf word.

Kort hierna kom die woelinge van die Uitlanders op die Rand, die Jameson inval en die oorlog van 1899-1902 wat die kwessie van die Sending op die agtergrond skuiwe.

Ons verwys hier graag na die lesing van Prof. dr. P. J. Muller, van 1904-1909 predikant van Pretoria, wat hy op 10 Julie 1912 gehou het voor die Ned. Zending Genootschap en wat die titel dra Zending en Politiek. Hierin toon hy op uitmuntende wyse aan die kwaad wat in Suid-Afrika gedoen is deur die Sendelinge wat as politieke agente opgetree het en hy noem ook verskillende redes waarom die Sending nie aangepak is soos wat dit hoort nie, en u sal ons toelaat om net 'n kort sitaat uit die lesing te gee :-

„ Terstond na den oorlog kon aan Zending werk niet gedacht worden; maar voorbereid door gesprekken, het ik de zaak der Zending toch als legaat agtergelaten vooral aan de door my opgeleide predikanten," nl. ds. J. J. Kuhn en ds. J. J. Prinsloo.

Op die Algemene Kerkvergadering van 1912 is die saak van die Sending toe weer bespreek aan die hand van 'n kommissierapport oor 'n beskrywingspunt waarin versoek word dat by wet bepaal word dat geen sending werk onder gekleurdes gedoen moet word deur die Hervormde Kerk nie."

Dit is van besondere belang om daarop te let dat ook hierdie vergadering in die bespreking en in die besluit wat geneem is, nie teen die sending was nie. Verskillende persone het op die verpligting daarvan gewys, en onder hulle vind ons dr. H. C. M. Fourie, oudl. A. D. W. Wolmarans, ds. Jac. van Belkum, ds. A. Murray, ds. K. T. v. d. Heever, oudl. A. J. G. Oosthuizen, oudl. G. P. Brits, oudl. H. L. Botha, oudl. J. T. J. Wolmarans, ds. F. S. du Toit, ds. M. J. Goddefroy, oudl. D. J. Bodenstein, ds. P. W. Ennis, oudl. H. C. v. d. Merwe, ds. J. J. Kuhn, ds. P. v. Drimmelen.

By die Algemene Kerkvergadering van 1916 kom die kwessie

van die Sending weer ter sprake na aanleiding van 'n versoekskrif, en ook na aanleiding van briewe van Ds. C. W. du Toit en D. Moller onderskeidelik. Daar is toe 'n kommissie benoem om oor die saak te rapporteer. Die kommissie rapport beveel aan dat Art. 2 van die Kerkwet steeds gehandhaaf moet word, en dat die vergadering hom uitspreek teen die leer van kaffers, en dat die vergadering oortuig is dat dit noodsaaklik is om die bevel van Christus uit te voer, maar wil die kwessie van geldelike steun 'n saak maak van vrywillige bydrae deur persone wat daarvoor voel. Na langdurige bespreking word eindelik die kommissie rapport aan geneem met toevoeging van 'n voorstel van die voorsitter dat die Sendingsarbeid behartig sal word deur 'n sendings kommissie wat deur die Vergadering benoem sal word. As lede van die kommissie word toe benoem Ds. C. W. du Toit, Ds. J. van Belkum, Ds. H. C. M. Fourie en Brs. T. Beckley en D. W. Moller.

Op die Alg. Kerkvergaderinge van 1917 en 1919 is nie oor die Sending gehandel nie ook nie in 1922 nie.

In 1925 kom die saak weer aan die orde en wel op aandrang van Ds. A. R. Smit en die Soeloes in Natal wat onder toesig geneem is deur die Kerkraad van Pieter-Maritzburg. Na bespreking word die saak na die Algemene Kommissie verwys om ondersoek in te stel en op die volgende vergadering te rapporteer.

Die vergadering van 1928 neem die rapport van die Algemene Kommissie in bespreking as ook die rapport van die kommissie oor sekere beskrywingspunte in verband met die saak. Hierdie bespreking het byna die hele dag se sittings in beslag geneem en aan die einde word die volgende voorstel van Dr. H. C. M. Fourie wat die saak baie kragtig bepleit het, aangeneem: „Hierdie vergadering voel dat die tyd vir ons Kerk om offisieel uitwendige sendingswerk op te vat, nog nie aangebreek het nie en daarom vir eers hom wil bepaal by inwendige sending, maar laat dit oor in die hande van lede van ons Kerk om die sendingsaak aan te vat." Die Kerk het hom hier dus uitgespreek dat hy in beginsel nie teen uitwendige sending deur die Kerk is nie.

In dieselfde jaar, 1928, het die Algemene Kommissie dan ook in opdrag van die Algemene Kerkvergadering 'n Sendings kommissie benoem met die volgende personeel Dr. H. C. M. Fourie, Prof. Dr. B. Gemser, Di. P. J. J. Venter en P. S. Grobler, en Brs. T. C. J. Erasmus en D. S. Bekker.

Die saak van die Sending is in 1931, 1934 en 1937 op die Algemene Kerkvergaderinge nie weer bespreek nie, waarskynlik omdat die tyd vir die Sending „nog nie ryp is nie." In 1942 word daar sydelings aangeraak maar ook niks definitief besluit nie. Eers in 1945 word die saak weer bespreek en besluit die vergadering. Hierdie H. E. Algemene Kerkvergadering wens by herhaling te beklemtoon dat hy ten volle bewus is van die taak en roeping van die Ned. Herv. Kerk, as Kerk van Christus, om die Evangelie tot die heidene te bring; dat die Herv. Kerk egter deur verskillende omstandighede tot hier toe nog nie sy volle aandag aan die evangelie prediking onder die Heidene kon gee nie, 'n feit wat ons betreur en skuldig laat voel, dat die tyd aangebreek het om die saak met die grootste erns aan te pak, en besluit om 'n kommissie te benoem om 'n skema uit te werk hoe die Kerk te werk moet gaan en om leiding in hierdie saak te gee en dat die bestaande genootskap voorlopig voortgaan met sy werk." Die bestaande genootskap waarvan hier sprake is, is die een wat ontstaan het na die vergadering van 1928, en wat weer opgehou het om te bestaan in 1945. Die geskiedenis van die Sending genootskap behandel ek nou nie hier nie. Ons kom by die vergadering van 1948, waar die kommissie vir Evangelisasie rapport gelewer het en wat deur die vergadering goedgekeur is en waarna die opdrag gegee is om met die werk voort te gaan.

Die Kommissie vir Evangelisasie is besig met die taak aan hom opgedra en ons staan voor die vergadering van 1951, en ons wil eintlik herhaal wat Di. Smits en van Warmelo in 1878 geskrywe het.

Ek meen dat die tyd lankal, ja in 1853 al ryp was om die Evangelie aan die naturelle te verkondig. Ons moet die hand in ons eie boesem steek, ons moet vra of ons ekskuse en verskonings in verband met hierdie saak enige waarde sal hê voor die Regterstoel van Christus. Ons politieke, of watter ander vooroordele sal seer seker vir ons geen genoegsame pleitgrond wees om ons ongehoorsaamheid goed te praat nie. Wat nodig is, is nie opinies en menings nie, maar gehoorsaamheid aan die eise van Christus. In ons Kerk is daar deurgaans 'n baie verkeerde en gevaarlike gees aan die werk n.l. die gees wat ons wysmaak dat ons met ons menslike wysheid iets tot stand kan bring, sonder God.

W. J. KEMP



DAVID JACOBUS SMITH

Op Sondag, 19 Maart 1950 is skielik oorlede Oudl. David Jacobus Smith in sy woning op sy plaas Brandhoek, aan die Vaalrivier, distr. Wolmaranstad. Met sy heengaan het die families, die omgewing en die Kerk 'n gevoelige verlies gely. Ons het armer geword, want ons het in hom 'n groot geestelike rykdom verloor, wat God in Sy grote goedertierenheid ons geskenk het. Van hom is die Woord in waarheid van toepassing: Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Sy handtekening



MARTHA MAGDALENA SMITH
(geb. Fouche)

op al die Beroepsbriewe van sy Predikante het hy onvoorwaardelik en stiptelik nagekom. Nooit het hy wrok gedra oor meningsverskil, nooit van sy medebroeders, Predikante of medemense kwaad gepraat of oorvertel nie. As sy Predikante iets sou gedoen of gesê het, wat hom nie reg voorgekom het nie, het hy hulle nooit in kerklike vergaderings of onderlinge gesprekke aangeval nie, maar altyd man teen man en reguit sy standpunt gestel en as hy in die minderheid

geval het, was hy tevrede en onderworpe. Sy Kerk se belange en die geluk van sy medemens was altyd sy hoogste strewe. Hy was dikwels afgevaardig deur Makwassie en Leeuwdoornsstad na Kerklike vergaderings. Hy was nooit haastig of oorheersend met sy opinies nie, maar het altyd rekening gehou met die Woord: ons ken ten dele en profeteer ten dele; God alleen weet alles en oordeel altyd regverdig. By Hom alleen is die hoogste Wysheid. Dit was die grondslag van al sy werk. Hoe sal ons ooit die gasvryheid, wyse raad en aanmoediging kan vergeet wat ons altyd van hom ontvang het? Wat 'n skat van dienende liefde en lankmoedigheid het in sy persoon onder ons gewandel!

David Jacobus Smith is gebore op 2 Augustus 1880 in die O.V.S. Hy was vanaf 1918 tot met sy dood onafgebroke kerkraadslid. Hy was getroud met Martha Magdalena Fouché uit 'n kerklik historiese familie in daardie omgewing waar hy gesterf het. Sy was 'n waardige Kerkraadslidvrou wat volkome aangepas het by haar eerbiedwaardige man. Sy het hom in Desember 1942 ontval en hulle lê saam ter ruste naby die woning, waar altyd liefde en vrede geheers het. Tweemaal was die vloedwaters van Vaalrivier in 50 jaar binne in die huis. Hulle het 12 kinders grootgemaak, wat sover ons weet, nog almal in lewe is en waarvan een seun, Predikant is, n.l. Ds. P. M. Smith van Oos Londen. Al die kinders dra die stempel van die mooie en goeie wat uit die huislike atmosfeer gestraal het.

Hul nagedagtenis is ons tot grote seën. Vir ons lewe hulle nog. Ons het die voorreg gehad om saam met hulle die Kerk te dien, om hul vriende genoem te word, en om hulle ten grawe te dra. Ons kon ook nie 'n ander woord by daardie geleendheid kies nie as net Heb. 11 : 7.

P. J. J. VENTER.

DIE KERK EN EVANGELISASIE

DIE bekende woorde van ons Heiland: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" bevat die laaste opdrag wat die Kerk van alle eeue van Jesus Christus ontvang het. En dit is nie net die laaste opdrag nie, dit is terselfdertyd ook die grootste opdrag. Die dissipels het as 'n klein groepie arbeiders gestaan temidde van die onmeetlike velde wat ryp was vir die oes. Menslik gesproke moes hulle 'n onbegonne taak aanpak. Maar die Gees van God het hulle werk ryklik geseën. Reeds op die Pinksterdag was daar drie duisend mense wat Jesus Christus as hul Heer en Saligmaker bely het. Dit was die eerstelinge van die geestelike oes wat dwarsdeur die eeue ingesamel word. En so het die blye boodskap van die evangelie van verlossing sy seëtog begin. Seker, die vyande van die Kerk het nie stilgesit nie. Sterk en bitter aanvalle is teen die jong Kerk van stapel gestuur. Maar ondanks dit alles het die belofte van Jesus Christus, die Hoof van sy Kerk, in vervulling gegaan: „Die poorte van die doderyk sal my gemeente nie oorweldig nie."

Met watter vuur en ywer het die vroeë Christene hulle geloof bely met woord en daad! Hoeveel martelaarsbloed het daar gevloei vir die naam en die saak van Jesus Christus! Hierdie mense was almal lewende getuies van die heil wat Christus vir sondare berei. Hulle onbaatsugtigheid en offervaardigheid wek nou nog 'n jaloersheid in ons op. Hulle blymoedige lewenswandel moet ons vandag nog inspireer!

Baie eeue het intussen verbygesnel. Die Kerk mag hom uitbrei tot in alle wêrelddele. Dit het egter nie altyd so voorspoedig gegaan nie. Met skaamte moet daar gewys word op verskillende tye toe die Kerk sy roeping om te evangeliseer nie duidelik gesien het nie. Dit was tye waarin die geestelike lewe verslap en verdor het. Immers, waar die lewende getuienis verstom, waar die Kerk geen boodskap meer het om uit te dra nie, is dit duidelik dat die Kerk self ook maar weinig meer besit.

Die bevel om te evangeliseer sal egter bly staan tot aan die einde van die dae. En die Kerk van Christus moet gelowig luister na hierdie opdrag om dan met alle kragte wat God gee en aangevuur deur sy Gees, hierdie heerlike taak te vervul. Ons noem dit 'n

heerlike taak. Evangelisasiewerk is nie 'n werk wat ons met baie besware en met baie gesug kan uitvoer nie. Ons moet hierdie arbeid nie as 'n noodsaaklike taak beskou nie, maar as 'n heerlike voorreg.

Wanneer ons dié opdrag van Christus uitvoer, moet ons oortuig wees van die rykdom van die evangelie van Jesus Christus en so uitgaan na hulle toe wat Hom nog nie aangeneem het as hulle Saligmaker nie. Ons blymoedige lewenswandel moet hulle wat nog afsydig staan, beskaam. Die rykdom wat ons as gelowiges, as gemeentes en as Kerk in Jesus Christus besit, moet ander met jaloersheid vervul. In die besef dat die beloftes wat ons in die Woord van God vind, ook vir ons tyd geld, moet ons die blye boodskap van skuldvergewing deur die bloed van die kruis uitdra.

Dit geld van die Kerk van Jesus Christus in sy geheel; dit geld ook van ons Kerk in die besonder. Daar is seker maar baie min lidmate wat beswaar het teen die opdrag van Christus. Ons kan besware hê teen **sekere metodes** van evangelisasie, maar tog seker nie teen die laaste bevel van ons Heiland nie. Die taak van evangelisasie het Christus **ook aan ons Kerk** toevertrou. En met al ons besware en vooroordele sal ons dié opdrag nooit kan wegredeneer nie. As daar ander is wat, volgens ons beskouing, hierdie werk verkeerd aangepak het, is dit ons taak om dit na die beste van ons vermoë reg te doen. En waar ons hierdie taak uitvoer, kan ons 'n dankbare gebruik maak van die goeie arbeid wat ander onder die seën van die Here reeds tot stand gebring het. As ons Kerk sy evangelisasieopdrag in gehoorsaamheid aan Jesus Christus gaan uitvoer, kan ons 'n verdieping en 'n verryking in ons geestelike en kerklike lewe verwag soos wat ons nog nie belewe het nie.

Wat die toestande in ons land betref, val ons taak in twee dele uiteen: dié met betrekking tot die blankes, en dié met betrekking tot die nie-blankes. Die een deel van ons taak bepaal hom by ons eie volksgenote, mense van ons vlees en bloed wat die pad van ons vaders verlaat het en wat met die Kerk en Godsdiens gebreek het. Die soekende liefde van Jesus Christus moet ons dring om ook dié verlore skape weer terug te bring. Daar is vandag nog altyd blydskap in die hemel oor elke sondaar wat hom bekeer.

Maar, sal u vra: waar moet ek begin? Die antwoord is: Begin met uself! Ondersoek u hart en vra uself af of u verhouding teen-

oor God reg is, of u erns maak met hierdie opdrag wat u ook geld. Die Heiland het immers gesê: „Elkeen wat my sal bely voor die mense, hom sal ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is." En as u dan met skaamte moet erken dat u nog soveel tekortskiet, gaan dan aan die werk in die naam van die Here! Oortuig ander met wie u in aanraking kom, wat die blye evangelieboodskap ook vir hulle sal beteken. Laat die christene van die jong Kerk vir u 'n voortdurende beskaming wees!

En u as kerkrade, sien toe dat die evangelisasiewerk in u gemeente verantwoordelik en sistematies uitgevoer word. Die gevaar is groot dat ons as gelowiges en as gemeentes die stoflike belange eerste stel. Dis waar, nuwe kerkgeboue en pastorieë is nodig, maar daarby moet die woorde van Christus gedurig in ons ore klink: „Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

Die ander deel van ons taak bestaan in die evangelisasie van die nie-blankes. Waar die Kerke in Europa duisende myle moet aflê om hulle sendingvelde te bereik, besit ons die voordeel dat die heidene in ons eie land woon. Ja, meer nog: hulle woon op ons plase en werk in ons huise. God plaas hulle op ons lewenspad. Hoe maklik kan ons ons taak uitvoer deur ons bediendes te vertel van Jesus Christus wat ook vir hulle gesterf het.

Ook ons Kerk as geheel het so'n heerlike taak. Toe 'n Soeloe-evangelis in 1923 by die kerkraad van Pietersmaritzburg aansoek gedoen het om met sy gemeente onder die toesig van ons Kerk opgeneem te word, is hierdie Soeloes deur God aan ons toevertrou. Die Algemene Kerkvergadering het dan ook meer as eenmaal bevestig dat hierdie werk die belangstelling en die liefde van die hele Kerk moet dra. Tog kwyn die arbeid nog weens gebrek aan belangstelling en gebrek aan fondse. Een ding is seker: God sal eenmaal van ons as Kerk en van ons as gelowiges rekenskap van ons bestuurderskap afeis!

Laat ons dan met verenigde kragte ons skouer aan die wiel sit. Die saak van Jesus Christus is baie dringend! Die tyd is kort! Laat ons as Kerk met verenigde kragte ons evangelisasie-taak op alle fronte uitvoer. Mag die verdere evangelisasie besluite van die Algemene Kerkvergadering in hierdie jaar strek tot die eer van God en tot seën van ons Kerk!

Benoni

P. G. GEERTSEMA.



ANTHONIE CHRISTOFFEL MEYER

HIERDIE waardige figuur uit die verlede is in Mei 1843 in die distrik Bloemfontein gebore waar sy ouers, Willem Johannes Meyer en Hilletje Levina Helena Catharina Meyer, gebore Bester, twee Voortrekkers, destyds gewoon het. Hy is in 1864 in die huwelik getree met Johanna Catharina Lombaard en het op die plaas Koornspruit, distrik Bloemfontein, gewoon. Sy ouers, broers en susters en hy self met sy gesin is later na Transvaal verhuis, en het hulle in die latere distrik Bethal gevestig. Sy eggenote is op 31 Januarie 1881 oorlede, en die jaar daarop het hy vir die tweede keer in die huwelik getree met Margaretha Johanna Maria, weduwee Marnewick geb. Greyling, 'n kleindogter van die vrou van Piet Retief.

In die driejarige oorlog het twee van sy seuns gesneuwel, en hy self is 28 Desember 1901 in die distrik Ermelo op kommando oorlede. Verskillende van sy afstammelinge dien as kerkraadslede. Hy was 'n troue edele karakter.

S. P. E.

FEESREDE

„ Juig voor die Here, o gaanse aarde, breek uit en jubel en psalmsing; Psalmsing die Here met die siter, met die siter en die stem van gesang, met trompette en basuingeklank; juig voor die aangesig van die Koning? die Here! "

(Rede gehou ter geleentheid van die plegtige ingebruikneming van die kerkorrel te Rustenburg op 23 Junie 1950 en op versoek gepubliseer.)

Volgens die Heilige Skrif, Gemeente, is Jubal 'n afstammeling van Kain „ die vader van almal wat op siters en fluite speel," in ander woorde van musiek en musiekinstrumente.

Musiek word in die Skrif as 'n skone en edele kuns voorgehou. Behalwe die digkuns is dit die enigste kuns wat deur Israel vlytig beoefen is. In die godsdiens van Israel het dit aanvanklik 'n baie ondergeskikte rol gespeel. In die volksfeeste het dit egter tot sy reg gekom. Dit was daar onafskeidelik aan verbonde. Deur die invoering van die psalmgesang onder Dawid is die musiek veral aan godsdienstige doeleindes diensbaar gemaak. Juis daardeur het dit tot hoër ontwikkeling gekom. Uit die hebreeuse benaming: sanginstrumente vir musiekinstrumente, blyk dat musiekinstrumente in die eerste plek gedien het om die sang te begelei.

Met die tyd het daar meer- en verskillende musiekinstrumente gekom wat ingedeel kan word in snaar-, blaas-, slag- en skudinstrumente. Die mees bekende was die siter, harp, fluit, horing, tamboeryn, luit, simbaal, trompet, basuin en orrel. Die orrel is feitlik die enigste van die bogenoemde musiekinstrumente wat tot vandag toe in gebruik gebly het by godsdiensoefeninge. In die tempel deur Herodes gebou het 'n windorrel gestaan met 10 pype, elkeen met 10 gate, in die geheel dus met 100 verskillende tone. Deur die voortuitgang in die tegniek het die orrel almeer en meer in swang gekom.

Omdat die orrel oorspronklik vir wêreldse musiek gebruik is, was dit vroeër in die Oosterse Kerk nie toegelaat nie. Die Concilie van Trente het die gebruik van orrels verbied. 'n Lang stryd is gevoer voordat die orrel tot alle Kerke toegang gekry het. Vandag word 'n orrel beskou as onmisbaar in elke Kerkgebou. Dit dien om die gemeentesang te lei en mee te help in die verheerliking van God en die grootmaking van sy driemaal heilige Naam.

Musiek is nie beperk tot hierdie lewe nie. Volgens die openbaring wat God op Patmos aan Johannes gee sal daar ook in die hemel musiek wees. Hy sien die vier lewende wesens en die 24 Ouderlinge voor die Lam neerval met siters en hy hoor die nuwe lied wat hulle aanhef: „U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie."

En, Gemeente, as daar musiek in die hemel sal wees dan mag tog seker, nee dan behoort daar ook musiek te wees op aarde en veral in ons Godshuise. En as steeds daar bo psalms en lofliedere tot eer van God deur die gesaligdes aangehef word dan mag ons tog seer seker nie swyg nie. Die Kerk van Christus moet wees 'n strydende Kerk, maar ook 'n singende Kerk. Ons moet singend optrek tot die stryd. Ons mag sing, ons moét sing, want ons is immers seker van die oorwinning. Ons moet sing want ons het so oneindig veel rede om dankbaar te wees, om te sing van die goedheid, genade, trou en liefde van ons God. Ons moet so sing dat dit vir elkeen duidelik is dat ons dankbaar gestem is, dat dit opreg gemeend is, dat dit uit ons hart kom. Ons moet met lus sing. Die bekende Engelse prediker Spurgeon sê in een van sy geskrifte: „As mens God loof moet dit op die bes moontlike wyse geskied. „Die orrel help hiertoe op uitmuntende wyse mee. Daarom is dit so goed dat feitlik in elke Kerk in ons land 'n orrel is en daarom kan u u verheug dat hierdie voortreflike instrument tans tot u beskikking is.

Die menslike stem is vatbaar vir modulasie, dit wil sê, dit kan allerlei tone aanneem. Daar is b.v. die stem vir die gesprek, die klaagstem, die smeekstem, die stem om bevele uit te reik en so meer. Maar dit sou gaaf wees as ons almal ook sou gehad het wat die digter van ons Psalm noem: die stem van gesang. Dit is 'n musikale stem, onderskeie van die gewone spreekstem.

Soos die menslike stem so ook het die orrel verskillende tone en is dit uitnemend geskik om te vertolk wat in die hart van die mens omgaan. Die orrel kan meehelp om ons blydskap en dankbaarheid te verhoog en om ons klaagsang te verdiep. Dit kan ons voer tot sonnige hoogtes en met ons saam afdaal in donker dieptes. As die orrel met sy blye, opwekkende klanke ons sang begelei en ons—

„ ons psalme vrolik toewy aan sy lof " dan is dit asof ons

„ Prys die Heer met blye galme
o My siel daar's ryke stof! "

meer vreugdevol en bly opstyg na bo.

En as ons terneer gedruk is in ons smart en ellende en ons hef in ons verslaentheid aan :

„ Uit dieptes gans verlore,
Van redding ver vandaan,
Waar hoop se laaste spore
In wanhoop my vergaan;
Uit diep van donker nagte
Roep ek, o Here, hoor,
En laat my jammerklagte
Tog opklim in u oor! "

dan is dit vir ons asof die klaagtone wat die orrel laat hoor ons smart bevestig en ons ellende beklemtoon.

As ons volk optrek ten stryd dan sal die forse klanke van die orrel ons bemoedig en sterk as ons sing :

Die Heer sal opstaan tot die stryd;
Hy sal sy haters, ver en wyd,
Laat wegvlug voor sy oë.
Hoe hoog die mens se trots mag gaan,
Hy sal geen oomblik kan bestaan
Voor God se alvermoë."

En as daar vrede kom en die strydbyl neergelê word en die oorlogsrumoer verdoof, dan sal die sagte, rustige klanke van die orrel ons harte in 'n vredestemming bring as uit volle bors weerklink :

Hef aan, hef aan met lof en dank
'n nuwe lied met nuwe klank!
Hef aan, God skenk ons vrede!
Hy het die oorlogsvlam geblus;
Na krygsgeweld skenk Hy weer rus—
Die swaard keer in die skede."

As die laaste eer aan 'n dierbare ontslapene bewys word en die doodmars die gewyde ruimtes van die Godshuis vul, dan laat die swaar droewige klanke van die orrel ons nie net dink aan die onverbiddelikheid van die dood en ons verganklikheid nie, maar ook aan die grootheid van God en die nietigheid van die mens.

En as die troumars gespeel word en die soet en tot vreugde stemmende orrelklanke ruis deur die Kerk heen dan word elkeen wat dit hoor meegevoer en blymoedig gestem.

Dit is so jammer dat baie gemeentelede swyg as God groot gemaak en verheerlik word en dat ander slegs lusteloos saamsing. Hulle sing so dat hulle amper nie hulleself hoor nie. Almal, groot en klein, moet Gods lof besing.

„ Sing oud en jonk, verruk van vreug—
Wees in die God van heil verheug."

Wie van die kinders van God het nie genoeg rede tot blydskap en dankbaarheid nie? Ook van so iemand geld die bekende woorde van die digter van Gesang 12 :

„ Hoe snood ondankbaar is die wese
Wat nie sy hart tot u verhef! ' '

U het oorvloedige rede tot groot blydskap. Tel maar u seëninge en dan sal u moet erken dat u beker oorloop, dat die Here meer aan u geskenk het as wat u kon dink, bid of verwag.

„ Vergeet nooit een van sy weldadighede,
Vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys."

Die digter van ons Psalm roep u toe: „ Juig voor die Here— breek uit en jubel en psalmsing! Psalmsing die Here met die siter, met die siter en die stem van gesang, met trompette en basuin geklank; juig voor die aangesig van die Koning, die Here! "

U het as individue en as Gemeente, en ons het as Kerk en as volk oorvloedige rede tot groot blydskap. Laat ons sing nie net in ons openbare eredienste en ons godsdienstige samekomste nie, maar ook in ons verenigingslewe en gesellige verkeer. Laat ons sing in ons werk en op ons weg; in die Kerk en buite die Kerk.

Nie net die vroeër so welbekende en geliefde huisorrel het byna helemaal uit ons huise verdwyn nie, maar ook die ou goeie gewoonte om as gesin met psalm en gesang die Here te loof. Daar word in baie gesinne teenwoordig net gelees en gebid, die psalm-gesangboek word net in die Kerk gebruik. Ons jongmense het vroeër as hulle saamkom, veral Sondae, rondom die huisorrel gaan staan en geestelike liedere gesing. Vandag het die goeie gebruik al byna helemaal in onbruik geraak. Ons jongmense kan almal die volksliedjies sing en dit is goed, maar wat so jammer is, is dat die meeste Psalms en Gesange en geestelike liedere onbekend is. Die onbekendheid word helaas ook al gevind by baie van die ouer

geslag. Gemeente, sing ons wel genoeg ter ere van God? Sou die voëls van die hemel ons nie hierin tot 'n beskamende voorbeeld kan dien nie? Luther en ander groot Hervormers het met die Kerk-hervorming die groot waarde van die kerklied vir die Kerk van Christus en vir sy lede besef. Vandaar dat met die Hervorming die kerklied so kragtig opgeleef het.

Ons moet alles doen om ons volk 'n singende volk te maak. 'n Singende volk is 'n gelukkige en tevrede volk. Maar laat ons ook toesien dat in ons lied die verheerliking van God die eerste plek inneem. Dit is paslik vir 'n volk wat bekend is vir sy godsdienssin. Ons moet egter veral as Kerk 'n singende Kerk wees. Wie het meer rede om te jubel en te sing as die Gemeente van Christus, as die duurgekooptes van die Here?

Musiek en sang het dikwels 'n verrassende uitwerking op 'n mens. Dit is nie net Saul wat dit ondervind het nie. Dit bevry die mens van vrees, bring hom tot rus en laat sy woede koel. Dit hef die mens op en gee hom moed en vertroue.

As die oorlogmars weerklink vloei die bloed vinniger in die are van die soldaat en storm hy moedig voorwaarts.

As die skip begin te sink en die dood iedereen in die aangesig staar, dan word die paniek en vrees minder as die wind op sy vlerke meevoer die gerusstellende melodie van die skeepsorkes.

„ Nader my God tot U."

Dit was voor basuin blasende priesters en 'n juigende volk wat die mure van Jerigo geval het. Die gejuig was die gelowige " amen " van die volk op die goddelike oorwinningssinjaal. Stel u voor dat die volk stil en stom gebly het toe hulle die basuingeluid gehoor het, dan het die mure daar nog gestaan. In ieder geval sou hulle toe nie geval het nie. Teen die wonderlike beurtsang is geen vyand, geen duiwel bestand nie.

Die volk van Israel was waarskynlik helemaal nie in die stemming om te juig nie. Hulle het reeds tevergeefs sewe dae om die mure geloop en op die sewende dag het hulle al sesmaal daaromheen geloop. Sewe dae lank moes hulle ongetwyfeld die spot van die mense op die muur verdra het. En tog, toe die priesters op die horings blaas het die volk, in gehoorsaamheid aan die bevel van Josef, gejuig. Daarom as u voor onoorkoomlike mure kom, moenie wanhoop nie; klem u vas aan die Woord en aan die beloftes van u

God en sing dit teen die mure op, sing dit al is dit ook bewend en aarselend :

„Maar die Heer sal in my lewe
Weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe,
Sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag
Want ek bly die Heer verwag,
My gebed sal opwaarts strewe
na die bronwel van my lewe."

Sing, almal wat na die Naam van Christus genoem word!

Sing ook in die gevaar, midde in die nag en nood. So het Paulus en Silas eenmaal in die gevangenis van Filippi gesing. Hulle het die vertwyfeling wat in hulle siel was weggesing. Nee, hulle het die deure van die gevangenis oopgesing. Die deur van hulle gevangenis en die van die hart van die sipier.

Voor die krag van die beurtsang sal ook eenmaal die laaste mure val. En die poorte van die nuwe Jerusalem sal wyk en oopgaan. Dan wanneer die engele met die wederkoms van Christus die basuin sal slaan en die trompetgeskal sal weerklink langs die gewelwe van die hemel. Die dag kom nader, loof die Heer!

„Laat hemel, aarde en see en berg en dal,
waar ook sy septer swaai—laat alle dinge
sy lof verhef in altyd wyer kringe!
En jy, my siel, loof jy Hom boweal." — Amen.

T. F. J. DREYER.

RUTGER CORNELIS VAN BROEKHUIZEN

HY was 'n broer van dr. H. D. van Broekhuizen, en is in 1860 in Otterloo, Nederland, gebore, waar sy vader, ds. H. van Broekhuizen, predikant was. Hy was op verskillende plekke in Transvaal onderwyser, in die dae van die kerkvereniging in die distrik Marico. In daarde woelige dae van stryd en sorg het hy die Hervormde gemeente trou bygestaan. In 1890 het hy op die Algemene Vergadering opgetree as sekretaris van die destydse skriba, ouderling C. J. Joubert. Hy is op 20 Augustus 1926 oorlede.

S. P. E.

GEORGE FREDERICK THEODORE PISTORIUS

George Frederick Theodore Pistorius is op 9 April 1896, op die plaas Boschpoort in die Rustenburgse distrik gebore. Op vroeë leeftyd het hy saam met sy vader, Christiaan Jacobus Hendrik Pistorius en moeder, Johanna Petronella Pistorius (geb. Robbertse), verhuis na die ou familieplaas Rooikrans, waar hy sy lewe verder deurgebring het. Sy skoolopleiding het hy op die plaasskooltjie te Leeuwpoort geniet.

Op 20 Mei 1919, het hy in die huwelik getree met Wilhelmina Elizabeth Snyman, en uit die huwelik is daar twee seuns en een dogter gebore t.w. C. J. H. Pistorius, C. Pistorius en Anna Pistorius (nou Mev. Ds. Snyman van Waterberg).

Hy het die Ned. Herv. Kerk in 30 jaar onafgebroke gedien as kerkraadslid. In Julie 1920 is hy in die Ned. Herv. Gemeente Rustenburg gekies tot diaken en twee jaar later, terwyl hy volgens kerkwet daarvoor nog te jonk was, reeds as ouderling gekies. Hiervoor moes die Hoogeerw. Komm. van die Algemene Kerkvergadering hulle toestemming verleen, wat hulle dan ook goedgunstiglik toegestaan het.

Vanaf die afstigting van die gemeente Vliegepoort van die moedergemeente te Rustenburg, het hy die dogtergemeente van die begin af onafgebroke gedien as ouderling, scriba, voorsinger en voorleser. In die afgelope paar jaar het hy op verskillende onderkommissies van die gemeente ook sitting gehad. Hy het die gemeente ook dikwels verteenwoordig op algemene Kerkvergaderings en ringsvergaderings. Vir 'n tydlank was hy ook scriba van die Ring van Rustenburg. Sy kerk het hy getrou en beskeie gedien, met die liefde van sy hart.

Op 10 Desember 1949, is hy, na 'n siekbed van twee maande op die leeftyd van slegs 53 jaar en 8 maande, in die Algemene Hospitaal te Pretoria, oorlede. Sy kalme onderworpenheid aan Gods wil, sonder een enkele woord van bitterheid of murmurering het die familie diep getref. Hy is begrawe op die ou familieplaas en laat sy eggenote, twee seuns en getroude dogter na.

Met sy afsterwe is een van die stigters en steunspilare van die gemeente weggeval en is sy groot verwagting om ook die inwyding van die nuwe kerkgebou op Vliegepoort mee te maak nie verwesenlik nie.



Van hom is bewaarheid die Skrifwoord van Spreuke 10 vers 7: „Die nagedagtenis van die regverdige is tot seën."

P. A. R. C. VAN WYK.

DIE WERK TUSSEN DIE BUITEKERKLIKES IN HOLLAND

Die taak van die Kerk is om die Evangelie te verkondig, d.w.s. te verkondig dat God die wêreld so lief gehad het dat Hy Sy Seun Jesus Christus op aarde gestuur het om vir die sonde van die mensdom te ly en te sterwe, maar ook die dood in die opstanding te oorwin; dat elkeen deel het aan hierdie verlossende sterwe en oorwinnende opstanding van Christus indien hy waaragtig in Christus glo; en dat elkeen wat die stryd van die geloof stry en die geloof behou, eindelik by God in die hemelse heerlikheid ten ewige dae sal wees (Joh. 3:16, 14:1-9; 1 Joh. 1:7b; Heb. 2:14,15; 2 Tim. 4:7, 8; Heid. Kat. Sondag I, VII, XIvv., ens.). I.v.m. hierdie Evangelie lui die opdrag van die Here Jesus soos volg: „ Gaan die hele wêreld in en verkondig die Evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word " (Mk. 16:15, 16). Die Kerk wat hierdie opdrag nie uitvoer nie, is geen Kerk nie.

Hierdie sendingopdrag het die Kerk in die verlede op verskillende wyses vervul: Ten eerste deur die gereelde verkondiging van die Evangelie aan die lidmate van die Kerk; ten tweede deur die verkondiging aan mense wat nie lidmate van die Kerk is nie (sending).

Sending word ru-weg gewoonlik in twee soorte onderskei: die sending aan die „ heidene," waaronder in die gewone spraakgebruik mense wat nie aan die Europese volkegroep behoort nie en wat nie gekersten is nie, bedoel word (dit is sending in die engere en gewone betekenis van die woord). Hiernaas staan die tweede soort sending, nl., aan die mense van jou eie volk wat nie meer aan Christus glo en aan Sy Kerk behoort nie of dit nog nooit gedoen het nie; hierdie soort sending noem ons evangelisasie.

Terwyl sending 'n aktiviteit is wat so oud soos die Kerk self is, is evangelisasie 'n aktiviteit van die jongste tyd. Met die opkoms van die Renaissance (14de-16de eeu) en die oorwinning van die Aufklärung (17de-18de eeu) het die absolutisme van die mens die oorhand gekry, d.w.s. die mens verwag nie meer sy leiding van buite homself nie, maar stel homself en sy eie insig, oordeel, navorsing en wetenskap as die laaste en hoogste gesag. Hierby mag God en Sy openbaring hulp en raad gee, maar die laaste woord kom die mens

toe. Tegelykertyd het die Protestantse Kerke veral erg verwater sodat die Kerk en sy voorvegters (die teoloë) in 'n groot mate hulle deur die wysbegeerte en natuur-wetenskap laat lei het. Die resultaat hiervan is dat in Europa, wat die bolwerk van die Christendom gewees het, 'n moderne heidendom ontstaan het—'n tipe mens wat ons net so goed 'n heiden kan noem as die mense wat ons hierbo so genoem het. Ons vind dat daar geleidelik groot getalle mense kom wat glad nie meer aan Christus en Sy Kerk glo nie, of alleen nog maar die Christendom as 'n lewenswyse erken. Met die loop van geslagte ontwikkel die toestand totdat ons vandag baie mense in Europa kry wat nie meer die elementêrste dinge van die Bybel of die Kerk af weet nie. Hierdie mense noem ons die „buitekerklikes," wat ons onderskei van die „ onkerklikes "; lg. is mense wat nog aan 'n Kerk behoort maar selde of ooit nog deelneem aan of belangstel in die Kerk.

Gedurende die afgelope aantal jare en veral na die Tweede Wêreldoorlog het die Kerk met groot erns die taak van evangelisasie aangepak. Die twee stede in Nederland wat die meeste hieraan doen, is Amsterdam en Groningen. Die organisasie staan onder die leiding van 'n bepaalde predikant wat in die gemeente spesiaal vir hierdie werk afgesonder word en wat 'n kader het om hom te help, d.w.s. 'n groep manne en vroue wat sy werk verlig en help met die organisasiewerk. Ons vertel hier een en ander van die werk in Groningen, want hoewel die werk op groter skaal in Amsterdam aangepak word, is die werk in Groningen besonder voorbeeldig georganiseer.

Die werk staan onder leiding van Ds. S. H. Spanjaard; hy is 'n Jood wat bekeer is tot die Vrysinniges en daarvandaan geleidelik ontwikkel het totdat hy heeltemal binne die kring van die Kerk staan. Dit maak hom besonder geskik vir die werk. Die evangelisasie-werk stel 'n besondere vereiste aan 'n predikant: hy moet 'n uitstekende redenaar wees, moet op hoogte wees met die ontwikkelinge op die terrein van die natuur-wetenskap, maar veral van die wysbegeerte en letterkunde, moet die sosiale stromige van sy tyd presies ken en die probleme en behoeftes van die buitekerklike goed ken. Hierdie vereistes word aan elke predikant gestel, maar in 'n besondere mate aan die evangelisasie-werker. Ds. Spanjaard munt in al hierdie dinge uit. Saam met hom werk 'n veertigtal manne en vroue wat hom help.

In kort is die werkwyse van die evangelisasie-werkers soos volg: gemeentelede stuur name van buitekerklikes van wie hulle meen dat daar 'n geleentheid is om vir die Christendom gewen te word. Aan hierdie mense word dan allereers die „Noordstar," die maandblad wat spesiaal die belange van die buitekerklikes in Groningen dien, gratis toegestuur. Dan word die mense deur een van die kaderlede besoek; baiekeer wil die mense niks van die Kerk weet nie en word hulle alleen geërger deur die pogings wat aangewend word en dan moet hulle maar eenvoudig gelaat word. Anders word hulle uitgenooi om die spesiale diens wat elke Sondagaand deur Ds. Spanjaard gehou word, by te woon. Hierdie dienste word spesiaal tot die buitekerklikes gerig en het met hulle probleme te doen en benader dinge vanuit hulle standpunt. Met spesiale kerklike feesdae, veral met Kersfees, word pamflette van allerlei aard uitgestuur. 'n Paar voorbeelde hiervan wat ek hier ter hand het, is: Lukas 2:1-20 spesiaal gedruk volgens ontwerp na druk en illustrasies deur Herman Dijkstra; op harde papier in kleure gedruk die gedig van Jan Luiken: „Wie hangte'er zo deerlyk, geteistert, geschonden," met 'n afdruk van die houtsnede van Albrecht Altdorfer van die gekruisigde Christus; pamflet „Het Grote Avontuur" wat handel oor die avontuur van die geloof en die liefde; preek van Ds. Spanjaard oor „Willen gelooven en niet kunnen," ens.

Omdat die buitekerklikes in Holland vir 'n baie groot deel uit die intelligentsia en beter ontwikkelde klasse bestaan, word besondere musiekfeeste gehou (bv. „Le Roi David" van Honegger, uitgevoer deur die Groningse stadsorkes; die verskillende Passionen van Bach, ens.). Verder word spesiale films vertoon (bv. oor die wondere van die natuur, wat dan gesien word in die lig van 'n alwyse Skepper). Of die aandag word op besondere goeie films (bv. „Ditte, een Mensenkind," „Fietsendieven, ens.) gevestig en by sommige van die films hou Ds. Spanjaard 'n inleiding voor die film vertoon word en kondig in die bioskoop ook aan dat hy die volgende Sondag oor die film sal preek. Hierdie metode lok geweldige skares mense.

Die doel van al hierdie werk is om die buitekerklikes te beweeg om hulle aan te bied vir katkesasie, sodat hulle belydenis kan doen en gedoop kan word. Die werk het dan ook 'n groot mate van welslae en elke jaar word 'n behoorlike katkesasie-klas opgelei vir die geloofsbelydenis.

Vergeleke met Europa is Suid-Afrika besonder gelukkig wat die probleem van buitekerklikheid betref. Toe die Modernisme en Liberalisme in Europa hoogty gevier het en verwoesting gesaai het, was Suid-Afrika in 'n dood stryd gewikkel om sy binneland bewoonbaar te maak. Die pioniers wat hierdie arbeid moes verrig, is weinig deur die allerlei strominge beïnvloed en het aan 'n uiters ortodokse Bybelgeloof vasgeklou. Ons is pas in die afgelope half-eeu sover dat ons aan die strominge blootgestel word. En dis juis in hierdie half-eeu waarin die Liberalisme en Modernisme geweldig op die afdraende geraak het en die mens meer ootmoed en nederigheid geleer het. Ons probleem is dan ook meer die probleem van onkerklikheid as dié van buitekerklikheid; maar onkerklikheid is die eerste stap tot buitekerklikheid en in ons stede het ons al die probleem van buitekerklikheid. Egter glo ek nie dat die probleem in Suid-Afrika dieselfde afmetings as in Europa sal aanneem nie, omdat die hoogtepunt van die beweging teen die Kerk reeds bereik is en daar van baie kante buite die Kerk alweer 'n geroep na die Christendom en die Kerk opgaan; verder omdat die Kerke (spesifiek die Protestantse Kerke) dikwels die Kerk-vernietigende bewegings met oop arms ontvang het, omdat die Kerke hierdie bewegings en gedagtes as korrek en in ooreenstemming met die wetenskap beskou het, terwyl ons Kerke gewaarsku is en kan leer uit die ervaringe van die Europese Kerke; verder ook omdat die Kerk in Suid-Afrika se kort geskiedenis 'n veel sterker rol gespeel het as die Kerk in Europa gedurende die afgelope paar eeue, sodat die Kerk hier veel sterker in die volk staan.

Egter: as die Kerk in Suid-Afrika die verskriklike probleem van die buitekerklikheid wil vermy en in die kiem wil dooddruk, sal ons met ope ore moet luister na die waarskuwings van die Kerk in Europa en dadelik die evangelisasie-werk moet aanpak. In hierdie werk kan die ervaring van die Kerk in Europa ons tot onskatbare diens wees. Egter sal ons hulle arbeidsmetodes by ons omstandighede moet aanpas: die tipe buitekerklike verskil in Suid-Afrika hemelsbreed van dié in Europa, want in Europa is buitekerklikheid die kwaal van die meer gegoede en ontwikkelde groepe, terwyl dit in Suid-Afrika hoofsaaklik die teenoorgestelde geval is; die buitekerklikheid van die laer klasse in Europa uit hom meesal (op die oomblik) in die Kommunisme, wat in Suid-Afrika (wat die blankes betref) minder 'n gevaar is. Verder is die Noord-Europëer (waar-

mee ons hier eintlik te doen het, omdat ons ons tot die probleme van die die Protestantse Kerke beperk) veel swaarder en ernstiger van gang as die Afrikaner en veel meer geneig om sy geestelike behoeftes ernstig op te neem en aan te vul uit 'n ernstige studie van wysbegeerte, natuur-wetenskap, letterkunde, e.d.m. Ons benaderingswyses en metodes sal daarom moet verskil en oorspronklik ontwerp word. Maar ons mag hierdie werk nie nalaat nie. Die Kerk is die heilige pand van die Openbaring toevertrou, die Bybel wat die grootste erfenis van die Reformasie is. As die Kerk sy taak versuim, het hy alleen homself te verwyt wanneer hy eenmaal magteloos staan en toekyk dat die leiding in die hande van wêreldse magte oorgaan, wanneer hy nie meer kan bewaar wat hy het nie en sy kroon hom ontroof word (Ob. 3:11).

P.S. DREYER.

Wagter op die heil'ge mure,
Sê my, wanneer wyk die nag?
Ag, ons tel die bange ure
Tot die skeemring van die dag,
Tot verflou die stergeflonker
En verdwyn die nag se donker,
As die son verrys in glans
Luistryk aan die hemeltrans.

U, o Heer, die Ewig-sterke,
Laat geboeides vry uitgaan;
Deur u reddingswoord en werke
Word die weg tot God gebaan.
Ons sien eens geslote harte
Oopgaan deur u sielesmarte,
Sien u kruishout voortgeplant
Ver tot in die heidenland.

GERHARDUS JACOBUS ENGELBRECHT
en
JOHANNA PETRONELLA VENTER

Gerhardus Jacobus Engelbrecht is op 2 Julie 1861 op die plaas Driefontein, in die Gatsrant distrik Potchefstroom, gebore. Hy was 'n seun van Gerhardus Jacobus Engelbrecht wat weer 'n seun was van die Voortrekker Gerhardus Engelbrecht wat in 1904 oorlede is. Sy moeder was Christina Johanna Sophia Dreyer, 'n dogter van die Voortrekker Christiaan Dreyer wat op die plaas Kraalkop in die Gatsrant gewoon het. In sy kinderjare het sy ouers op die plaas Langlaagte gewoon wat in later jare een van die ryk goudvelde van die Witwatersrand sou wees. Hierdie plaas het gedeeltelik aan sy vader behoort, maar omdat dit so sleg was vir veeboerdery het sy vader dit verkoop en het weer terug getrek na Driefontein.

In 1874 het sy ouers van die Potchefstroomse wêreld na die hoëveld verhuis en hul op die plaas Witbank, distrik Standerton, gevestig. Hier het hy bly woon, ses-en-sewentig jaar lank, tot aan sy dood op 23de Mei 1950. Hy is op 6 Maart 1882 op New Denmark, dist. Standerton, deur ds. N. J. van Warmelo in die huwelik bevestig met Johanna Petronella Venter, 'n kleindogter van die eerste onderling van Soutpansberg, Pieter Johannes Lodewikus Venter.

Hy het 'n veel bewoë lewe gehad, veelbewoë en tog ook weer rustig en gelykmatig, omdat hy so rustig en gelykmatig van karakter was. Aan verskillende oorloë het hy deelgeneem, die eerste was aan die Eerste Vryheidsoorlog van 1880-1881, toe hy aan verskeie veldslae deelgeneem het, en ook aan die slag van Amajuba. In die Tweede Vryheidsoorlog is hy op 27 Februarie 1900 aan sy linkerarm gewond waardeur hy vir die res van sy lewe daaraan gebreklik was. Op die slagveld het hy nie so iets as vrees geken nie, en hy was ook 'n bekwame militêre aanvoerder, eers veldkornet, toe kommandant en daarna kolonel.

Maar hy was bowe al in die eerste plek kerkman.

Toe daar in 1903 vir die eerste keer na die Tweede Vryheidsoorlog weer op Trichardsfontein 'n kerkviering was, is hy in die plek van sy vader wat in daardie oorlog gesneuwel is, as ouderling gekies, en by sy bevestiging wat deur die noodtoestand op kerklik



GERHARDUS JACOBUS ENGELBRECHT
en
JOHANNA PETRONELLA VENTER

gebied al die volgende dag moes geskied, het ds. Jac. van Belkum die hoop uitgespreek dat waar hy sy vader se opvolger was, die mantel van Elia op Elisa mog val. En hy het ouderling gebly tot in die jaar 1944 toe sy hoë ouderdom hom verplig het om die amp neer te lê. As ouderling was hy 'n krag in die Gemeente en die Kerkraad. Maar ook in die Kerk in die algemeen was hy 'n konstruktiewe bouer. Van 1905 is hy gereeld na die Algemene Kerkvergadering afgevaardig en vir jare lank was hy lid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Hy was nie 'n man van veel woorde nie, maar kon dadelik die koers aanvoel wat ingeslaan moes word, en aan sy beginsels was hy getrou. Ook was hy vir 'n lang tyd lid van die Kuratorium. Daar was veral drie predikante wat 'n diep indruk op hom gemaak het en aan wie hy hom nou verbonde gevoel het, dit was ds. N. J. van Warmelo, ds. Jac. van Belkum en ds. L. E. Brandt.

Op begrafnisse het hy in sy omgewing gewoonlik as koster opgetree,ongeag tot watter kerk die oorledenes behoort het. Ook was hy jare lank lid van die Standertonse skoolraad.

Dit was vir hom 'n harde slag toe sy eggenote hom 'n paar jaar voor sy dood ontval is. Op 23 Mei 1950 is hy oorlede en onder groot belangstelling van 'n skare van vriende is hy op Morgenzon begrawe. Sy jongste broer, prof. S. P. Engelbrecht, het in die kerk die lykrede gehou. By die graf het ds. J. J. Griesel die predikant van die Ned. Herv. of Geref gemeente o.a. ook die woord gevoer, en hy het onder diepe ontroering 'n treffende getuienis van hom gegee wat ons hier afdruk omdat dit 'n getuinis van 'n predikant van 'n ander kerk is, en daarom des te veelseggender. Ds. Griesel het na aanleiding van 2 Samuel 3 vers 38 „ weet julle nie dat vandag 'n vors en 'n groot man in Israel geval het nie? " die volgende gesê :-

> Hierdie woorde deur koning Dawid uitgespreek by die aanhoor van die dood van krygsowerste Abner is van toepassing op die oorledene vader Engelbrecht. Voorwaar 'n vors en 'n groot man het ons ontval. Soos ons ryker was deur sy lewe so het ons arm geword deur sy heengaan.
>
> Ons dink met eerbied aan hom en met diepe dankbaarheid teenoor God vir so 'n gawe. Vir my persoonlik was hy 'n vader van wie ek baie geleer het. Sy godsvrug, sy opregtheid sy standvastige lewensbeskouing en lewensrigting het allerweë aandag getrek.

Ons dink aan hom as die dapper krygsman. Hy het waardiglik gelei en nooit gebied wat hy nie self bereid was om te doen nie. Sy leuse was nie „ gaan " maar „kom." Hy was kommandant in die Anglo-Boereoorlog en kolonel in die Eerste Wêreldoorlog. Hy het self sy bloed gegee vir wat hom dierbaar was. Hy was een van die laaste oorlewendes in die Amajuba slag. Ons eer hom as die dapper krygsman wat die **swaard** gedra het in 'n edele **saak.** Ons eer hom as kommandant Engelbrecht.

Ons eer hom as die man wat Gods Woord gedra het. Hy was ouderling vir baie jare. In hierdie omgewing is daar haas geen kerkhof waar hy nie woorde van troos en berusting by die afsterwe van dienbares gepraat het nie, afgesien van watter Kerk hulle aan behoort het.

Altyd het hy geput uit die Woord van God. My eerste begrafnis het ek saam met hom waargeneem en baie daarna, selfs toe hy al oor die tagtig jaar was. Dikwels het hy na my studeerkamer gekom waar ons verkwikkend kon praat oor die heilswaarhede. Hy het groot liefde gehad vir sy Heer en Verlosser, vir Christus, Kerk en Sy dienaars.

Ons het hom geken as **ouderling** Engelbrecht.

Ons eer hom as die man wat die vriend van almal was. Hy het die palmtak van vriendskap onder ons gedra. Wie dank nie die Heer vir so 'n edele en troue vriend nie. Daarom het ons hom geken as Oom Gertjie Engelbrecht.

Hy was groot omdat hy homself klein geag het voor sy Heer en Maker. Veel het hy gedoen omdat hy diep afhanklik was van God.

Ons betreur sy heengaan maar gun hom die rus en die vreugdevolle ingang in Gods Koninkryk. Sy nagedagtenis is soet. Sy werke lewe voort.

DIE VYFDE GEBOD

„ Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee."

In Sondagafdeling 39 van die Heidelbergse Kategismus word die vyfde gebod behandel en verduidelik. Vraag 104 vra daarom: Wat wil God in die vyfde gebod hê? " En die antwoord hierop is, „ dat ek my vader en my moeder, en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys, en my aan hulle goeie leer en straf met gepaste gehoorsaamheid moet onderwerp en dat ek ook met hulle swakheid en gebreke geduld moet hê aangesien dit God behaag om ons deur hulle te regeer."

In 'n tyd soos die waarin ons nou leef, en waarin die huisgesin van verskillende kante onder die soeklik gestel word, is dit seker beslis nodig om die huisgesin, met die belangrike invloed wat die huisgesin uitoefen op die staat en die maatskappy, en die gevolge daarvan, vanuit 'n christelike oogpunt te beskou. Die huisgesin kan vir die staat tot diens wees, en ook vir die maatskaplike lewe, m.a.w. 'n heilsame invloed uitoefen. Maar die huisgesin kan ook 'n ontbindende faktor wees, en alles behalwe, 'n heilsame invloed uitoefen.

Ek meen dus, dat dit een van ons mees aktuele vraagstukke is, en ek wil dit graag kortliks behandel soos die Kategismus dit sien, m.a.w. ek sal hier moet stilstaan by gesag in die huisgesin, gesag in die staat, en gesag in die maatskappy.

Die algemene beginsel waarop die vyfde gebod rus, is dat God die een mens nie los van die ander gestel het nie, maar dat God die een mens met die ander mens verbind. En waar mense dus nie los van mekaar staan nie, is daar 'n samelewing, en in die samelewing is outoriteit of gesag, terwille van die sonde, onmisbaar. Tereg haal die Kategismus dus aan: „ en almal wat oor my gestel is " — dit sien op die maatskaplike en staatsowerheid. En die gesag wat by die maatskappy en die staat berus, is gefundeer in die van God ingestelde gesag, wat in die huisgesin begin waar vader en moeder gesag moet uitoefen teenoor hulle kinders.

Gehoorsaamheid aan hierdie gesag, word volgens Exodus 20 en Deuteronomium 15 geseën, „ dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee." Maar hierdie belofte van seën is nie van toepassing op aprte indiwidue nie, maar hier spreek

die Wetgewer Israël aan as geheel, as volk. Israël se samelewing as volk, moet gefundeer wees, in die van God ingestelde outoriteit, wat haar uitgangspunt neem in die ouerlike gesag in die huisgesin. En hiervan sal afhang, of Israël se selfstandige volksbestaan in die beloofde land, lank of kort sal wees. En nou is dit waar, dat Israël as volk nog bestaan, maar nie meer „ in die land wat die Here aan hulle gegee het nie."

Die vyfde gebod gaan dus uit van die beginsel van gehoorsaamheid aan alle gesag, en in die eerste plek gehoorsaamheid aan die ouerlike gesag. En onder ouerlike gesag word bedoel, nie net die gesag van die vader nie, maar ook van die moeder, soos ons dit vind is Lev. 19[3]. En die gehoorsaamheid aan die gesag in die huisgesin, is die saad waaruit die seën vir die volkslewe ontkiem. Die volk bestaan maar net uit verskillende huisgesinne en familiekringe, en as die beginsel van gehoorsaamheid in die verskillende huise gehandhaaf word, dan is die fondament van 'n behoudende en saambindende krag reeds gelê, vir die volkslewe. Ek wil dit stel, dat waar die vyfde gebod in ere gehou word, daar word 'n goedgeordende en duursame samelewing gebore.

Hierdie gebod sien dus op gesag. Die Kategismus voeg by: „ aangesien dit God behaag om ons deur hulle te regeer." Waar mense saam woon, is daar leiding en gesag nodig, want anders is daar verwarring en chaos. En chaos en verwarring is die gevolg van die sonde. En om die sondige natuur van die mens teen te werk, is daar gesag ingestel deur God. Daarom erken ons, dat die owerheid ingestel is, terwille van die gevolge van die sonde. As daar geen sonde was, dan was die owerheid oorbodig.

Maar al was daar nou geen sonde nie, dan sou daar tog behoefte gewees het, aan die behoorlike ordening van die menslike samelewing. Daar sou dus tog die behoefte gewees het, aan 'n sekere mate van leiding en gesag, want in al die gebooie, en ook in die vyfde gebod, sien ons die wil van God uitgedruk. En hierdie wil van God, soos dit in al die gebooie bewoord word, is die beginsels van die heilige reg, soos God dit vir ons gestel het. Ook sonder enige sonde, sou daar tog die relasie tot ons ouers gewees het, en sou hulle 'n sekere mate van gesag oor ons gehad het. Daarom kan ons onderskeid maak, tussen gesag wat in die lewe self gefundeer is, en gesag wat van buite opgelê word, m.a.w. ouerlike gesag en owerheidsgesag. Die ouerlike gesag is gefundeer in die menslike

generasie, en in die hulpeloosheid van die mens in die eerste paar jare van sy lewe, en daarna begin dit ook in die mens se gewete. Hierdie ouerlike gesag het dus 'n goddelike sanksie. Maar die gesag van die owerheid word ons van buite, ná geboorte, opgelê terwille van die sonde.

En God verbind die huisgesin, liggaamlik en geestelik. Die liggaamlike band word gelê deur geboorte, en die geestelike band lê God, deur die kinders te beveel om hulle ouers te gehoorsaam. Ook in die volkslewe kry ons hierdie tweërlei band — deur bande van bloed is die volk gebind, en ook geestelik is die volk gebind, deur dieselfde owerheid en gesag te gehoorsaam. Die saambinding van die huisgesin en die volk lê in hierdie gehoorsaamheid. En sonder gehoorsaamheid kan die huisgesin nie bestaan nie, en die staat ook nie.

En waar God nou gesag gegee het aan mense wat oor ons gestel is, en hierdie mense ook 'n sondige natuur het, netsoos onsself, bring daardie gesag die verleiding, om hulle mag te misbruik. En dit is dus geen wonder waarom die mag so baie misbruik word nie. Ouers en owerhede is dus mense, wat in die plek van God oor ons regeer. Hulle regeer „ deur die grasie van God " — d.w.s. hulle regeer, nie vanweë hulle voortreflikheid nie, maar omdat God hulle as instrument of plaasvervanger gebruik om oor ons te regeer.

En die gesag wat God aan sekere mense gee om oor ander te regeer, kan in die uitvoering van die gesag ten dele, of heeltemal, aan ander oorgelaat word. So maak die owerheid gebruik van amptenare soos magistrate ens. En in die huisgesin gaan dit presies so, die gesag kan in die uitvoering daarvan, oorgedra word aan die onderwyser, of broer, of suster.

En in die vyfde gebod lê ook die beginsel van reg, in soverre as wat dit op die aarde onder die mense, en deur die mense gehandhaaf word. Die reg self lê in God. Maar deur die sonde is die gevoel vir reg verduister, en het daar by die mense die bose neiging gekom om die reg te skend. Die regsorde wat ons dus ken, wortel in die vyfde gebod, en as dit nie so was nie, dan mis alle regsordeninge bindende gesag. En hierdie regsorde bestaan terwille van die sonde, maar dit staan in verband met die regsorde van God. As daar dus geen sonde was, dan sou die mens volgens sy eie ingeskape regsorde geleef het, en sou ons nie soiets soos magistrate en advokate geken het nie. Maar onafhanklik van hierdie menslike regs-

orde, bestaan daar 'n goddelike regsordening in die gewete van die mens, wat God daar handhaaf deur selfbeskuldiging en gewetenswroeging. En meestal vel die gewete die vonnis, lank voordat die menslike regsorde die vonnis uitspreek.

En as dit nou sou gebeur dat die goddelike regsorde met die menslike regsorde bots, dan moet die laaste altyd wyk voor die goddelike. As die formulering van die menslike regsorde nie ooreenstem met die goddelike nie, dan is dit die plig van die gelowige om dit te kritiseer, en die foute aan die kaak te stel. Ook ons regspraak is dikwels deur gebrek aan kennis en insig nie in ooreenstemming met die goddelike ordening nie, maar ondanks alle gebreke, bly die menslike regsorde 'n instelling van God, waardeur Hy reg en geregtigheid op aarde wil handhaaf.

Maar die mens wil van nature geen gesag oor hom hê nie. Deur die sonde is die mens so verdraaid, dat hy sonder gesag wil leef. Bewys hiervan is al die ongehoorsaamheid en weerspannigheid. Ons kry hierdie ongehoorsaamheid in die huisgesin, in die skool en in die maatskaplike lewe. Hierdie ongehoorsaamheid is sonde teen die vyfde gebod. Dit is die openbaring van die gesindheid van die mens, dat hy geen gesag wil erken nie. Die mens wil in vryheid leef—hy wil eintlik in bandeloosheid leef. Dan meen die mens dat hy vry is, maar dan is hy eers slaaf van die sonde, want die mens kan nooit sy eie meester wees nie—want die mens kan slegs een van twee dinge doen n.l. hy kan die gebooie van God in ere hou en die goddelike gesag erken, of hy kan dink dat hy vry is, en dan is hy niks meer as 'n slaaf van die sonde nie.

Aan die begin het ek gesê, dat die huislike lewe in ons tyd, 'n aktuele vraagstuk vir die Christendom geword het, en ook vir ons volk. Die gelukkige lewe van die huisgesin is 'n seën vir die volk, maar die verkeerde huislike lewe is vir die volk net andersom. Dit is dus van die uiterste belang dat die huisgesin heel en ongeskonde moet bly. En die verbrokkeling van die huisgesinne het in die laaste jare onrusbarend toegeneem, wat beslis 'n stempel op die volkslewe sal afdruk. Die gesag het hiermee in die huisgesin ten dele, of heeltemal verdwyn. En hiermee sal die erkenning van gesag in die maatskappy en staat ook begin kwyn.

Die opvoeding van die kind—ja, die christelike opvoeding van die kind, is in ons tyd 'n behoefte. Die ouers moet hulle kind opvoed in die vrees van die Here, en hulle kinders tot voorbeeld wees

in die getroue bywoning van die erediens. Die ouerlike gesag moet op christelike wyse gehandhaaf word. En as dit eers in die huisgesin goed gaan, sal dit in die maatskaplike lewe, en met die volkslewe ook goed gaan. En dan sal dit in die kerk reg wees. Dan sal die mens die van God ingestelde gesag en outoriteit erken, en nie slaafs die sonde dien nie. En as 'n mens slaafs die sonde dien, dan word die samelewing ten slegte beïnvloed.

As die vyfde gebod deur ons in ere gehou word, sal God ons seën, maar so nie, wat wag vir ons as volk?

SAMUEL E. YOUNG.

Laat m' in U blijven, groeien, bloeien,
O Heiland, die de wijnstok zijt!
Uw kracht moet in mij overvloeijen,
Of 'k ben een wis verderf gewijd;
Doorstroom, beziel en zegen mij,
Opdat ik waarlijk vruchtbaar zij.

Wat vruchten zal de landman plukken,
Die blaadren, maar geen bloesems ziet?
Leer mij de zelfzucht onderdrukken,
Die niet dan wilde loten schiet!
Des landmans wijsheid snijd' en snoei',
Opdat de druif te voller bloei'.

Neen, Heer! ik wil van U niet scheiden,
Ik ben de uw', blijf Sij de mijn'!
Uw liefde moet alom mij leiden,
Uw leven moet mijn leven zijn;
Uw licht moet schijnen in mijn huis:
Bij kruis naar kracht, en kracht naar kruis.



PRESIDENT S. J. P. KRUGER
op Buffelspoort in 1895

IN die Grondwet van die ou Zuid Afrikaansche Republiek was dit bepaal dat die Staatspresident ieder jaar saam met 'n lid van die Uitvoerende Raad die verskillende distrikte moes besoek. Langs die pad is die President dan oral deur die burgers ontmoet en verwelkom. Newensgaande portret laat ons so 'n verwelkoming sien op die plaas Buffelspoort naby Rustenburg, toe president Kruger in 1895 in geselskap van die Uitvoerende Raadslid Schalk Burger op 'n deurreis was na Rustenburg. Verskillende persone het hom toe op Buffelspoort verwelkom. Onder hulle was ook A. W. J. van Rensburg later die bekende ouderling van Rustenburg en tans nog van Marikana, en wat alom onder die naam van „ Oudste " bekend is. Hy is die vierde persoon van regs, met die witbroek en die hoed onder die arm. Die Uitvoerende Raadslid Schalk Burger sit langs president Kruger.

S. P. E.

Ure, dae, maande, jare,
Vlieg soos skadudrome heen,
En die wentelende jare
Gaar verganklikheid alleen;
Van ons ondermaanse swerwe
Bly geen spoor of teken staan;
Al wat word moet kwyn en sterwe,
Waar die tyd se weë gaan.

Heengegaan het voorgeslagte,
En hul kroos bloei op hul graf;
Ons ook is dié lot te wagte:
Mense val soos blare af.
Stof, deur eeue heen vergader,
Hou dieselfde graf byeen;
Net by U, o eewge Vader,
Vind die mens sy troos alleen.

DIE CHRISTUSVERKONDIGING IN DIE PROTESTANTSE KERK

Waar hier gehandel word oor die Christusverkondiging in die Protestanse Kerk, daar word dit gedoen met die oog op die prediking van die Roomse Kerk wat nie meer enkel en alleen 'n christusverkondiging is nie, geen skrifprediking nie.

Paulus skryf in 1 Korinthiërs 2 vers 2 met nadruk dat hy hom voorgeneem het om niks onder die mense in Korinthe te weet nie behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Meermale het hy dit benadruk dat hy alleen Jesus verkondig, die enigste Verlosser en Behouder, die enigste Middelaar tussen God en die mense.

In die Middeleeue was daar 'n sodanige misvorming en vervorming van die Kerk en die prediking van die Kerk, dat 'n Hervorming noodsaaklik geword het. Die Roomse Kerk het die gesag van die Skrif losgelaat en hom gebuig vir die instellings van mense. Die Skolastiek, die kerklike wysgebeerte van die Middeleeue, het in die Roomse Kerk heerskappy gevoer, en die Bybel het 'n geslote Boek geword. Dit was hierteen waar die Reformatore hulle verset het. Dit Protestantisme in die algemeen en die Hervormde Kerke in die besonder, het van twee beginsels uitgegaan wat in die vorige eeu die formele en die materiële beginsel genoem is. Die Hervormers self en die Protestantse Belydenisskrifte het nie hierdie onderskeiding gemaak nie, maar dit lê tog in die Protestantse teologie opgeslote. In die formele of objektiewe beginsel gaan dit om die vraag **hoe** die mens aan die kennis van die ewige waarheid kom en **waar** daardie waarheid te vinde is. Die antwoord wat die Hervormers daarop gegee het, was dat die Heilige Skrif die enige kenbron vir daardie ewige waarheid is, van die weg ter saligheid. Die mens moet hom dan ook vir die gesag van die Skrif buig. In die materiële of die subjektiewe beginsel kom die vraag weer aan die orde **wat** die waarheid is waardeur die mens geregverdig word. Die antwoord hierop is dat die mens deur die geloof geregverdig word en dat die saligheid van die mens van God afhanklik geag moet word. God openbaar Hom sowel in die Skriftuur as in die natuur maar die weg tot saligheid is alleen in die Skriftuur te vinde. Naas die Skrif word niks anders gestel nie. Geen onfeilbare kerkleer nie, geen onfeilbare menslike oorlewering nie, geen onfeilbare menslike woord nie. Alleen die Woord van God is onfeilbaar. Hier is dan

ook die groot verskil, die groot teenstelling tussen die Middeleeuse Skolastiek en die Hervormde teologie: die Middeleeuse Skolastiek het die menslike woord naas en gelyk met die Woord van God gestel terwyl die Hervormers alleen uit die Skrif wou put. Die studie van die Skrif het hulle die eerste gestel, en daarom was hulle sulke grote eksegete. Die Protestantse dogmatikus moet dan ook in die eerste plek skrifverklaarder wees. Sy kennis van die dogmatiek moet hy in die eerste plek uit die Skrif haal. Dit is die formele beginsel. In die tweede plek haal hy dit uit die belydenis van die Kerk. Die Protestantse dogmatikus bou op die Skrif en nie op mense nie, nie op Luther, of Calvyn, of dr. Abr. Kuyper of Karl Barth nie. Dit was die suiwer Reformatoriese standpunt wat deur die keurvors Frederik die Vrome, die geestelike vader van die Heidelbergse Kategismus, in 1563 uitgespreek is: „Ons erken God lof dat ons Christene is, in die naam van Christus gedoop, en nie in die naam van Zwingli, van Calvyn of van Luther nie. Ons hou hierdie manne en anderes vir mense en werktuie van God; deur wie Hy, soos dit vir ons toeskyn, baie goeds in die wêreld tot stand gebring het; ons neem aan dat hulle baie goeds geskryf het maar ook baie gedwaal het; sodat ons dan ook die geskrifte van hierdie en ander mense in soverre aanneem as wat dit met Gods Woord ooreenstem en al die orige laat ons vaar, net soos hulle self ook wil dat daarmee gehandel sal moet word."

Die eerste Reformatore het nie in die minste daaraan gedink om die Kerk, waarin hulle opgegroei het, los te laat nie. Die Kerk moes aan die hand van die Skrif gesuiwer word. Maar Rome het dit vir hulle onmoontlik gemaak. Rome het die dwaalleer waarteen die Hervormers beswaar gemaak het, nie alleen geduld en bevestig nie, maar as ewige onveranderlike waarhede geproklameer en wel op so 'n wyse dat Rome self hierdie dwaalleer nie weer kan loslaat sonder om sy eie bestaan op te hef nie. Dit is gedoen deur die Konsilie van Trente, 1545-1563, wat die Woord Gods en die woord van die mens van gelyke betekenis verklaar het; deur die pouslike proklamering van die dogma van die Onbevlekte Ontvangenis van Maria in 1854 waardeur die Mariaverering bykans die verering van Christus oorskadu; en deur die Vatikaanse Konsilie van 1870 toe die Onfeilbaarheid van die Pous tot kerklike leerstuk verklaar is, waardeur die Roomse Kerk gevaar loop om nie meer **Christelike** maar **Pouslike** Kerk te wees.

Vóór die Konsilie van Trente was dit nog moontlik vir die Protestante en die Rooms Katolieke om kerklik mekaar te ontmoet, maar na Trente is dit uitgesluit. Teenoor die beginsel dat die Heilige Skrif algenoegsaam is om die weg ter saligheid uit te leer ken, het Trente geleer dat die kerklike oorlewering van gelyke gesag is as die Skrif en dat die Skrif alleen deur die Kerk uitgelê kan en mag word, en dat hierby die Latynse Vulgaat die offisiële teks van die Skrif is. Onder die oorlewering word verstaan die som van alles wat in sake wat tot die geloof en sedes behoort, deur Christus self of deur sy Apostels self alleen mondeling voorgedra is en deur die genade van die Heilige Gees onafgebroke en onvervals deur die Kerk bewaar is, al is dit ook nie op skrif gestel nie.

En wat die Skrif betref, het Trente vasgestel dat die Aprokriewe boeke ook kanonieke gesag het, net soos die ander Bybelboeke. En van hierdie Skrif is die Latynse Vulgaat 'n ou Latynse vertaling wat op baie plekke foutief vertaald is, die gesaghebbende teks. En alleen die Roomse Kerk is bevoeg om die Heilige Skrif uit te lê.

Met ander woorde waar die Hervormers hulle vir hul leerstellings en teenoor die dwaalleer van Rome op die Heilige Skrif beroep, daar het die Konsilie van Trente drie dinge **naas** die Skrif gestel, **gelyk** met die Skrif, as grond vir sy dwaalleer, naamlik die kerklike oorlewering waarin juis hierdie dwaalleer opgeneem is, die Apokriewe boeke waarin sommige van die Roomse ketterse stellings mee bewys word, en die Latynse vertaling waarvan die foutiewe vertaling ook die ketterse stellings moet steun. As voorbeeld van die laaste noem ons hier 2 Bybel tekste, Gen. 3 vers 15b en Gen. 48 vers 16. Gen. 3 vers 15b word ooreenkomstig die Hebreeuse teks as volg vertaal: **Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.** Christus, die tweede Adam, sal die kop van die slang vermorsel. Die Vulgaat lees egter: **Sy sal jou die kop vermorsel.** Hierdie **Sy** is dan Maria, die tweede Eva! Hierdie foutiewe lesing van die Vulgaat dien dan as bewys-plek vir die Maria-kultus. Hier, by die Paradysbelofte vind ons die verskil in die Protestantse Christusverkondiging, en die van die Roomse Kerk. Volgens die Protestantse beskouing vind ons hier die eerste Christusverkondiging. God self beloof hier aan die gevalle mens die Verlosser wat die verlore mens sal behou, wat die ryk van satan en sy mag sal verbreek. Maar volgens die Roomse Kerk word Christus hier na

die sondeval nie gepredik nie maar Maria. Sy sal die kop van die slang vermorsel; sy sal die ryk van Satan vernietig; sy word aan die gevalle mens as redster beloof en nie Christus nie. Waar die Protestantse Kerk 'n Christelike Kerk is, daar is die Roomse Kerk 'n Maria - Kerk. Rome kan alleen die verkeerde uitlegging van die Paradysbelofte so aanvaar deur die verkeerde Latynse Vulgaat as offisiële teks te maak. 'n Ander voorbeeld in Genesis 48 waar Jacob die seuns van Josef seën, vertaal ons vers 16 ooreenkomstig die Hebreeuse teks: **Mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak.** Die foutiewe lesing van die Vulgaat is: **Laat my naam aangeroep word oor hulle en ook die name van my vaders Abraham en Isak.** Hierdie foutiewe lesing van die Vulgaat moet dan dien as bewysplek vir die aanroeping van die heiliges.

Verder is die Kerk, dit wil sê die Pous, die enigste uitlegger van die Skrif. Die wat dit nie aanvaar nie, moet in die ban gedoen word, ge-ekskomuniseer, want vir hom is daar geen plek in die Kerk nie; hy is 'n uitgeworpene wie se mening nie mee tel nie. Rome het dit dus afgesny en onmoontlik gemaak om met die Protestante 'n gedagtewisseling oor die leerstellige geskilpunte te hou.

In 1564, 'n jaar na die sluiting van die Konsilie, het pous Pius IV die Geloofsbelydenis van Trente uitgevaardig wat 'n samevatting is van die leerstellings wat deur die Konsilie vasgestel is. Dit is bindend gemaak vir alle waardigheidsbeklêders en leeraars in die Roomse Kerk en word ook gebruik as belydenis wat die Protestant moet aflê wat na Rome oorgaan. Dit bestaan uit twaalf artikels waarvan die eerste die Belydenis van Nicea bevat. Ons gee dit hier in Afrikaans weer omdat mens daarin die Roomse kerkleer kortliks saamgevat vind, behalwe die dogma van die Onbevlekte Ontvangenis van Maria wat eers in 1854, en die van die Pouslike Onfeilbaarheid wat eers in 1870 vasgestel is :-

1. Ek N.N. glo en bely met 'n vaste geloof alles en ieder van die stukke van die geloofssimbool wat die heilige Roomse Kerk gebruik, nl. :-

   (en dan volg die Niceense Belydenis.)
2. Ek neem mees standvastiglik aan en ek omhels die apostoliese en kerklike oorlewerings en alle andere gebruike en bepalings van die selfde Kerk.
3. Ek neem ook die heilige Skrif aan, ooreenkomstig daardie sin

waarin onse heilige Moederkerk dit gehou het en hou, aan wie dit toekom om oor die ware betekenis en uitlegging van die Skrifte te oordeel; en ek sal dit nooit anders neem en uitlê nie dan volgens die unanieme ooreenstemming van die Vaders.

4. Ek bely ook dat daar waarlik en by uitstek sewe sakramente van die nuwe wet is, deur Jesus Christus onse Heer ingestel, en nodig vir die saligheid van die mense, hoewel nie vir almal en elkeen nie, naamlik die doop, die vormsel, die avondmaal, die boete, die laaste oliesel, die priesterwyding en die huwelik; en dat dit genade gee; en dat hiervan die doop, die vormsel en die priesterwyding nie sonder heiligskennis herhaal kan word nie. Ook erken en aanvaar ek die aangenome en goedgekeurde seremonies van die Katolieke Kerk wat by die plegtige toediening van die voornoemde sakramente gebruik word.
5. Ek omhels en neem aan alles in die geheel en afsonderlik van wat in die heilige Konsilie van Trente oor die erfsonde en regverdiging bepaal en verklaar is.
6. Netso bely ek dat in die mis 'n ware, werklike en versoenende offer vir die lewendes en die dodes aan God geoffer word; en dat die liggaam en bloed saam met die siel en die godheid van onse Here Jesus Christus waarlik reël en wesenlik (substantialiter) in die allerheiligste sakrament van die avondmaal is; en dat daar 'n verandering is van die hele wese van die brood in die liggaam, en van die hele wese van die wyn in die bloed; watter verandering die Katolieke Kerk transubstansiasie noem.
7. Ek bely ook dat Christus onder ieder afsonderlike gedaante (specie) in sy geheel en 'n ware sakrament genuttig word.
8. Ek hou standvastiglik dat daar 'n vagevuur is en dat die siele wat daar gehou word, gehelp word deur die gebede van die gelowiges. Netso, dat die heiliges wat met Christus regeer, vereer en aangeroep moet word en dat hulle gebede aan God vir ons offer en dat hul relieke vereer moet word.
9. Ek verklaar as beslis waar dat die beelde van Christus en van die Moeder Gods die onbevlekte Maagd asook van die ander heiliges daar moet wees en behou moet word en dat die verskuldigde eer en verering daaraan gegee moet word. Ek bevestig dat die krag van die aflate deur Christus in die Kerk gelaat is en dat die gebruik daarvan baie heilsaam vir die Christenmense is.

10. Ek erken die heilige Katolieke Apostoliese Kerk van Rome as die moeder en meesteres van alle Kerke; en ek beloof en sweer troue gehoorsaamheid aan die Biskop van Rome, opvolger van die heilige Petrus, die Prins van die Apostels en die Plaasvervanger van Jesus Christus.
11. Netso neem ek aan en bely ek sonder twyfel alle ander dinge wat deur die Heilige Kanons en Algemene Sinodes en in die besonder deur die heilige Konsilie van Trente oorgelewer, bepaal en verklaar is; en ek veroordeel, verwerp en verban alles wat daarmee teenstrydig is en alle kettery wat die Kerk veroordeel verwerp en uitgeban het.
12. Op hierdie oomblik bely en handhaaf ek waarlik, uit eie, vrye wil, hierdie ware Katolieke geloof waarsonder niemand salig kan word nie; en ek beloof baie standvastiglik om dieselfde met Gods hulp tot aan die einde van my lewe in sy geheel ongeskonde te behou en te bely. En ek sal sover as dit in my vermoë is sorg dra dat dit deur my ondergeskiktes of die waarvan die sorg onder my amp val, gehou, geleer en gepreek sal word. Dit beloof, beëdig en sweer ek—so helpe my God, en hierdie heilige Evangelies van God.

Deur die besluite van die Konsilie van Trente het Rome die Protestantse leer nie alleen veroordeel nie maar die Protestante self ook as uitgebannes uit die Kerk verklaar, as ketters met wie daar geen geestelike gemeenskap gehou kan word nie. Waar die Protestante hulle alleen op die Heilige Skrif beroep, daar bou Rome op 'n ander Skrif, naamlik op 'n Latynse vertaling wat op baie plekke foutief is en wat ook die Apokriewe boeke bevat wat deur die Protestante nie as Heilige Skrif erken word nie. Verder word die oorlewering naas en gelyk met die Skrif gestel wat bowedien ook nog alleen deur die Roomse Kerk uitgelê mag word. Rome en die Protestante kon mekaar voortaan nie meer op dieselfde bodem ontmoet nie.

Maar daar het nog meer gebeur. In 1854 het pous Pius IX 'n nuwe dogma afgekondig, die dogma van die Onbevlekte Ontvangenis van die Maagd Maria. Die Maria-verering dateer al vanaf die vierde eeu na Christus en is heeltemaal heidens van oorsprong. In die Nuwe Testament word dit nie geleer nie. Hierdie Maria-verering het later oorgegaan in 'n Maria-vergoding. In die gebede van die Roomse Kerk word sy genoem die Koningin van die

Engele, die Koningin van die Aartsvaders. En tot haar word gebid: „ die hele wêreld vereer U as die dogter van die ewige Vader. U sit met u Seun aan die regterhand van die Vader." Hierdie Maria-vergoding het uitgeloop op die afkondiging van die dogma van die Onbevlekte Ontvangenis. Maria was dan nie alleen sonder dadelike sonde nie, maar was ook sonder erfsonde. Sy was nie soos die ander mense in sonde ontvang en gebore nie.

Die Dekreet waarin Pius IX in 1854 hierdie dogma afgekondig het, lui as volg :-

„ Nademaal ons nooit opgehou het om in nederigheid en in vaste onse gebede en die gebede van die Kerk op te stuur aan God die Vader deur sy Seun, sodat Hy dit mag waardig keur om onse gemoed deur die krag van die Heilige Gees te bestuur en te bevestig, na die afsmeking van die beskerming van die hele hemelse hof, en na aanroeping op onse knieë van die Heilige Gees die Parakleet, **kondig ons af, verklaar en bepaal ons** tot die glorie van die Heilige ondeelbare Triniteit, die eer en versiering van die heilige Maagd die Moeder van God, tot die verheffing van die Katolieke geloof en die vermeerdering van die Christelike godsdiens, deur die gesag van onse Here Jesus Christus en die geseënde Apostels Petrus en Paulus, en op ons eie gesag, dat **die leer wat inhou dat die Geseënde Maagd Maria vanaf die eerste moment van haar ontvangenis deur 'n besondere genade en voorreg van die Almagtige God, met die oog op die verdienstes van Christus Jesus die Saligmaker van die mensheid van die bevlekking van die erfsonde bewaar is, deur God geopenbaar is, en daarom vas deur alle gelowiges standvastiglik en voortdurend deur alle gelowiges geglo moet word.** Daarom as sommige mense hul mag verstout om in hul harte anders te dink as wat ons bepaal het (hetgeen God verhoede) moet hulle weet en terdege verstaan dat hulle deur hul eie oordeel veroordeel is, dat hul geloof skipbreuk gely het, en hulle van die eenheid van die Kerk weggeval het; en verder dat hulle deur hierdie daad hulle onderhewig gemaak het aan die strawwe wat deur die wet vasgestel is as hulle in woord of geskrif of op enige ander uiterlike wyse durf te kenne gee wat hulle in hul harte dink."

Met hierdie leerstuk wat elke lid van die Roomse Kerk verplig is om te aanvaar, het die kloof tussen Rome en die Protestantisme dieper en breër geword. Van Christelike Kerk het die Roomse Kerk Maria-kerk geword. Maria word deur hierdie leerstuk uit die

gevalle en verloste geslag van Adam uitgelig en gelyk met die Verlosser geplaas, want as sy geen erfsonde of daadsonde het nie, dan het sy ook geen verlossing nodig nie. Berou, vergiffenis, wedergeboorte, bekering, heiligmaking is op haar dan net so min van toepassing as op Christus self. Die Maria-diens oorskadu Christus in die Roomse erediens. In die afbeeldings wat van haar gegee word is sy gewoonlik die moeder wat die **kindjie** Jesus in die arms het. Dit is nie Christus wat die kop van die slang vermorsel het nie maar, soos pous Pius IX dit uitgedruk het, Maria het dit „ met haar onbevlekte voet " gedoen. Sy word in die plek van die Heilige Gees gestel en word tot middelares tussen Christus en die gelowige gemaak. En die „ Ave Maria " is vir die Roomse wat die Onse Vader vir die Protestant is.

In 'n Roomse-Katholieke dogmatiek wat twee jaar gelede verskyn het, word van haar gesê dat Sy „ with her Son was to overcome Satan." Dus, die verlossingswerk is nie die werk van Christus alleen nie, maar van Christus tesame met Maria. Hier volg 'n paar verdere aanhalings uit die genoemde dogmatiek: „ The co-operation of the Mother with the Redeemer who was her Son differs not only in degree, but also in kind, from that of any other saint. For her consent alone he waited when he sent Gabriel to her presence. She alone is his Mother; she alone, as the second Eve, stood beneath the Cross." Dus, die engel Gabriel is nie deur God na Maria gestuur om haar mee te deel dat sy geboorte sou gee aan 'n kind, die kind Jesus nie, maar hy is deur Jesus na Maria gestuur om haar toestemming te vra dat Hy uit haar gebore kon word. So lees ons dan ook verder op dieselfde bladsy van hierdie dogmatiek: „ In the New Testament we are shown the picture of Mary saluted by the Angel, Mary, in obedience unparalleled on earth, Mary in her deep humility, Mary giving utterance of her **Fiat**—, be it done unto me according to thy word — Mary overshadowed by the Spirit of God, Mary the chosen vessel of election, Mary the Mother of the Word, and then — after her years of union with her Son in the holy house of Nazareth—Mary beneath the Cross, the head of Satan crushed, man delivered. The Fathers of the Church supply the commentary when they teach us how the Mother of God undid the work of Eve." En daarom kan die skrywer verderaan sê, „ Mary is the cause of our salvation." Sy word verder genoem „ the eldest daughter of the Father, and the beloved Mother of the Son, and the

chosen Spouse of the Everlasting Spirit." Sy is die **Felix caeli porta,** die geluksalige hemelpoort. Dit behoef geen betoog dat soiets volkome in stryd is met die onderrig wat Christus self aan sy dissiepels gegee het nie. Waar Hy self sê: „Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word," daar sê Rome dat Maria die deur is waardeur mens moet ingaan om gered te word.

Die Maria-verering het in die Roomse Kerk vanaf die dae van die Middeleeue in ergerlikheid toegeneem, en as illustrasie hiervan word enkele voorbeelde aangehaal uit die Katolieke Gesang- en Gebedeboek wat in 1941 met die Imprimatur van die Roomse Kerk in Afrikaans verskyn het en in Oudtshoorn, Kaapprovinsie, gedruk is. Nadat haar tussenkoms afgesmeek is om van God vergiffenis van sonde te kry, word in een gebed gesê: „U voorspraak, liefste Moeder, bly voorwaar nooit onverhoord" (bls. 1). In 'n ander gebed word God gevra dat ons deur die Moeder van Christus, die Maagd Maria, „die vreugdes van die ewige lewe verkry" (bls. 4). En „daar ek nou aan U behoort, o goeie Moeder, behoed en beskerm my as u eiendom en besitting" (bls. 7); dus waar die Skrif leer dat die verlostes die eiendom van Christus is, 1 Korinthiërs 3 vers 23 en Titus 2 vers 14, daar leer Rome dat die verlostes die eiendom en besitting van Maria is. Sy word in een van die gebede genoem „Middelares tussen God en die mense, liefde van die sterflikes en hul hemelse lig" (bls. 160), en dit terwyl die Skrif sê „daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus," 1 Tim. 2 vers 5. Vir die Protestant is Jesus Christus die Middelaar tussen God en die mense maar vir die Roomse is Maria die Middelares tussen Jesus Christus en die mense en word vir die sterwende gebid: „Mog die barmhartigste Maagd Maria, vriendelikste Vertroosteres van hulle wat treur, die siel van haar dienaar aan haar Seun beveel, opdat deur haar moederlike voorspraak hy die dood nie mag vrees nie, maar in vreugde die hemelse woning mag ingaan" (bls. 191). Aan Maria word dan ook in die gebede die wonderlikste name gegee, soos Magtige Maagd, Setel van die wysheid, Geestelike Vat, Geheimnisvolle Roos, Toring van Dawid, Ivore Toring, Goue Huis, Ark van die Verbond, Deur van die Hemel, Toevlug van die Sondaars, Hulp van die Christene, Koningin van die Engele, Koningin van die Aartsvaders, Koningin van die Profete, Koningin van die Apostels, Koningin van die Martelaars, Koningin van die Belyers, Koningin van die Heiliges,

Koningin van die Heilige Rosekrans (bls. 66, 67). Die hele wêreld vereer haar „as die dogter van die ewige Vader" en „al die hemelse geeste roep onophoudelik: Gans heilig is U, o Maria, Moeder van God en Maagd" (bls. 160). En verder word in die gebed tot haar gesê: „Die glorieryke leër van die belyders noem U die tempel van die heiligste Drievuldigheid. Die hele hemelse hof eer U as Koningin. U is die Koningin van die engele, die poort van die paradys. Leer tot die glorie van die hemel, troon van God, ark van versoening en genade. Kanaal van genade, Bruid en Moeder van die ewige Koning. U is die tempel en heiligdom van die Heilige Gees, tabernakel van die allerheiligste Drievuldigheid. U is die Gebiedster van die wêreld en Koningin van die hemel, na God ons enigste hoop. U lei die regverdiges, bring terug die dwalendes, in Jesus is U aan die profete voorspel. Deur U is vervul die woord van die profete, U is die leermeesteres van die apostels en evangeliste. U sit met u Seun aan die regterhand van die Vader" (bls. 160 en 161). In 'n ander gebed weer lui dit: „O Moeder, sien neer op ons, u kinders, en verwaardig U om ons huldiging aan te neem. Ons glo en bely as getrou Katolieke: U is die altyd onbevlekte, altyd reine, altyd maagdelike, die altyd triomferende oorwinnares wat vir die slang die kop vermorsel het. Hoe helder is U, die stralende Môre-ster van ons verlossing! So wonderlik mooi en ryk aan eer en mag, so heerlik en verhewe bo alle engele en heiliges, die naaste by die troon van u goddelike Seun" (bls. 162).

Dat dit alles met die Heilige Skrif in stryd is, behoef geen betoog. Dit moet dan ook nie uit die oog verloor word nie dat die Maria-leer, net soos die leer aangaande die heiliges soos deur die Roomse Kerk bely word, nie Bybels nie maar heidens van oorsprong is. Dit is met die Heilige Skrif in teenspraak en die Protestant wat nie alleen in naam maar daadwerklik op die bodem van die Skrif staan, kan dit uit die aard van die saak nie aanvaar nie. Die stuk heidendom wat in die Roomse kerkleer opgeneem is en wat ieder gelowige lid van die Roomse Kerk moet aanvaar en bely, is onverenigbaar met die geloof in Jesus Christus soos dit in die Heilige Skrif geleer word.

Rome kan hierdie stuk heidendom egter nie meer loslaat nie en 'n hervorming in die Roomse Kerk op leerstellig gebied, soos die Reformatore vóór die dae van die Konsilie van Trente op gehoop het, is vergoed uitgesluit want, as Rome hierdie onbybelse leer-

stellings wat op Trente en later vasgestel is, sou loslaat, dan sou die Roomse Kerk hom self ophef en vernietig. Die leerstellings van die Konsilies is deur die Pous goedgekeur en daarom is dit volgens Rome as leerstellings deur die Heilige Gees geinspireer en onfeilbaar. In 1870 het die Vatikaanse Konsilie as dogma vasgestel dat, „ wanneer die Pous **ex cathedra** praat, dit wil sê, wanneer hy optree in die amp van herder en leraar van al die Christene, kragtens sy opperste apostoliese gesag en hy 'n leer in verband met die geloof en die sedes bepaal wat deur die ganse Kerk gehou moet word, hy deur die goddelike bystand wat aan hom in die geseënde Petrus beloof is, in die besit is van daardie onfeilbaarheid waarmee die goddelike Verlosser wou dat sy Kerk mee begiftig moet wees in die bepaling van 'n leer in verband met die geloof en sedes; en dat sulke bepalings van die Roomse Opperpriester uit hulle self onveranderlik **(irreformabiles)** is en nie deur die konsert van die Kerk verander kan word nie. Maar as enigiemand, wat God verhoede, waag om hierdie bepaling te weerspreek, dan moet hy uitgeban word **(anathema sit)**."

Hierdie dogma van die onfeilbaarheid van die Pous vind geen steun nog in die Heilige Skrif, nog in die oorlewering. Daar kan histories bewys word dat daar Pouse was wat in hulle hoedanigheid van herders en leraars van die ganse Christenheid, soos hulle voorgegee het, gedwaal het en ketters was, maar Rome wil nog kán dit toegee. Allerhande uitvlugte word gesoek, soos in die geval van pous Honorius I (625-638) wat in twee briewe aan Sergius, Patriarg van Konstantinopel, **ex cathedra** die Monotheletiese kettery geleer het wat deur die tweede Konsilie van Konstantinopel in 553 veroordeel was. En Honorius is in 680 op die derde Konsilie van Konstantinopel as ketter veroordeel en 'n ewige anathema is oor hom uitgespreek. Die apologete van die onfeilbaarheidsleer kom hier egter met allerhande uitvlugte om die saak reg te praat: die een beweer dat die dokumente nie eg is nie, die ander dat dit geen kettery was wat Honorius geleer het nie, en 'n derde dat Honorius nie **ex cathedra** sou gepraat het nie. Daar is baie bewyse uit die Skrif sowel as uit die geskiedenis van die Kerk wat teen hierdie leer van die sogenaamde onfeilbaarheid van die Pous aangevoer kan word, maar ons volstaan met te verwys na die boek van professor George Salmon: „ The Infallibility of the Church."

Dr. S. D. van Veen, in lewe professor in die Kerkgeskiedenis

aan die Universiteit van Utrecht, sê in verband met hierdie leerstuk die volgende: „De Roomsche kerk heeft nu ook feitelijk opgehouden een christelijke kerk te zijn; zij is geworden, thans eerst ten volle, de kerk, niet meer van Christus, maar van den paus, niet van den herder maar van den beheerscher der zielen. Zij is bovendien, door haar besluiten over de machtsvolkomenheid van den paus, een macht geworden, meer nog dan vroeger gevaarlik voor den staat, gevaarlijk voor de vrijheid, gevaarlik voor elk, die het waagt haar te weerstaan."

Hieraan sou ons kan toevoeg dat Rome nie meer onvoorwaardelik die Kerk van Christus is nie, maar dit het die Kerk van Maria geword. Die Paradysbelofte wat wys op die koms van Christus, is deur Rome verander in 'n belofte wat wys op die koms van Maria. Die woorde van Paulus „ ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie behalwe Jesus Christus, en Hom as gekruisigde," het vir Rome in die praktyk geword, „ ek het my voorgeneem om niks onder julle te weet nie behalwe die Heilige Maagd Maria, die Moeder van Jesus Christus."

S. P. E.

U, Christus, onse Heer, bekleed met majesteit,
U, eenge Seun van God, sy lof in ewigheid!
Die mensdom was in skuld en vloek voor God verlore;
U, tot ons eewge heil, is uit 'n maagd gebore.
U het die dood oorwin, gehoorsaam aan die Vader,
En só die weg gebaan dat ons tot God kan nader.

U sit in heerlikheid ter regterhand van God
En sal die vierskaar span as Regter oor ons lot —
Laat ons in alle nood u bystand nooit ontbeer nie!
U het ons duur gekoop dat sond' ons nie regeer nie.
Beskerm u erfenis; dat ons, vir ewig veilig,
Eens voor u troon mag staan, regverdig en geheilig.

FRANCOIS ALWYN SMIT
(Houthotnot)
en sy eggenote
ELIZABETH WILHELMINA VENTER



FREDERIKA ELIZABETH JACOBA SMIT
(geb. De Beer)
Moeder van FRANCOIS ALWYN SMIT

FRANCOIS ALWYN SMIT
(Houthotnot)

FRANCOIS ALWYN SMIT was 'n interessante figuur onder die Voortrekkers. Sy ouers was Burger Gottlieb Smit (geb. 25 Augustus 1794, oorl. 1866) en Fredrika Elizabeth de Beer (geb. 6 September 1795). Hulle het in die distrik Cradock gewoon, op die plaas Klaas Smitrivier. Hierdie plaas is genoem na 'n neef van hom, die groot vader van die latere generaal Nicolaas Smit, wat daar deur die Boesmans aangeval is. In daardie streke was die Boesmans destyds die groot vyande, en die blankes het 'n ellendige tyd gehad. Maar later het die toestande verbeter toe die burgers



ANDRIES FREDERIK JACOBUS SMIT
seun van Francois Alwyn Smit
vermoor op 7 Desember 1846

hulle verenig het en die gemeenskaplike vyande tot oor die Oranje-rivier verjaag het.

Francois Alwyn Smit is op 16 September 1817 op Klaas Smits-rivier gebore. Vanaf sy tiende jaar moes hy al kommando dienste verrig in die stryd teen die Boesmans, en in 1835 het hy aan die sesde Kafferoorlog deelgeneem. In 1837 het sy ouers met hulle hele gesin die Kaapkolonie saam met die Voortrekkers verlaat. Hy het nogeers in dieselfde jaar, op 16 April 1837 op Cradock in die huwelik getree met Elizabeth Wilhelmina Venter, gebore op 7 Februarie 1822, 'n dogter van Marcus Albertus Venter (gebore 23 September 1783) en Johanna Adriana Botha (gebore 17 Augustus 1789). Hy het hom later in Transvaal gevestig, op die plaas Schurveberg ten weste van Pretoria. Aan die meeste Kafferoorloë het hy deelgeneem, en na die oorlog teen Secheel in 1852 is hy

hoof van die kanonne aangestel, met die opdrag om dit by hom op die plaas te bewaar.

In Oktober 1854 het naby Makapaanspoort die verskriklike moord op 'n aantal blankes plaasgevind. Onder die vermoordes was ook Marcus Albertus Venter, die skoonvader van Francois Alwyn Smit, en sy swaer Willem Venter. Die gevolg hiervan was die uitbreek van die oorlog teen Makapaan. Francois Alwyn Smit was die kanonier.

Op 27 Junie 1865 is sy seun Andries Frederik Jacobus gebore 7 Desember 1846 saam met die familie Pretorius tussen die Drakensberge en Harrismith vermoor. Die geskiedenis van hierdie moord is in die Almanak van 1928 bls. 192 - 203 beskryf.

Hy het in 1899 herinneringe opgeskryf, waarvan ons die volgende hier opneem :-

„ Ik heb aan vele schiettochten deelgenomen en menig plek van Zuid Afrika dientengevolge gezien. O.a. was ik met een schiettocht tot aan Gasaland (in Matabeleland) en Portugeesche grenzen. Behalwe de gevaren van de oorlog, het ik menige gevaarlyke ontmoeting gehad op de jacht en dikwijls dorst en honger geleden. Doch door de Alvoorzienigheid heb ik bij al mijn ondervindingen steeds geluk gehad, en scheen het soms, dat een onvermijdelijke dood een zekerheid was, dan redde een of ander mij steeds daaruit. Zoo had ik op zekeren dag een ontmoeting met een leeuw, die, had ik niet het groote geluk gehad hem in zijn laasten sprong doodelijk te treffen, mij zeker een gewissen dood had doen ondergaan. Ik wil hier geen gewagmaken van de vele ontkomingen aan buffel en olifant, doch wensch toch nog het volgende voorval te vermelden. Bij mijn laatste schiettocht stietten mijn schoonzoon, J. v .d. Walt, en ik op een klompje leeuwen. Wij schoten er drie dood, maar waren toen geheelomringd van het ongedierte, hetwelk steeds gereed stond tot springen. Een wissen dood scheen zeker. Mijn schoonzoon vroeg mij toen hoe uit deze netelige toestand te geraken. Een gelukkige gedachte viel mij toen in. Wij gingen met de ruggen tegen elkander staan en door aanhoudend kleine bewegingen te maken om uit den kring te geraken, gelukte dit ons eindelijk. Een mannetjie vervolgde ons steeds en elk oogenblik verwachtte ik zijn sprong. Weder viel mijn iets in, en door mijn hoed in den mond te nemen en die te laten waaien, maakte ik hem bang. Hij liet ons toen verder ongemoeid.

Nadat ik tien jaren lang commandant over de kannonen was, bedankte ik daarvoor en werd in mijn plaats aangesteld M. Viljoen. Op zijn verzoek beloofde ik hom een zeker kanon, bijgenoemd „Grietje," te repareeren. Hij bracht mij een oude wagenband. Om de assen te maken had ik eenig hout noodig. Op mijn plaats bevond zich een groote boom, en bij het vellen daarvan viel deze op mijn hand, die toevallig op een klip rustte. Ik was gedwongen meer dan een uur te wachten voordat hulp kwam opdagen. Toen men het blok wilde verwijderen, kantelde het om, mij twee vingers afscheurende. Mijn helper kon de hand niet verbinden en viel flauw bij het afsnijden der vingers. Ik was genoodzaakt dit zelf te doen. Na dit ongeval, dat den 28 Maart 1865 gebeurde, ben ik nog op verscheidene commando's geweest. Ik was een tijd lang arm en kapte toen jukken hout om er eenige winst mede te behalen. Ik kwam toen eens langs Hans Prinsloo en deze was er steeds op uit personen bijnamen te geven. Hij zog mij bij 't werk en verwonderde zich over een blok, dien ik op een wagen had geladen en hem te zwaar scheen daarop te laden zonder hulp van anderen. In zijn bewondering hierover gaf hij mij den bijnaem van ,Hout Hottentot.'

Nog wensch ik te vermelden dat ik diaken ben geweest der Hervormde Kerk van 1863 tot 1865 bij Ds. Begemann, en tot mijn dood toe lid wensch te blijven van dit kerkgenootschap."

Sy vrou is op 14 Mei 1898 oorlede, en hy op 9 Januarie 1906. Hulle lê langsmekaar begrawe op die ou plaas Schurveberg, naby die ou aanleg waarmee hy die plaas aangelê het. En so rus hulle van hul arbeid.

S. P. E.

PREDIKANTE-NOOD

Daar was nog nooit in die geskiedenis van ons Kerk 'n oorvloed van predikante nie. In die depressie-jare moes proponente 'n tydjie wag op beroepe, maar ekonomiese toestande was hiervan die oorsaak en geensins omdat die Kerk hulle nie kon gebruik nie. In die Kerk was daar en is daar nog altyd 'n predikante-nood. En hierdie nood word altyd groter. Hierdie nood sal nog lank voortduur. Nee, ons wat weet in Wie ons glo, glo dat daar 'n tekort aan predikante sal wees, solank hierdie bedeling duur.

Daar word gedurig sataniese pogings aangewend om die bestaan van die Kerk te ondermyn. Die satan is begerig om die gelowiges soos die koring te sif. Die anti-chris maak in allerlei gedaantes sy verskyning. Die anti-chris het die gedaante van die kommunisme aangeneem en in hierdie duiwelse leer is daar geen plek vir die Christelike Kerk nie. Die kommunisme het vordering gemaak. Met sy ondermynende bedrywighede word blykbaar veld gewin. Hierdie pes wat in die donker wandel, eis alhoemeer slagoffers. Maar geen nood. Die Christendom is die bolwerk waarteen hierdie aanrollende heidendom hom te pletter sal loop. Christus self het gesê, dat selfs die poorte van die hel sy gemeente nie sal oorweldig nie. Daarom gaan ons hoopvol en blymoedig die onsekere en gevaarlike toekoms tegemoet. Ons klem ons deur die geloof aan God vas as siende die Onsienlike. Ons Verlosser se naam is: Immanuel—God vir ons—God met ons. En wie sal dan teen ons wees? Ons moet sterk staan in die geloof. Die geloof word nie beskaam nie. Ges. 153 vers 1. Ons moet die Here dien met blydskap, met ywer en toewyding, deur te staan in die diens van sy Kerk. Ons moet werk solang dit dag is, die nag kom waarin niemand kan werk nie.

As ons terugkyk in die verlede dan moet ons ons skaam dat ons dikwels so kleingelowig was en nog is. Deur die geskiedenis van ons Kerk word ons kleingeloof beskaam.

Die Ned. Hervormde Kerk is deur God wonderlik geseën. Sy vinger kan in die geskiedenis duidelik gesien word. Die pad van hierdie Kerk is 'n worstelweg. Hoe is die Voortrekkers, die burgers en stigters van die Hervormde Kerk, noord van die Oranje-rivier nie verwaarloos nie? Die Kaapse Kerk, sowel as predikante, het onsimpatiek teenoor die Voortrekkers gestaan. Die Noorde was vir

